# Die Uitdaging

# van die

# Christelike Teologie

## en meer …

Deur Sendeling

Ewald Frank

Kopiereg voorbehou deur:
E. Frank
Freie Volksmission
Posbus 100707
47707 Krefeld
Germany

e-Pos: volksmission@gmx.de
http:/www.freie-volksmission.de

*******

Eerste Uitgawe: 20,000 (Duits)
Desember 1998

## INHOUD


Voorwoord ........ 7

Inleiding ........ 9

Alles net Toeval? ........ 11

Die Tyd is Naby ........ 13

Die Enigste Geldige Rigsnoer ........ 17

Die Ou Geskil ........ 18

Is dit vanselfsprekend? ........ 20

Die Getuienis van Historici ........ 24

Geskiedenis Bevestig dit ........ 28

God se Bekentenis ........ 31

Hoe God Homself openbaar ........ 34

In die Hemel en op Aarde ........ 37

Die Here besoek Sy profeet ........ 38

Die "*Ek is*" ........ 43

Was die Seun in die Hemel gebore? ........ 48

Gees en Waarheid ........ 52

Heeltemal Eienaardig ........ 57

Eerbied vir die Groot Verborgenheid ........ 59

Almal verdedig hul eie Leringe ........ 60

Die Rots ........ 63

Die Doopbevel ........ 66

Jy mag geen ander gode hê nie … ........ 74

MARIOLOGIE ........................................................................ 82
WIE GLO SOOS DIE SKRIF SÊ? ........................................................ 91
'N ONGELOOFLIKE TRAGEDIE ........................................................ 93
DIE EINDTYD ........................................................................ 95
'N UITDAGING AAN ALMAL ........................................................ 100
NIEMAND KAN JESUS CHRISTUS OMSEIL NIE ........................................ 103
'N NUWE SKEPPING ................................................................ 106
IN DIE SEUN HET ONS SEUNS ........................................................ 108
EN DOGTERS VAN GOD GEWORD ........................................................ 108
DIE TWEE BEGININGE ................................................................ 109
DIE VERLOOP VAN DIE KERKGESKIEDENIS ............................................ 111
GEEN MENSLIKE INVLOED ............................................................ 119
SLOTSOM ........................................................................ 123
AANHEGSELS (VANAF BLADSY ...) .................................................... 125



Laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel! Ook in ons lewens!

Eerw. E. Frank tydens sy optrede op nasionale televisie in Julie, 1997, in die historiese stad Praag, in Tsjeggo-Slowakye.

## VOORWOORD

Met die publikasie van hierdie boekie wend ek my op eenvoudige wyse tot die menselike welwillendheid. Ons sal die gebruik van groot woorde doelbewus probeer vermy, so ver as wat dit moontlik is. Die ware krag van oortuiging lê nie in goeie taalgebruik nie, maar in die skeppingskrag van God se Woord. Soos in die begin van die skepping, toe God gespreek en geskep het, gaan dit ook nou om die kreatiewe, die mensdom-bevrydende Woord en om "die skeiding van die lig vanaf duisternis". By nadere ondersoek, moet daarop gelet word dat, ten spyte van optredes tot die oënskynlike teendeel, "geestelike duisternis die aarde en die nasies bedek", op godsdienstige gebied. Slegs wanneer God self deur Sy Almagswoord in ons lewens kan sê: "Laat daar lig wees", sal daar lig wees. Hy handel altyd op dieselfde manier. Eers nadat Hy die lig daargestel het en dit vanaf die duisternis geskei het, het Hy voortgegaan met Sy skeppingswerk. So is dit met die geestelike skepping, waarin die HERE self as "die Lig" kom om elkeen in hierdie donker wêreld te verlig (Joh. 1). Die tyd het aangebreek vir God se Almagswoord om gehoor te word en dat die waarheid geskei word van die dwaling, want God bring nou Sy Verlossingsplan tot voleinding.

Hierdie inhoud word in die besonder ook gerig aan al die teologiese onderrig-instansies; dit is daar waar die groot verantwoordelikheid is vir die geestelike opleiding van die mensdom. Almal vertrou in die eerste plek op die geleerdes en gesaghebbendes. Dit is geensins die bedoelling om die hoog-geagte leerstellings en gebruike van enige genootskap te verneder nie. As enigiets egter ontstaan wat teenstrydig met die woord van God blyk te wees, kan jy nie die menslike instelling bo die God-gegewe stel nie. Maar dit word gedoen met die nodige respek vir die waardigheid van elke mens, wat onaantasbaar is, so ook dit wat iemand glo. Die waardigheid van God is nieteenstaande verhewe bo menswaardigheid, en Sy Woord neem voorrang bo enige menslike woorde.

As ‘n 1933 geborene, kan ek op 'n ryke ondervindingsskat terugkyk. Sedert my aanstelling in die bediening op 2 April, 1962, het ek in meer as 130 lande onderrig gegee en seminare gehou, insluitend op televisie en groot getalle mense toegespreek. Vir 10 jaar het ek elke Sondag ‘n twintig minute uitsending gehad op Radio Luxemburg. Ek het op die talle vlugte binnelands en buitelands, regoor die wêreld, die geleentheid gehad om bekende persoonlikhede uit verskillende velde – godsdiens, ekonomie, politiek – te leerken. Deur my omvangryke reise het ek 'eerstehandse' insig van die wêreld se grootste godsdienste.

Ek het ook die geleentheid waargeneem om die internasionale kerkgeskiedenis te bestudeer vanuit die perspektief van verskillende gelowe en denominasies. Ek is daarvan oortuig dat elke persoon die reg het om te glo volgens hul wêreldaanskouing. Die oortuiging van geloof is 'n persoonlike saak, en niemand moet dit op 'n ander afdwing nie.

My taak is om *die weg* aan te dui wat in die "Boek van boeke" aangewys word. Natuurlik is dit vir elkeen om dit self te vind en te volg. Omdat ek nie verbind is aan enige denominasie nie, kan ek die bybelse leringe vrymoediglik aanbied. Dit is om almal te oortuig van die korrektheid daarvan, aan die hand van "die oorspronklike". In die koninkryk van God word geen dwang uitgeoefen nie, ook nie met leerstellinge nie. Goddelike invloed werk net in diegene wat daarvoor oopmaak.

Hierdie daarlegging sal deur sommige aanvaar word en ander sal dit verwerp. Dis iets waarmee elkeen moet saamleef wat in die publiek optree. Maar ek wil net my opdrag pligsgetrou uitvoer en die res aan God laat wat in staat is om alles in almal te kan vermag.

Dit is noemenswaardig dat daar by God eintlik net *een* korrekte antwoord is en net *een* moontlikheid! By die mens is daar baie antwoorde en baie moontlikhede. Watter een daarvan is reg? Ek het besluit om my te bepaal by wat God alleen antwoord en vra daarom, dat dit nie teen my gehou word nie.

## INLEIDING

Oor die algemeen heers daar spanning op die aarde, wat in toenemende mate groter word soos ons die millennium nader. Mense wonder wat die volgende millennium vir ons inhou. Hul verwagtinge vir die toekoms is natuurlik heeltemal verskillend. Die meerderheid van die kenners versprei optimisme daaroor, vertrou dat alles goed sal gaan en dat ons, net soos voorheen, in staat is om die groot probleme op aarde te bemeester. Maar by ander heers daar vandag ‘n ‘doomsday’ stemming, weens hul radeloosheid. Sosiale onreg, werkloosheid, drasties-stygende misdaad, dwelmmisbruik, siektes wat voorheen ongehoord was, natuurrampe van verskillende soorte, waaraan ons hulpeloos blootgestel is, onrus en die gedurig-veranderende krisisse maak baie vreesbevange. Alles is onverbiddelik verander, insluitend die omgewing en selfs die klimaat. Baie verstaan die wêreld nie meer nie. Baie sien in al hierdie angswekkende dinge 'n "waarskuwingsteken" – 'n handskrif aan die muur, wat natuurlik iets aankondig wat bybelkenners mee vertroud is. Dit vereis egter dat die handskrif, soos met Daniel destyds, behoorlik gelees en verstaan moet word, en as 'n waarskuwingsboodskap gegee moet word om ons in staat te stel om 'n uitweg aan die mense uit te wys. **Dit moet die boodskap van hierdie uur wees, gegrond op die voorspellings van God se Woord vir ons tyd**.

Sedert die tyd van die verligting, toe dit bekend geword het dat gruweldade in die naam van toegewyde Christelike godsdiens gepleeg was, het baie die inherente geloof in God verloor. Geloof in die wetenskap het sedertdien toegeneem. Die skepping, wat die mens kan sien, kan hulle nie ontken nie, daarom word die Skepper in ‘n innerlike rebellie ontken, wie ongelukkig nie gesien kan word nie (Rom. 1: 18-23). Hoewel die natuur praat van al die werke van die Meester en Hom tot roem strek, probeer die mens om die Skepper van die majestieuse werk van die skepping te skei. In ons tyd is daar ‘n groeiende ongeloof, waarvoor teoloë nie die minste ook verantwoordelik is, in dat hulle, in plaas van hul geregverdigde kritiek teen die "kerklike" instellings te wend, word selfs God en God se Woord in geestelike "kortsigtigheid"

daarby ingesluit. So maak hulle vir hulself in die breë publiek ‘n naam, en slaag terselfdertyd daarin om die Woord van God as onbetroubaar daar te stel en die HERE van die heerlikheid tot bespotting te maak. Die mens het deur al die uitvindings en prestasies vir homself geen perke meer gestel nie, veral sedert die ruimtevaart era, en mik selfs al hoe meer na die middelpunt van die heelal. Veral jong mense wat kwesbaar is vir twyfel, wat op elke denkbare manier versprei word, is dikwels teleurgesteld met oorwinningsgeloof. Daar is nie eens 'n paar wat vra oor die ware betekenis van die lewe, of op soek is na innerlike tevredenheid en die oplossing van hul dwelm probleme, oor ander godsdienste, ens., nie.

Onder die slagspreuke "globalisering", "wêreld- en volkere eenheid", "multi-kulturele gemeenskap", het die skeidslyne tussen godsdienste en ideologieë vervaag – dit wat hulle in gemeen het word uitgelig en beklemtoon, in ooreenstemming met die tendens van die tye. Die gees van versoening is oral werksaam; ongelukkig nie versoening met God en Sy Woord nie, maar eerder, los daarvan, ‘n versoening onder die verskillende denominasies en gelowe. Terselfdertyd word die verlange na waarheid – wat maar net aanwesig is om die gewete te streel – onderdruk en is hulle tevrede met enige godsdienstige of sekulêre plaasvervanger. Elkeen glo wat hy wil, of nie wil nie. In 1994 het die Verenigde Nasies by hul hoofkwartier in New York 'n "Godsdiens Kommissie" in die lewe geroep, om hul deel by te dra tot die instandkoming van ‘n "nuwe wêreldorde". Onder andere, word 'n eenvormige manier van aanbidding vir die hele wêreld beoog. "New Age" is in!

## ALLES NET TOEVAL?

Die geskiedenis van die mensdom, en die godsdiens-geskiedenis wat hand-aan-hand daarmee saamloop, is baie onstuimig en bloedig. In ons tyd, was daar die Eerste en die Tweede Wêreldoorlog. Daar was die wrede Holocaust, die skeuring tussen Oos en Wes. Daar was 'n "Hiroshima" en 'n "Nagasaki" en nog baie meer. Die twee "supermoondhede" verdeel die wêreld sedert 1945. Die "Koue Oorlog", wat in Augustus 1961 sy hoogtepunt in Europa bereik het met die die bou van die skeidsmuur in Berlyn, is nog steeds baie lewendig in mense-heugenis. Te danke aan die inisiatief van Willy Brandt in die laat sestigerjare het die gewenste "détente" fase – bekend as "Ostpolitik" – uiteindelik aangebreek. Met nog 'n mylpaal in hierdie proses, die historiese besoek van die Poolse pous aan Pole in 1979, het die val van kommunisme begin. Met die 750ste verjaarsdag van Berlyn in 1987, het die Amerikaanse president Ronald Reagan die verdeelde stad in Junie besoek en met ‘n uitsig op die toegemesselde Brandenburg Poort, hierdie historiese woorde aan die destydse Sowjet-Kommunistiese Party-leier Michail Gorbatchov gerig:

> **"Meneer, die Sekretaris-generaal, as jy vrede soek, as jy die welstand van die Sowjet-Unie en Oos-Europa soek, as jy 'n bevryding wil hê, kom dan hier na hierdie poort toe! Meneer Gorbatsjof, maak hierdie poort oop! Meneer Gorbatsjof, breek hierdie muur af!"**

In November 1989, het die finale deurbraak uiteindelik gekom: die twee Duitse state is ná dekades weer verenig. Die verdeling van Europa was – God sy dank! – vreedsaam tebowe gekom. "Versoening" is die slagwoord van ons tyd, asook die slagspreuk: "Wat saam behoort, groei nou uiteindelik saam". Die eenwording van Duitsland was die voorvereiste vir die eenwording van Europa. Soos so dikwels voorheen, moes die landkaarte weer oorgeteken word. Die tyd het aangebreek dat die Euro die ooreen-stemmende nasionale geldeenhede moes vervang.

Die hele wêreld is aan die verander en sal, soos aangekondig in bybelprofesieë, ‘n eind-tyd gestalte aanneem. Niemand kan die voorafbepaalde loop van die geskiedenis stop nie. Die bedrywighede is "tekens van die tye" om die mens se aandag te trek tot waaksaamheid.

So dan ontstaan, na die beeld van die historiese Romeinse Ryk, die bybels-voorspelde nr. 1 wêreldmag, in die vorm van die "Europese Unie" met hul tans meer as 370 miljoen inwoners. Duitsland, as een van die sewe leidende "koppe", was gewond en het weer herstel soos dit ook simbolies aangedui word in Openbaring 13 (eerste gedeelte) en is ook die dryfkrag daarvan. Die Verenigde State van Amerika, met sy 266 miljoen inwoners, moes nou ook gewoond raak aan die feit dat dit nie die enigste oorblywende supermoondheid is wat in staat is om die rol van die wêreld polisieman te speel nie, maar supermoondheid nr. 2, soos ook simbolies uitgedruk word in Openbaring 13 (tweede gedeelte). Politieke mag is reeds wêreldwyd in die VN – die "Verenigde Nasies" – onder een dak gekonsentreer. Dan is daar natuurlik nou ook 'n nasionale en internasionale konsentrasie van ekonomiese mag op alle vlakke. Banke, versekerings-, motor- en staal maatskappye – al die heel grootste besighede snoer kragte saam. Net so ook verenig die godsdienstige magte in die "ekumene", onder die oorheersing van Rome, waar die eintlike verenigde wêreld-mag gehuisves word. Geskied al hierdie dinge maar net toevallig op dieselfde tyd of loop dit in werklikheid na 'n hoogtepunt, naamlik 'n "wêreld-regering" wat voorspel is vir die laaste fase van die huidige menslike geskiedenis?

Dit is 'n wêreldwye beweging, ingesluit volkere en godsdienste, politiek en die sake wêreld, op alle gebiede is eenwording aan die gang, om aan die mensdom vrede en voorspoed te verseker. Tog, ten spyte van alle verdrae en ooreenkomste, sal ‘n skielike verderf aanbreek en ondergang bring, soos aangekondig in die Heilige Skrif: *"… wanneer hulle sê:* ***Vrede en veiligheid*** *– dan oorval ‘n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie"* (1Thes. 5: 1-3, ens.).

Wanneer hierdie verenigings- en vredesprosesse, wat hier in die eind-fase hoofsaaklik fokus op Israel en die Midde-Ooste, sy hoogtepunt bereik, verenig die wêreld gemeenskap teen Israel en die twisappel, **Jerusalem**, wat ‘n swaar klip geword het (Sag. 12:3) – so was dit aangekondig meer as twee-duisend-vyfhonderd jaar gelede. Wat voorspel was, word nou vervul; selfs al offer Israel "grond vir vrede", kan ook die gebede van miljoene dit nie verhoed nie.

## DIE TYD IS NABY

> *'n Mens moet dit waag, selfs al bevind hy homself in kritiek en moet bybels wys na die tyd waarin ons nou lewe.*

Die oueres onder ons kan die woorde wat voorheen dikwels gesê was onthou: "'n Duisend jaar of nie 'n duisend jaar nie". Daar is inderdaad baie besondere verwagtinge vir hierdie nuwe millennium! Sommige mense glo in die sg. "profesieë" van die astroloog Nostradamus, min wetend dat hy sy voorspellings vir die nuwe millennium, deels geneem het uit wat die Gees van God reeds sieners mee geïnspireer het en wat vir ons in die "Boek van boeke" nagelaat is.

Die tydsverloop is net soos in ons illustrasie aangedui word. Sedert Adam het sowat ses duisend jaar verby gegaan; by die HERE is dit – om in profetiese taal te praat – ses dae, want daar is geskrywe dat: *"... een dag by die HERE soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag"* (2Petr. 3:8). Die HERE God het aan Adam gesê: *"... die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe"*. En dit was so – hy sterf op 930 jaar. Die sewende millennium, wat voor ons lê, word dikwels in die Bybel genoem "die laaste dag" van die heilsgeskiedkundige tydsbestek. In die Ou en Nuwe Testament word dit herhaaldelik genoem en in Johannes 6 alleen, byvoorbeeld, verskyn dit vier keer. Aan die begin van hierdie "laaste dag" is die "eerste opstanding" en aan die einde daarvan, vind die "laaste opstanding" plaas (Openb. 20). Tussen die twee verloop daar 'n duisend jaar, die sewende dag —

die "dag van die HERE" (Jes. 13: 6-13; Sef. 1:14; Mal. 4:5; 1Thess. 5:2; 2Petr. 3:10 en nog vele meer) en word in Openbaring 20 as die duisendjarige Vrederyk van Christus beskrywe. Of ons dit glo of nie, wanneer die tyd vervul is, voer God Sy plan deur en voleindig Sy raadbesluite. *"... want Hy volbring 'n saak en verkort dit in geregtigheid, omdat die HERE 'n saak wat verkort is, op die aarde sal doen"* (Rom. 9:28).

Maar die feit bly staan dat niemand die *"tyd en uur"* van sekere gebeure weet nie; ons kan en mag wel kyk na die bybelse *"tekens van die tye"* wat ons heenwys daarop. Van die volk Israel staan byvoorbeeld geskryf dat hulle onder al die nasies gestrooid (Deut. 4: 27-29; 28: 64-68; Luk. 21: 20-24, ens.) en aan die *"einde van die dae"* weer versamel sal word. Op ander plekke sê dit dat God Sy volk weer sal kies (Jes. 11: 11-12), en in hul tuisland tot rus sal bring (Jes. 14:1). *"Hoor die woord van die HERE, o nasies, en verkondig in die kuslande wat vêr is, en sê: Hy wat Israel verstrooi het, sal hom vergader en hom bewaak soos 'n herder sy kudde"* (Jer. 31:10). ***"En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring"*** (Esé. 36:24). Die profeet Hosea het die terugkeer van die volk van Israel voorspel. Hy het selfs die tyd van hul verspreiding aangekondig, *"Kom, laat ons teruggaan tot die HERE! Want Hy het verskeur en sal ons genees; Hy het geslaan en sal ons verbind; Hy sal ons* ***ná twee dae*** *lewend maak, op die derde dag ons laat opstaan, sodat ons* ***voor Sy aangesig kan lewe****"* (Hos. 6: 1-2).

Die **twee profetiese dae** is die **tweeduisend jaar** agter ons, waarin die volk Israel verstrooid was. Nou het hulle teruggekeer van meer as 140 lande af, na hul oorspronklike tuisland. Sedert 1948 is daar weer 'n staat van Israel. Dit is die vervulling van profesie wat voor ons oë afspeel en wat ons meelewe as getuies! Maar eers op **die derde dag** na hul verstrooiing, so lees ons, naamlik, met die aanbreek van die millennium, wanneer die Gemeente uit die nasies (Hand. 15: 13-18) hul volheid bereik het (Rom. 11: 25-36) en weggeraap word (1Thess. 4: 13-17), sal Israel lewe uit God het, deur die geloof in die Messias. *"Want as*

*hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aanneming anders wees as **lewe uit die dode**?"* (Rom. 11:15).

'n Bekende man van God het indrukwekkend gesê: "Wie die tyd van die dag wil weet, kyk na die horlosie. Wie wil weet watter dag van die week dit is, kyk na die kalender. Wie wil weet hoe ver die tyd gevorder het, kyk na Israel".

Israel het ‘n **goddelike reg** tot die land, wat die ewige God aan Abraham belowe en gegee het as 'n **erfenis**, en alle ander wat daarin woon het **residensiële regte**. Jerusalem was nooit die hoofstad van enige ander nasie nie. Mohammed noem dit nie 'n enkele keer in die 114 suras van die Koran nie. In Openbaring 16 vanaf vers 12, word ons vertel van die verderf wat die "Armagéddon" vuurpoel gaan bring. Die oordeels-engele is tot die uur en dag, maand en jaar gebind by die **Eufraat**: *"Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat! Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, **om 'n derde van die mense dood te maak**"* (Openb. 9: 14b-15).

Sodra die uur aanbreek, naamlik *"... daardie groot dag van die Almagtige God"* soos wat dit sê in die teks, sal 'n derde van die mensdom vergaan. Die Eufraat vloei deur Sirië en Irak, waar die grootste vyande van Israel is. Dit sal nie net tenks en missiele meer wees nie, maar ook chemiese en biologiese wapens wat gebruik sal word. Die profeet Sagaria het sy aanskoue beskryf, hoe die beplande vernietiging van die volk Israel skielik teen sy vyande sal draai: *"En dit sal die plaag wees waarmee die HERE al die volke sal tref wat opgetrek het om teen Jerusalem te veg: **Hy sal hulle vlees laat wegteer, terwyl hulle nog op hul voete staan; en hulle oë sal wegteer in hulle holtes, en hulle tong wegteer in hulle mond**"* (Sag. 14:12). ***"En in dié dag maak Ek Jerusalem tot 'n baie swaar klip vir al die volke ..."*** (Sag. 12:3).

Hierdie en baie ander skrifte en voorspellings sal vervul word. Voordat die swaarde aan die einde in pikke gesmee word (Jes. 2: 1-5 en Mig. 4: 1-5), word daar ongelukkig eers nog *“pikke in swaarde en snoeimesse in spiese"* gesmee, vir die beslissende slag

(Joel 3: 9-17, onder andere). Die Oslo-, Dayton-, Wye- en ander ooreenkomste sal dit nie verhinder nie.

‘n Hele aantal bybel-tekste kan gelys word om hierdie tema, wat ‘n werklikheid is, duidelik te maak. Maar dit is nie waaroor dit in hierdie uiteensetting gaan nie. Dit en ander bybelse temas het ek reeds in detail bespreek in ander publikasies. Daar is geen twyfel daaraan dat die genade tydperk die einde nader; dat die aftelling reeds aan die gang is, en dat die HERE nie Sy belofte vertraag – soos sommige dit ag – nie, maar eerder net wag, naamlik, totdat die laastes gered is (2Pet. 3:9). Die aankondiging van die opgestane en hemelwaarts-gekeerde HERE, *"Kyk, Ek kom gou",* is ‘n werklikheid.

Terwyl ons onsself nou voor die mees gewigtige keerpunt in die geskiedenis van die mensdom bevind, moet die bybels-gegronde waarheid weer gewys word in sy oorspronklikheid. Die Christendom het baie vroeg uit die oorspronklike christelik-apostoliese lering vertrek, die smal pad verlaat en lewe in tradisies eerder as in die Woord en wil van God, sonder om bewus te wees daarvan. Ook Jode en Moslems, sowel as alle mense van ander godsdienste het 'n reg daarop om die goddelike oorspronklike waarheid te ken en om die ewig-geldige Evangelie te hoor.

Dit is opsigtelik dat met die bedrywighede in die finale stadium van hierdie eeu, die eskatologiese gebeure van bybelprofesie begin. Die kenners van die profetiese Woord, waarin die verloop van die mens se geskiedenis voorspel is, vanaf die begin tot die einde, sien in die huidige ontwikkeling die vervulling van dit wat aangekondig was vir hierdie laaste tydvak. Die bybelse "Eindtyd-Boodskap" produseer nugter-blywende, paniek-vrye, gelowige mense wat 'n normale lewe lei, maar wie terselfdertyd innerlik voorberei vir die wederkoms van Christus. Hulle hou hulle nie besig met die apokaliptiese katastrofe-praaitjies nie, en dreig ook nie ander met "Doomsday" teorieë nie, maar maak hulself gereed om soos 'n versierde Bruid haar Bruidegom tegemoet te gaan.

## DIE ENIGSTE GELDIGE RIGSNOER

> ***As U woord nie meer geldig is nie, waarop sal my geloof rus? Vir my gaan dit nie oor 'n duisend wêrelde nie, maar om U woord ten beste te hou.*** *(Graf N. von Zinzendorf)*

In hierdie daarstelling, is dit in die eerste plek ons mikpunt **om die bybelse leringe te vergelyk met kerklike teologie**. Miskien beskou sommige mense dit as ongevoelig wanneer die waarheid kaalvuis vertel word, maar dit móét, want net die erkende waarheid van God se Woord maak ons vry van al die menslike foute (Joh. 8:32). Slegs dan kan lig vanaf duisternis geskei word.

Soos bekend is, het elke denominasie sy eie wette waarin hul geloofsleringe vasgestel is. Maar al die leringe van die nuwe-testamentiese Gemeente het ons reeds vanaf die apostels verkry, aan wie die HERE self opdrag gegee het om dit te doen. Dit bevat al die belangrike **bybelse** maatstawwe, soos die apostel Jakobus in die byeenkoms van die verantwoordelike broeders in Jerusalem gesê het: ***"En hiermee stem die woorde van die profete ooreen"*** (Hand. 15:15). Slegs indien dit bewysbaar is, kan dit gesê word: **"Want die Heilige Gees en ons het besluit ..."** (vers 28).

**Wanneer die Woord van die profete en die leringe van die apostels verdraai of geïgnoreer word, is dit menslike besluite wat gedoen word onder die invloed van die antichris gees, verwyder van die oorspronklike waarhede wat deur die Heilige Gees geopenbaar word.** Die ware Gemeente van God ken net een fondament, dié van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die Hoeksteen is (1Kor. 3: 10-15; Efé. 2:19-22; o.a.). Sy bly vir ewig daarop gestig en dus in die Woorde van die Skrif volgens die vroeë Christelike voorbeeld: *"En hulle het volhard in die **leer van die apostels** en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede"* (Hand. 2:42).

Die apostel Paulus het reeds toe al gewaarsku dat manne selfs vanuit hul eie geledere sou opstaan met verkeerde leringe (Hand. 20:30). Hy het daarop gewys dat daar in werklikheid selfs toe al 'n ander Jesus en 'n ander evangelie verkondig was, en 'n ander soort gees in werking was (2Kor. 11:4). Die afwykende rigtings – hoewel vroom en "Christelik" – het baie vroeg al ingesluip (Gal. 1: 6-10). Hy het beklemtoon dat die verkondiging van die boodskap van verlossing wat aan hom toevertrou was, nie volgens menseguns was, soos dit nou afwykend toegepas word nie. Die Evangelie is aan hom gegee deur 'n direkte openbaring van Jesus Christus (Gal. 1: 11-12), wat andere in 'n menslike wetenskap verander het waarvan nie getuig van kon word nie ook nooit sal kan word nie. Deur dit te vergelyk met die Skrif, sal die verskil tussen die ware, ewige Evangelie van Jesus Christus en die gewysigde menslike "evangelie" duidelik wees.

## DIE OU GESKIL

*Die godheid was nog altyd 'n uitdaging vir teoloë. Hoekom God in dispuut is, kan regtig nie maklik verstaan word nie; en waarom so baie menings oor Hom bestaan, is totaal en al onbegryplik.*

Die lering oor God is in alle denominasies so belangrik dat dit meestal as die eerste artikel van hul geloofswette verskyn. Maar keer op keer ontvlam 'n skerp onvergelykbare dispuut daaroor, of daar ‘n enige, unieke God, 'n twee-persoon of 'n drie-enige God van drie afsonderlik-bestaande, ewig-goddelike persone is. In die Christendom bestaan daar in werklikheid, 'n wye verskeidenheid van idees wat nie bewus is van hierdie, en selfs verskillende weergawes buiten dit. En almal is oortuig van die ‘korrektheid’ van hul eie siening. Ons wil hierdie tema **vanuit die bybelse standpunt** benader; want **net wat die Skrif werklik van getuig**, is van toepassing. Wat die Skrif nie uitdruklik leer nie, is interpretasies, en geen waarheid nie.

Met God het alles begin, en die Bybel is werklik die enigste boek op aarde waarin getuig word hoe die **Ewige** Homself bekend gemaak het uit die staanspoor. Dit maak die Bybel die enigste bindende Absoluut, die maatstaf van alle dinge wat verband hou met God en dit wat kom van Hom af. Die Heilige Skrif, die Ou en Nuwe Testament saam, is 'n goddelike nalatenskap; niemand durf enigiets daarby voeg nie. Die getuienis van God is daarin volstandig en voltooi. Dit begin met die Skepper en die verhaal van die skepping, insluitend die verloop van die geskiedenis van die mensdoms en die heilsgeskiedenis en eindig na die "Laaste Oordeel" in die nuwe hemel en die nuwe aarde (Jes. 65:17; 2Pet. 3:13; Openb. 21:1). Die individuele epogge tydens die tydsbestek van die Ou en Nuwe Testament toon duidelik hul betekenis en doel. Daarin word ook vertel waar die mens vandaan kom en waarheen hy gaan.

Oor God en God se Woord is ontelbare volumes al geskryf en word nog steeds geskryf, in al die tale van die wêreld. Die "Christologiese" botsings – die sogenaamde "Arian dispute" uit die 4de eeu – is welbekend by kenners van kerkgeskiedenis. Mense het probeer om die ondeurgrondelike te peil. Hulle het probeer om die onverklaarbare te verduidelik. Die mens het, soos gelees kan word in die kerkgeskiedenis, filosofies-aanneembare begrippe oor die openbaring van God in Christus ontwikkel, wat die eintlike "steen van aanstoot" en "rots van struikeling" is (Ps. 118:22; Jes. 28:16; Matt. 21: 42-44; 1Pet. 2: 6-8; ens), waaruit die sogenaamde teologie onwikkel het. Dit is nog steeds 'n deel van die argumente en interpretasies, **maar nie van die oorspronklik geopenbaarde waarheid en geloof nie**.

Soos aangekondig in die Ou Testament, is hierdie steen verwerp deur die godsdienstige bouers. Hulle het nie geweet waar Hy inpas nie. In hulle bouery het Hy nie ingepas, tot vandag toe nie. Wat onse HERE dan simbolies uitgedruk het, is steeds van toepassing: *"Die steen wat die bouers verwerp het, dit het ‘n hoeksteen geword; Elkeen wat op dié steen val, sal verpletter word"* (Luk. 20: 17-18). Petrus het aan die Sanhedrin dieselfde geskrifte gegee (Jes. 8: 14-15, Ps. 118:22):

***"Hy is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het"*** (Hand. 4:11). Vir een is Hy bestem tot 'n val, vir 'n ander: tot 'n opstanding – soos Simeon vooruitgesê het (Luk. 2:34). Net waar Hy self Sy Gemeente bou, geniet Hy die voorrang in elke opsig (Kol. 1: 14-20), want Hy is bekend as die "hoeksteen en sluitsteen", as die "Alfa en Omega", as "die Eerste en die Laaste". Daar dien die wat Hom glo en met Hom staan. Maar waar mense hul eie kerke bou, het Hy geen regmatige plek nie en is Hy net 'n aanstoot en struikeling (1Pet. 2: 6-8).

## IS DIT VANSELFSPREKEND?

> *Baie dinge word as vanselfsprekend beskou, maar is alles behalwe vanselfsprekend. Eintlik is niks vanselfsprekend nie.*

Vir die oorgrote meerderheid binne die Christendom, is die tradisionele onderrig van die Drie-eenheid "vanselfsprekend"; nog meer: as iemand dit nie herken nie, word hy natuurlik ook nie erken nie. Maar vir die Jode, is dit absoluut onaanvaarbaar, omdat hulle net dit glo wat God en die profete gesê het. Vir hulle is die streng monoteïsme – die geloof in die **een en enigste** God, buiten wie daar geen ander is nie – die eerste en grootste gebod, wat nie een van hulle mag breek nie. Die 'multi-persoon lering' skend die eerste gebod wat uit die mond van God by hulle kom, op die heftigste wyse. Vir Moslems is die idee dat God, wie hulle Allah noem, as 'n seun uit die hemel op aarde bestaan, die ergste godslastering. Die belangrikste verklaring van die Islam geloof is: "Daar is geen God behalwe Allah!"

Wat vir een vanselfsprekend is, is nie noodwendig vir 'n ander nie. Ooreenstemming is daar altyd net in die onderskeie godsdienste en denominasies, maar daar is baie, wat beweer dat hulle reg is.

As die onbybelse term 'Drie-eenheid' beteken dat God sou in die Nuwe Testament as ons Vader in die hemel, as ons Verlosser in die Seun op aarde en deur die Heilige Gees geopenbaar word, dan kan ons dit duld. Maar wanneer dit beteken dat die ewige

God het 'n tweede en 'n derde persoon van God tot stand gebring, en "die drie is een" in alles, dan moet jy kyk na die saak en eers vra: "Waar in die Bybel verwys dit hierna?". Die antwoord op hierdie vraag moet wees en is: "Nêrens!". In die tweede plek wil ons weet hoe, deur wie en wanneer sulke idees en leringe ontstaan het. In die literatuur oor hierdie onderwerp kan baie dinge gelees word met vele absurditeit waarin ons nie nou in detail kan gaan nie. Maar dit spreek vanself dat onbybelse konsepte nie bybelse waarheid kan bevat nie.

Daar is diegene wat dit waag om krities te vra of die verteenwoordigers van die "Drie-eenheid" ooit 'n presiese idee van die "**een** God in drie persone" het.

In die CATECHISM OF THE CATHOLIC CHURCH word oor die 'Drie-eenheid', onder andere, die volgende gesê (bladsy 66, § 251): "**In order to articulate the dogma of the Trinity, the Church had to develop its own terminology with the help of certain notions of philosophical origin: 'substance', 'person' or 'hypostasis', 'relation' and so on ...".**

So word hipotetiese filosofiese konsepte weliswaar gebruik om die 'Drie-eenheid' dogma te formuleer. Paulus waarsku in Kolossense 2 vers 8: *"Pas op dat niemand julle wegvoer deur die wysbegeerte!"*. Filosowe kan op hul gebied hul filosofie na hartelus gebruik, maar asseblief tog nie oor God nie. Wat het filosofie met God te doen?

Dit is ook van die "**oorsprong sonder oorsprong**" wat van die "eerste persoon" genoem word; die ander twee "sal hul oorsprong in die oorsprong hê", ens. Dit moet ernstig gevra word: Is God regtig van alle ewigheid af, maar ook "gelyk geformuleer" in die ekwivalent van drie onafhanklike, goddelike persone van gelyke stof? Is dit selfs moontlik?

Daar was selfs verskillende denkrigtings tussen die Oosterse Kerk en die Kerk van Rome, soos byvoorbeeld, hoe die Heilige Gees as 'n persoon tot stand gekom het, naamlik of dit slegs uit die Vader kom of uit die Vader én die Seun. Op bladsy 65, § 247 van die genoemde Kategismus lees ons:

**"Die *filioque*[*] het nie verskyn in Konstantinopel (381) se geloofsbelydenis nie"** (Dit is ook tyds-gewys baie interessant). Dit gaan verder: **"As gevolg van 'n antieke Latynse en Alexandriaanse tradisie, het Pous St. Leo I egter reeds in 447 dogmaties bely** (toe eerste?)**, selfs voor Rome geweet het dat die belydenis van 381 in 451 opgeneem sou word by die Raad van Chalcedonia. Die gebruik van hierdie formulier is geleidelik opgeneem in die Latynse liturgie tussen die 8ste en die 11de eeu** (sowat 'n duisend jaar na die apostels)**. Die onderskeid getref deur die bekendstelling van die "filioque" in die Latynse liturgie van die Nicea-Konstantinopel belydenis, is egter vandag nog 'n punt van omstredenheid vir die Ortodokse Kerke".**

Sowel die een asook die ander weergawe van die oorsprong van die Heilige Gees en die goddelikheid in die algemeen, is maar intellektuele konsepte. Wat het 'n Latynse liturgie, 'n belydenis wat deur die verloop van honderde jare heen geformuleer is in 'n dogma, met Christus en die apostels te doen? Beslis niks nie! Elke openbaring van God is realiteit en word net in die Woord bevestig. God het Homself nie verklaar nie en is té verhewe vir ons kennis (Job 36:26). Hy het Homself geopenbaar, alhoewel Hy nog vir baie verborge bly.

Wat sê God self aan ons oor hierdie grootste en mees belangrike onderwerp, wat deur verteenwoordigers van die verskillende standpunte, byna tot die dood verdedig word? Dit is ons vraag! Wat mense sê oor hom, is **veelsinnig**; Wat Hy sê oor Homself, is **duidelik** en dit is wat ons wil weet. Is Hy **'n God wat in die Nuwe Testament as Vader bo ons, in die Seun onder ons en in die Heilige Gees in ons geopenbaar is**, of is dit drie verskillende persone wat een is? Wat sê die Skrif daaroor? Daar is nie 'n ander outoriteit vir almal wat God waarlik glo nie.

---

[*] Die *filioque* is die lering oor die oorsprong van die Heilige Gees.

In die klassieke leringe oor die 'Drie-eenheid', wat al die staats-, volks-, nationale- en selfs die meeste onafhanklike kerke opgeneem en in gemeen het, is al drie "persone" gelyk in grootte, almagtigheid, alwetendheid en ewigheid. Maar waar staan dit in die Bybel? Natuurlik nêrens nie. Hulle noem dit "**die geheim van die innerlike lewe van die 'Drie-eenheid'**, 'n ***'Theologia'*** wat deur die *'oikonomia'* vir ons geopenbaar is" (verw.: KATECHISMUS DER KATHOLISCHEN KIRCHE, bl.94 – Duits, of: CATECHISM OF THE CATHOLIC CHURCH bl.62, §236 – Engels). Dit is op sugself teenstrydig, want as die almagtige in drie verdeel word, daar nie meer die **een Almagtige** is nie. 'n Mens sou ook dink dat **'n** Almagtige **–** **'n** ewige, **'n** alwetende, wat alomteenwoordig is, genoegsaam is. Hierdie "**Ewige Een**" God het inderdaad altyd, soos die Skrif dit oorweldigend sê, alleenlik van homself gepraat en het nog nooit 'n tweegesprek gelei nie en net by Homself in 'n eed gesweer, nooit by 'n ander persoon nie. Die volgende voorbeelde, onder vele ander, moet genoem word. So spreek die HERE: *"Ek sweer by Myself ..."* (Gen. 22:16). *"Ek sweer by Myself ..."* (Jes. 45:23). *"Die Here HERE het by Homself gesweer ..."* (Amos 6:8). In Hebreërs 6:13 word dit bevestig dat as God iets met 'n eed wou bekragtig, het Hy dit altyd by Homself gedoen. Wat God betref, moet ons die alles-oorheersende woorde van Sy mond hoor: *"Jy self het dit te sien gekry, dat jy kan weet* ***dat die HERE God is, daar is geen ander buiten Hom nie*** *... daarom moet jy vandag weet en ter harte neem* ***dat die HERE God is, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie****"* (Deut. 4: 35+39).

## DIE GETUIENIS VAN HISTORICI

*Dit is betekenisvol dat die sekulêre skrywers wesenlik baie meer uitgesproke en prysens-waardig is as die godsdienstige skrywers.*

Die voorstanders van die 'Drie-eenheid' leringe moes, soos met ander onderwerpe, nie net hul eie godsdienstige handboeke nie, maar ook neutrale naslaanboeke, as onafhanklike bronne besigtig. Eintlik moes hulle die Bybel alleen as koers-aanwyser toepas. Elke ensiklopedie wat handel oor die 'Drie-eenheid', berig eenparig dat dit in die Ou en in die Nuwe Testament glad nie gevind word nie. In die eerste Christelike eeue was dit ook heeltemal onbekend. Die Christologiese geskille het eers ten volle uitgebreek net na die laaste algemene vervolging van Christene onder Diocletianus (302-312). Dit was Konstantyn, wat die Raad van Nicea (325) byeengeroep het, spesifiek omdat hy belang gehad het in die politieke eenheid van die Ryk. Daar was egter geen ooreenkoms, nog minder ooreenstemming onder die woordvoerders Athanasius en Arius of onder die meer as twee honderd en vyftig manne wat die verskillende rigtings verteenwoordig het nie. Dit was gevolg deur ander rade. Hulle het daarin meer en meer hul eie formuliere en ontwerpe oor die Godheid, na hulle eie wil, geformeer.

Baie mense het geveg vir waarheid, selfs vooraanstaande teoloë; Maar hulle het dit gedoen sonder om weg van die tradisionele, foutiewe idees te breek. Jy kan nie beide – die Woord en die interpretasie – laat geld nie, nie terselfdertyd reg en verkeerd wees nie. Wanneer die beginpunt verkeerd is en nie uit die Bybel self ontstaan nie, hoe kan die uitslag daarvan korrek wees en in die Bybel eindig?

Professor Emil Brunner het gehandel oor hierdie kwessie in sy boek DIE DRIE-ENIGE GOD. In hoofstuk 16, bladsye 208-244, staan die volgende uittreksels:

**"Judaïsme, Islam en rasionele teïsme is monoteïsties. Aan die ander kant, moet ons eerlik erken dat die 'Drie-eenheid'**

**nie 'n onderwerp van die vroeë nuwe-testamentiese Christendom-proklamasie is nie, maar het die sentrale plek van die eenvoudige Christelike geloofsgemeenskap op 'n ander tyd betree. So, dit is die middelpunt van die Christelike teologie, maar is dit van die Christelike geloof? Is so 'n verskil tussen teologie en geloof moontlik? Of is dit gebaseer op 'n foutiewe ontwikkeling van die hele Kerk se lering?"**

**"Die vroeë Christelike Gemeente lewe van die feit dat hulle die Vader het deur die Seun en verbind is aan die Vader en die Seun deur die Heilige Gees"**

**"Soos die profeet die Woord van God wat na hom kom, bekend maak en uitdra, so is Jesus nou self die een wat gekom het"**

**"Hy, wat homself in die ware beeld van God is, is Hy wat ons in die beeld van God verander".**

**"Die Seun is die openbaring van die Vader; as ons Jesus aanroep as die HERE, dan roep ons op Hom wat vanuit die ewigheid en alleen die HERE is, wie ons net ken in Jesus, soos Hy bekend geword en Homself aan ons gegee het".**

**"Dit kom daarop neer: dat ons in die Seun, en net in Hom, die Vader het en dat ons deur die Seun en net deur Hom, die Heilige Gees ontvang en dat ons net van die Seun deur die Vader ken en van die Gees deelagtig word".**

**"Die begrip van die 'drie-enige God' behoort nie tot die getuienis van die proklamasie van die vroeë Christendom nie".**

**"In Jesus Christus ontmoet ons openbarend, versoenend en verlossend die heilig-barmhartige God, waarin Hy deur die Heilige Gees die histories-gegewene inwendig mag ervaar en ons so daarin insluit".**

**"Net as dit waar is, dat God self in Christus was, is dit waar dat Hy ons versoen met Homself".**

**"Slegs die self-sprekende, self-handelende, persoonlik-teenwoordige God is 'n volkome openbaring en versoening en dit het in Jesus Christus gebeur".**

"**<u>'n Seun is daar net vanaf die inkarnasie</u>. Maar hierdie een is waarlik God. Christus is 'n soort van teofanie, en God Homself, die Vader, het die doodslyding betree ...".**

Professor Brunner het beslis geweet van die getuienis van Paulus: ***"... dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het ...".*** Sulke ware, wonderbaarlike getuienis kom vanaf 'n professor van teologie, wat deel is van die 'Drie-eenheid' kamp!

Laat my toe om nog 'n paar historiese werke aan te haal, aangaande hierdie kwessie. Dit sal baie help tot besinning, hopelik vanaf selfversekering tot goddelike versekering bring:

In die geskiedenisboek THE PAGANISM IN OUR CHRISTIANITY vind ons die onvergeetlike sin: "**Hierdie term, 'die Drie-eenheid' is uitsluitlik van heidense oorsprong**".

In die ENCYCLOPEDIA OF RELIGION word verklaar: **"Vandag se teoloë is dit eens dat die leer van die 'Drie-eenheid' nie te vinde is in die Hebreeuse Bybel nie".**

Verder vind ons die volgende in die verklaring: "**Die teoloë is dit eens dat die Nuwe Testament geen duidelike lering van die 'Drie-eenheid' bevat nie**".

Die Jesuïet Edmund Fortmann skryf in sy boek THE TRIUNE GOD: "**Die Nuwe Testament skrywers ... vertel ons niks van enige formele of geformuleerde leringe oor die 'Drie-eenheid', van 'n duidelike lering dat dit drie gelyke goddelike persone in een God is nie. ... Daar is geen bewyse dat enige van die bybelskrywers selfs 'n 'Drie-heid' in God vermoed het nie.**

In die NEW ENCYCLOPÆDIA BRITANNICA word waargeneem: **"Nie eens die woord 'Drie-eenheid' óf die lering daarvan as sodanig, kan gevind word in die Nuwe Testament nie.**

In die ENCYCLOPAEDIA OF RELIGION AND ETHICS staan: **"die Christelike geloof was aanvanklik nie trinitaries nie ... dit**

**was nie in die apostoliese selfs nie in die post-apostoliese tydperk nie, soos ook duidelik is uit die Nuwe Testament en ander geskrifte van die vroeë Christene".**

In die NEW CATHOLIC ENCYCLOPEDIA lees ons: **"die formulering 'een God in drie persone' was eers bespeur aan die einde van die 4de eeu en was tot dan nog nie ten volle opgeneem in die Christelike lewe en die Christelike geloof nie".**

In die ENCYCLOPEDIA AMERICANA vind ons die sleutel boodskap: **"die leer van die 'Drie-eenheid' van die 4de eeu het nie die leringe van die vroeë Christene oor die aard van God behoorlik weerspieël nie; Inteendeel, hulle het hierdie lering vermy".**

In die ou Babilonië en Assirië, was daar reeds baie lank voor die tyd van Christus 'drie-tal' of 'drie-eenheid' gode. Die LAROUSSE ENCYCLOPAEDIA OF MYTHOLOGY berig die volgende oor so 'n drietal in Mesopotamië: **"Die heelal is in drie dele verdeel, elke deel was die domein van 'n god ... die drietal van die Groot Gode".**

Die historikus Will Durand het opgemerk: **"Die Christendom vernietig nie die heidendom nie: hulle neem die heidendom in hulself op. ... Vanuit Egipte het die voorstelling van 'n goddelike 'Drie-eenheid' ontstaan".**

In die boek THE SYMBOLISM OF HINDHU GODS AND RITUALS hoor ons van 'n 'Drie-eenheid' van die Hindhus wat eeue voor Christus bestaan het: **"Een van die gode van die Drie-eenheid is Shiva. Hy is die verwoester. Die ander twee gode is Brahma, die skepper, en Vishnu, die bewaarder"**.

Die boek THE CHURCH OF THE FIRST THREE CENTURIES bevat die volgende opsomming: **"... dat die leer van die Drie-eenheid geleidelik en relatief laat ontstaan het; dat dit uit 'n bron ontstaan het, wat totaal vreemd aan die Joodse en Christelike geskrifte was; dat dit onder die kerkvaders, met die invloed van Plato, geleidelik sy beslag gekry het en deel geword het van die Christendom"**

Die NEW SCHAFF-HERZOG ENCYCLOPAEDIA OF RELIGIOUS KNOWLEDGE bevestig: **"Die Logos- en Drie-eenheids-leringe is gevorm deur die Griekse kerkvaders, wat ... direk of indirek sterk deur die platoniese filosofie beïnvloed was".**

Dit is oorweldigende getuienisse uit verskeie bronne! Mag dit veroorsaak dat elkeen sal nadink ná hierdie duidelike uitsprake.

## GESKIEDENIS BEVESTIG DIT

> *'n Mens kan dit skaars glo, maar die sekulêre geskiedenis en -navorsers dui die Bybel aan as reg en nie teologiese interpretasies nie.*

Die baie voorafgaande stellinge oor die omstrede onderwerp stem ooreen en gee die Bybel aan as korrek. Niemand kan daarby verby kom nie. Ons moet onsself afvra wat Christene hoegenaamd te doen het met die 'godheid' strukture en idees wat afkomstig is van die antieke heidendom, waar kennis verlos, in plaas van die offerhande? In die Mitras-kultus, word benewens die drie-ledige begrip, ook die volgende tesis gevind: **"In 'n tweede skepping word die 'Grote Vader' vanuit die lewende gees gegenereer". Die 'Grote Vader' stuur 'n 'derde boodskapper' wat die duiwels verslaan"** – CHRONIC DER MENSCHHEIT ("Geskiedenis van die Mensdom").

Wie die baie 'Drie-eenheids' strukture in die boek DIE DREIKÖPFIGE GOTTHEIT (Die Drie-koppige Godheid) van Willibald Kirfel bestudeer het, is van mening dat dit baie soortgelyk is as die illustrasies van die 'Christelike' "Drie-eenheid". Van die Katoliek-georiënteerde HERDER LEXIKON heg ons net een bladsy aan (aanhegsel II). Die prentjies is genoeg om skokgolwe te veroorsaak. Ons sien uit die werklike verwikkelinge dat God met Sy menslike inkarnasie nie alleen as Immanuel in die hande van die mens geval nie, Sy Woord het ongelukkig ook in menslike hande geval.

**Hou die hande weg van God af! Dis nie ons wat Hom gemaak het nie; Hy het ons geskape! Hy is nie soos ons dink dat Hy is**

**nie; Hy is soos Hy Homself aan ons in Sy menigvuldigheid voorgestel het!**

Nie net teoloë en historici nie, maar ook ander hoog-geplaasde persoonlikhede het kommentaar gelewer oor die 'Drie-eenheid'. In ons land vind ons die name van bekendes vanaf Moses Mendelssohn tot by die Duitse oud-kanselier Helmut Schmidt. Moses Mendelssohn het geskryf: **"Ek kan nie enige getuienis vertrou wat, na my mening, in stryd is met die daargestelde, onweerlegbare waarheid nie. Volgens die leer van die Nuwe Testament, soos dit verduidelik word in openbare handboeke, moet ek, (1) 'n 'drie-eenheid' in die goddelike wese, (2) die inkarnasie van 'n godheid, (3) die lyding van 'n persoon van die Godheid, wat Homself geledig het van Sy goddelike Majesteit, (4) die tevredenheid en bevrediging van die eerste persoon in die Godheid deur die lyding en dood van die vernederde tweede persoon en vele ander dinge soortgelyk hieraan, glo, tot verlies van my ewige saligheid".**

**"As ek hierdie leringe in die Ou Testament vind, sal ek die Ou Testament moet weggooi, en as 'n wonderwerk-werker, om dit te bewys, voor my oë al die dooies opwek wat reeds vir eeue begrawe is, sou ek sê dat die wonderwerk-werker die dode opgewek het, maar sy leringe sal Ek nie aanvaar nie"** – H.-J. Gamm, DAS JUDENTUM (Die Jodedom).

Helmut Schmidt het in 'n onderhoud gesê: **"Ek glo dat God die HERE van die geskiedenis is, maar waarom Hy 'drie-enig' moet wees, is nie vir my duidelik nie"** (ACP Tydskrif 4/1997).

Net dit wat duidelik is, is wat waar is. Alles wat onwaar is, bly onduidelik. **Deur die woorde van die apostel weerspreek God almal op ‘n blatante wyse, wat leer dat Hy ‘n 'Drie-enige' is**: *"En die middelaar is **nie net vir een nie**; maar God **is een**!"* (Gal. 3:20). Daar staan eintlik **nie 'n enkele keer** in die Bybel dat Hy 'drie-enig' is nie. Dit kan 'n mens skok, want tot nou toe het ons dit nog nie anders gehoor nie. Die 'Drie-eenheid' is inderdaad die "belangrikste woord" – die "Allerheiligste" van teologie. Maar in die woordeskat van God kom dit nie voor nie!

Die kwessie van die Godheid moet ons bewus daarvan maak dat ons die heilige openbaringsgrond betree wat vir die verstand ontoeganklik is en geslote bly. Al die Christelike "onderrig stelsels" beroep hulle op die Bybel. Die beroepe op God se Woord is uiters belangrik; Maar dit gebeur met 'n bepaalde doel, waarby gedeeltes uit verband geruk en in hul eie konsep geplaas word. **Dit is daarmee skoon vergelykbaar met wat die vyand in die tuin van Eden met dit wat God gesê het, gedoen het.**

Die woorde van die HERE: *"... van <u>al</u> die bome van die tuin <u>mag</u> jy vry eet ..."* het die vyand verkeerdelik aangebied deur ‘n "nie" by te voeg "*Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag **nie** eet van al die bome van die tuin nie?"*. Die vyand bly <u>altyd</u> met die onderwerp, maar <u>nooit</u> met die waarheid nie. Dit herinner ons ook aan hoe Satan gekom het om ons HERE te versoek met die woorde *"... daar is geskrywe*", om Hom te bring by die punt om te val deur die verkeerdelike toepassing van die Skrif en om dit uit verband te ruk. Maar Jesus het hom ontmoet met: *"daar is **óók** geskrywe ..."*. Dit is die belangrikste ding. Dit gaan nie net oor bybelgedeeltes wat almal versier, waarop almal aanspraak maak en vir hulself voortrek nie, dit gaan veral ook oor dit wat uitgelaat en omseil word.

Nie 'n enkele woord, of 'n uitspraak in die Bybel durf vervang of uit die gegewe konteks geneem word nie. Alles behoort waar dit is, en moet bly soos dit is. Wanneer daar staan "God", moet "HERE" nie in die plek daarvan gebruik word of bygevoeg word nie. Waar "Vader" staan behoort "Vader" daar en kan dit nie vervang word deur "Seun" of andersom nie. Nie die Vader, maar die Seun het gesterwe, wie die HERE is.

Ons is ook nie kinders van die HERE of van die Seun nie, maar die kinders van God en kan aan God "Abba, Vader" sê. Dieselfde geld vir "Seun van die mens", "Seun van God", "Seun van Dawid" en al die ander benaminge; in die plek waar dit geplaas is, dáár is waar dit behoort. Wie dit nie respekteer nie, het nie ‘n begrip, dat God alles in die Skrif verorden het nie en andersins veroorsaak dit ‘n groot gemors.

Vroeër of later word elke mens gekonfronteer met die onderwerp oor God. Veral teoloë probeer om Hom te verduidelik en te begryp. Maar teoloë is nie profete nie en apologete is geen apostels nie. Hulle het die letter van die Woord, wat hulle met die verstand probeer bemeester. maar vir ewig bly wat Paulus sê: *"Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God"* (1Kor. 2:10).

## GOD SE BEKENTENIS

> *Net wat God sê in Sy Woord is Sy bekentenis. Hy het Homself daarin geopenbaar en Sy eienskappe daarin bekend gemaak.*

Ons moet eintlik onsself hart- en sielsbewegende vrae afvra: Glo die oorweldigende meerderheid in die Christendom in 'n God wat hulle gevorm en geformuleer het, maar wat in werklikheid glad nie bestaan nie? Fundamentele vrae hang in die lug, wat ons nie langer kan vermy nie. Dit is nie die interpretasie van die Skrif en tradisie wat iewers begin het nie, maar "Sola Scriptura" – **alleen die Skrif** met sy ewige, voortdurende geldigheid, wat die basis van 'n ware geloof kan en moet wees. **Ons moet die spore van God nagaan, van die begin af, naamlik, vanaf die oomblik toe Hy uit die ewigheid in tyd in getree het: heel aan die begin. Ewigheid het geen begin en sal geen einde hê nie. Tyd het 'n begin en tyd sal eindig.** Niemand kan in die ewigheid in kyk nie. Alles, wat mense dink hulle weet daaroor, is blote spekulasie. Maar God, die Ewige, is nie 'n voorwerp van spekulasie nie, nog minder 'n geval vir die wetenskap.

Hy wie die hoogste reg het om oor enige aangeleentheid te praat, sal hier die geleentheid gegee word om ons deur Sy Woord te antwoord. Op elke bybelse vraag, is daar 'n bybelse antwoord. Na al die leerstellige geskille dwarsdeur die hele kerkgeskiedenis, moet die hele argument oor die Godheid vir eens en vir altyd nou op die proef gestel en verlig word uit die Heilige Skrif. Die onbeweeglike grondslag van die apostels en die profete, soos dit in die Woord van God vasgelê is, is die enigste geldige maatstaf.

Sedert die vroegste tye was mense nog altyd verkeerd, soos Paulus dit duidelik stel: *"... God moet waaragtig wees en **elke mens** leuenagtig ..."* (Rom. 3:4). Of hy nou in purpur geklee is, of in blink wit klere, in ‘n toga of as ‘n bedelaar: sonder uitsondering is elke persoon wat gebore is in hierdie skynheilige wêreld en wat nie presies sê wat God sê nie, ‘n leuenaar.

Eers die oomblik wanneer die HERE Homself geopenbaar het, kan ons Hom volg in Sy openbaringe. **Aan "Die Begin" ontmoet ons Hom as die Skepper, nie as Vader nie. Dwarsdeur die Ou Testament tree Hy 6,700 keer op as "die HERE God". Dit was eers in die Nuwe Testament dat Hy ons ontmoet as Vader deur die Seun. Hierdie feit is van uiterste belang, want net in Jesus Christus, die Seun van God, het God ook ons hemelse Vader geword.**

Daarom moet ons begin met die Ou Testament, wat die grondslag vir die nuwe vorm. Die HERE Jesus en die apostels kon net leer vanuit die Ou Testament, omdat die nuwe nog nie geskryf was nie. Hulle het gewys dat wat beloof was met die oog op die koms van die Messias, vervul was (Luk. 24; Hand. 28:23 o.a.) Volgens dr. Clarence Larkin, 'n uitstaande historikus van die engelssprekende wêreld, is daar 109 voorspellings in die Ou Testament wat by die eerste koms van Christus vervul is, en dat daar 845 aanhalings uit die Ou Testament in die Nuwe is, waarvan presies 333 op Christus betrekking het. In die aankondigings in die Ou Testament word beide die goddelike sowel as die menslike aspekte van die Verlosser beskryf.

Ons volg God in die menigvuldigheid van Sy openbaringe (theophanies) vanaf die begin van tyd in die Ou Testament tot Sy selfopenbaring in die Seun in die Nuwe Testament, en uiteindelik tot die oorgang vanaf tyd tot in die ewigheid, wanneer die openbaring van die Seun sal insmelt in God, vanwaar Hy na vore gekom het: *"En wanneer alles aan Hom onderwerp is, alle dinge blootgestel word, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, **sodat God alles in almal kan wees**"* (1Kor. 15:28 o.a.). Net soos God in die ewigheid was,

sal Hy in ewigheid wees, ten spyte van Sy veelvuldige manifestasies. Die tydelike onderbreking deur die val van die mens het Sy verskeie manifestasies nodig gemaak ter verwesenliking van Sy plan van verlossing.

Op die berg Sinai was die vir-ewig-bindende woorde uit die mond van die Almagtige uitgereik aan Sy mense: ***"Hoor, Israel! Die HERE onse God is 'n enige HERE. Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en jou hele siel en met al jou krag ..."*** (Deut. 6: 4-9). In die Nuwe Testament staan: *"En Jesus antwoord hom:* ***Die eerste van al die gebooie is: Hoor, Israel, die HERE onse God, is 'n enige HERE****; en jy moet die HERE jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag ... en die skrifgeleerde sê vir Hom: Goed, Meester, U het met waarheid gesê* ***dat God een is en daar geen ander is as Hy nie****"* (Mk. 12: 29-32).

Die belangrikste 'credo' van Israel bestaan uit vier woorde, Adonai Elohenu Adonai Echad = HERE Elohim HERE ALLEEN. In die presiese vertaling lees dit: **Jahweh Elohim, Jahweh Enige**. Dit is die verenigde getuienis van God en Sy profeet, die ooreenstemmende getuienis in die Ou en Nuwe Testament. So sê die HERE: *"Julle is my getuies, spreek die HERE, en my kneg wat Ek uitverkies het, sodat julle kan weet en* ***My kan glo en insien dat dit Ek is*** *– voor My is geen God gevormeer nie, en ná My sal daar geeneen wees nie ;* ***Ek (alleen) is die HERE, en daar is geen Heiland buiten My nie ... en Ek is God"*** (Jes. 43: 10-12). God het nooit van Homself in die meerderheid gepraat nie, nog minder van verskillende persone nie. Geen profeet het dit ook ooit gedoen nie. Dit is inderdaad gebore uit 'n misverstaande leringsopvatting. God was nog nooit deur Sy mense in 'n meervoudsvorm aanbid nie.

Paulus beklemtoon die feit dat **God die een en enigste is**, in die volgende: *"... aangesien dit inderdaad een God is ..."* (Rom. 3:30). In die verduideliking is niks onseker nie, inteendeel beklemtoon hy dat "**aangesien**" met betrekking tot die **een en enigste God** is en eindig sy brief met die stelling: *"...* ***aan die alleenwyse God,***

*aan Hom die heerlikheid deur Jesus Christus tot in ewigheid! Amen"* Die apostel Judas het sy brief ook so afgesluit: *"... **aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou en tot in alle ewigheid! Amen**"* (v.25).

## HOE GOD HOMSELF OPENBAAR

**In die begin was die Woord, nie die interpretasie nie**. Die woordbegrip "begin" ontmoet ons 'n paar keer. *"In die begin het God ..."* (Gen. 1:1). *"... U, o HERE, het in die begin die aarde gegrondves, en die hemele is werke van u hande"* (Heb. 1:10; Ps. 102:26). *"In die begin was die Woord ..."* (Joh. 1:1). *"Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe ..."* (1Joh. 1:1, o.a.). Die bekende Griekse woord vir die eerste boek van Moses "Genesis" beteken "die begin". Die Hebreeuse woord vir dit is "Bereschit" en beteken "oorsprong". In die boek van Genesis vind ons die oorsprong van alle dinge, die oorsprong van God se openbaring, die oorsprong van die skepping, die oorsprong van die heelal, die oorsprong van alle lewe, ens. Voor die "begin" was die ewigheid.

In die eerste vers van die eerste hoofstuk van die Bybel vind ons God die Skepper. In die Hebreeuse teks is daar die naam vir God, *Elohim*. *"In die begin het Elohim ... geskape".* In daardie woordterm is 'n meervoud in die enkelvoud, want God – Elohim – is nie net Skepper nie, Hy is veel meer: Hy is ook Onderhouer, Redder, Koning, Herder, Verlosser, Regter – alles in almal. Elohim word gebruik in verband met Sy belangrikste eienskappe, wat ons ook vind in *Jahweh* – HERE – waarin en waardeur Hy Homself manifesteer. Die voldoendelike afkorting *El*, verwys na die Almagtige, soos bv Immanu-El = "God met ons", so ook die afkorting *Jah,* wat Jahweh aandui, soos met Hallelu-Jah = "lofprysing aan Jahweh." So ook Eli-Jah "God is Jahweh," Dani-El = "God is Regter," Isra-El = "soldaat van God", Jesa-Jah = "Jahweh is Verlossing", Jedid-Jah = "Jahweh Liefling", ens. "Elohim" is nie 'n naam nie, maar is die aanwysing van God self.

"Jahweh" is die verbondsnaam, in wie en met wie God Homself in die Ou Testament gemanifesteer het.

Die HERE God het Homself aan Abraham geopenbaar as El Shaddai (Gen. 17:1) = die "voldoener", die "alles-versorgende", nadat Hy hom in Exodus 14: 18-20 as Melgisedek in die gestalte van ‘n koning ontmoet het. Volgens Hebreeus 7 is hierdie Melgisédek self die Koning van Vrede, Koning van Salem, die Koning van Geregtigheid. In die Ou Testament het die HERE nog nie ‘n mens geword nie en was nog nie gemanifesteer as die Seun nie en dus word daar korrek geskryf dat Hy nie vader of moeder of voorvaders gehad het nie. "God, die Allerhoogste" was die een wat Abraham geseën het as El Elyon met die woorde: *"Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde"* Toe het God vir Abraham tegemoet gegaan as El Olam – die "Ewige God". In Jesaja 9:5 word Hy in verband met die belofte van die geboorte van die Seun El Gibbor = "Sterke God" genoem, ens.

Die spesiale theophanies/self-openbaringe van God as *Jahweh* – "HERE", het reeds gebeur met die oog op Sy menswording: *Jahweh-Jireh* = "die HERE berei/sorg vir 'n slagoffer" (Gen. 22: 13-14); *Jahweh-Rafa* = "die HERE genees, red" (Exo. 15:26); *Jahweh-Nissi* = "die HERE, my banier/vaandel" (Exo. 17: 8-15); *Jahweh-Shalom* = "die HERE, ons vrede" (Rig. 6: 23-24); *Jahweh-Rã-ha* = "die HERE, my herder" (Ps. 23.); *Jahweh-Tsidkenu* = "die HERE, ons Geregtigheid" (Jer. 23:6); *Jahweh-Shammah* = "die HERE is teenwoordig" (Ese. 48:35). Om alle behoeftes in die skepping en verlossing te bevredig, het God Homself voldoende geopenbaar as "die HERE ". In Sy menigvuldigheid het Hy al Sy eienskappe bekend gemaak en Homself daarin geopenbaar, maar tog altyd dieselfde gebly.

Vanaf Genesis 2:4 vind ons die woord-kombinasie *"Elohim-Jahweh"* – God die HERE. Voor dit vind ons 35 keer net *"Elohim"*. Hierdie geheimnisvolle verskynsel kan nie nou hier in detail bespreek word nie. Die HERE – *Jahweh* – is die sigbare vorm van die onsigbare God. God is in Sy wese, gees (Joh. 4:24).

*"... **die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God** ..."* (1Tim. 1:17) ***"... wat alleen onsterflikheid besit, en 'n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie ..."*** (1Tim. 6:16). Die geliefde dissipel van onse HERE getuig: ***"Niemand het God ooit aanskou nie ..."*** (1Joh 4:12a). Maar op die wyse en gestalte waarin Hy Homself geopenbaar het, het mense hom gesien! Adam, Abraham, Moses, Miga, Esegiël, Daniël en die ander profete het "God die HERE" gesien. In die Nuwe Testament openbaar dieselfde God – *Elohim* – Homself as Vader in 'n sigbare, liggaamlike vorm in die Seun, wie die "HERE" is. *"Hy wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag ..."* (Heb. 1:3). Thomas roep by die aanskoue van die Opgestane oorweldig uit *"My HERE en my God!"* (Joh. 20:28).

**Van die begin af het die onsigbare Elohim verskyn vanuit sy ewige heerlikheid en saligheid, vanuit die volheid van lig en lewe, as "die HERE" in 'n sigbare vorm. In hierdie oorspronklike begin was die Woord, die *Logos*, die "HERE", gesien buite die ewige volheid van God, die Woord wat met God was (Joh. 1:1), werkend as die handelende, wandelende en Gebiedende, die Skepper van alle dinge (Kol. 1:16a).**

Die "HERE" is God; geen ander nie, maar altyd dieselfde. Die **Gees van God** het in die skepping alreeds as die hitte-uitstralende, **lewendmakende krag van God** oor die waters gesweef (Gen. 1:2). Dieselfde **Gees van God**, het as die **Heilige Gees**, op Pinksterdag **as die goddelike lewe-werkende krag van God,** op die verloste Gemeente gekom. Beide manifestasies van God, as die "HERE" in 'n sigbare vorm en die Gees van God, swewend bo die waters, was nog nooit as afsonderlike persone beskou nie. God is Gees, en God is die "HERE" en "HERE" is God en die "HERE" is die Gees (2Kor 3:17). Slegs wanneer dit so aan ons geopenbaar word, kan ons bybels sê: "**Jesus is die HERE**" en saam met Paul getuig: *"... en niemand kan sê dat **Jesus die HERE is** nie, behalwe deur die Heilige Gees"* (1Kor. 12:3b).

## IN DIE HEMEL EN OP AARDE

*Dat God alomteenwoordig is, behoort onomstrede te wees, want alles, die hele heelal wat hy geskep het, leef en bestaan slegs deur Hom.*

Die HERE God het onder geweldige donder en weerlig, onder trompetgeskal, in vuur gehul, neergedaal op die berg Sinai. *"En op die berg Sinai het U neergedaal en met hulle gespreek* ***uit die hemel****, en U het aan hulle regte verordeninge en betroubare wette, goeie insettinge en gebooie gegee"* (Neh. 9:13). Die HERE God was **op die berg Sinai**, maar Sy stem het weergalm uit die hemel: *"Julle het self gesien dat Ek met julle van die hemel af gespreek het"* (Ex. 20:22). God kan alles doen. Hy kan verskyn in 'n sigbare vorm, as 'n Engel van die verbond, omring deur vuur en van aangesig tot aangesig met Moses praat, terwyl Hy terselfdertyd Sy stem uit die hemel laat hoor. Hoekom nie? **Hy is tog alomteenwoordig as Gees, selfs al manifesteer Hy op dieselfde oomblik in 'n sigbare vorm**. Wie is daar wat wil sê wat God nie kan of moet nie, of hoe Hy Homself moet openbaar? Net so kan Hy aan Israel as die *"Engel van die verbond"* verskyn en in die "wolk" en "pilaar van vuur" beskermend oor Israel dag en nag beweeg (Ex. 13:21) en ook op die troon in die hemel sit. Daarbenewens kan die HERE gelyktydig as die geestelike rots, wat Moses geslaan het, Sy volk vergesel en aan hulle water gee (1Kor. 10:4).

Dieselfde God kan as die Heilige Gees in die fisiese gestalte van 'n duif sigbaar neerdaal op Sy Seun op die aarde maar Sy stem uit die hemel laat hoor wat uitroep: *"Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het"* (Matt. 3:17). Dieselfde woorde het uit die hemel weerklink op die Berg van Verheerliking: *"Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!"* (Matt. 17:5), soos Petrus getuig: *"En hierdie stem het ons uit die hemel hoor kom toe ons saam met Hom op die heilige berg was* (2Pet. 1:18). Die wolk van heerlikheid het hulle oorskadu (vers 5), maar die stem het uit die hemel gekom, soos die apostel as oog- en oor getuienis getuig.

## DIE HERE BESOEK SY PROFEET

> *In die Ou Testament het die HERE gekom om te besoek; in die Nuwe het Hy gekom om by ons te bly tot aan die einde van die tyd (Matt. 28:20), soos Hy belowe het: "Ek gaan weg en kom weer na julle toe" (Joh. 14:28).*

In Genesis 18 het die HERE Sy dienskneg Abraham met twee engele besoek. Daar het skielik **drie manne** voor hom gestaan (vers 2). Hy het met een van hulle gepraat en gesê: *"My Heer, as ek nou genade in u oë gevind het, gaan dan tog nie by u kneg verby nie"* (vers 3). Die gesprek het plaasgevind tussen die HERE en Abraham, wie by ‘n hemelse besoek, 'n aardse maaltyd bedien het: *"... wat hy klaargemaak het, en sit dit aan hulle voor, terwyl hy self by hulle onder die boom bly staan; en hulle het geëet"* (18: 6-8). Reeds in die Ou Testament het die HERE menslike vorm aangeneem, geëet en gedrink saam met Sy vriend Abraham.

Uit vers 16 word ons vertel dat die **drie manne** opgestaan en gekyk het na Sodom. Maar die HERE het by Abraham, Sy profeet agtergebly (vers 17), van wie af Hy nie geheim kon hou wat Hy in gedagte gehad het om te doen nie, want daar is geskrywe: *"Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie"* (Amos 3:7). Die twee engele, wat ook **manne** genoem word, het na Sodom gegaan (Gen. 18:22) en het in die aand in die stad aangekom (Hoofstuk 19:1). Die lering dat die drie manne die Vader, die Seun en die Heilige Gees was, is godslastering. Die twee engele was so geheel en al mens – nie Godspersone nie – dat hulle die berugte manne in Sodom kon aanvat (Gen. 19). Dit is smaakloos en lasterlik om te insinueer dat bv. die Seun en die Heilige Gees die begeerte van homoseksuele mans in Sodom verwek het. Dit is die hoogtepunt van die trinitariese godslastering, waarby enige respek natuurlik vir die heiligheid van God verloor word.

Elke keer as die woord ‘engel’ gebruik word, is dit gebaseer op die woord ‘angelos’, wat "bode" of "boodskapper" beteken. Daar is enersyds hemelse wesens wat 'n boodskap moet lewer; aan

die ander kant verwys die skrif na mense wat 'n bevel van God gegee word (Hag. 1: 12+13 o.a.). In Openbaring 2 en 3 lees ons sewe keer: *"skryf aan die engel van die gemeente ..."*. Wanneer die HERE God 'n boodskap het om te bring, verskyn Hy ook as 'n **Engel**; as **HERE** beveel Hy, as **God** word Hy aanbidding toegedeel.

In Exodus 3 praat die profeet van sy bonatuurlike "doringbos ervaring". Die een God, wat 'n verterende vuur is, verskyn daar as **"Engel van die HERE"**, in 'n vuurvlam (vers 2). Drie begrippe word by hierdie gebeurtenis genoem: "Engel van die HERE", "HERE" en "God": "Toe die HERE sien dat hy nuuskierig nader kom, roep **God** na hom uit die doringbos en sê: Moses, Moses!" (vers 4). Tog was daar net **een** aanwesig, God die HERE, wat gesê het van Homself: *"Daarom **het ek neergedaal** om hulle uit die hand van die Egiptenaars te verlos ..."* (vers 8). Dit gebeur **in 'n sigbare gestalte in verband met die heilbringende boodskap van verlossing.**

Met die neerlegging van die wet, soos met die skepping, was die engele teenwoordig. Dit word herhaaldelik gesê: *"Want as die woord deur **engele** gespreek, onwankelbaar was ..."* (Heb. 2:2a.) en: (Hand. 7:53) *"julle wat die wet deur die beskikkinge van **engele** ontvang het ..."*. Maar Moses was net die bemiddelaar tussen *"**die Engel** wat op die berg Sinai met hom gepraat het,"* en die mense (Hand. 7:38). Selfs al was die engele teenwoordig, was dit nog steeds die HERE, wat as "**Engel van die Verbond**" gepraat het. *"Want die HERE is ons Regter, **die HERE is ons Wetgewer*** (oorspr.)*, die HERE is ons Koning: Hý sal ons red"* (Jes. 33:22).

In hierdie konteks moet ook Genesis 1 gesien en verstaan word. Die profete en apostels het **nie** na die "ons" in Genesis 1, *"Laat Ons mense maak na ons beeld ...",* as verskeie persone in die Godheid verwys nie. Ook het daar geen vergelyking ooit plaasgevind van gees, siel en liggaam as Vader, Seun en Gees nie. As iemand dit beweer, moet hy asseblief sê waar dit so geskryf staan? Paulus skryf: *"... dat julle aan ons kan leer **om nie te dink bo wat geskrywe is nie** ..."* (1Kor. 4:6b). Wie verder gaan as die geskrewe Woord, stort in een oor die afgrond van hul eie denke.

Die antwoord op wat die HERE bedoel met die *"Kom ons ..."*, kom van Hom self en vind ons in die Skrif. In Job 38: 4-7 vra God Sy kneg: *"Waar was jy* ***toe Ek die aarde gegrond het****? ... toe die môresterre saam gejubel en al* **die seuns van God** *gejuig het".* Dus was die engele teenwoordig toe God die aarde gebou het en Adam na Sy beeld geskape het. Dit is wat die Skrif aan ons getuig. **Engele is geskape seuns van God wat weer en weer voor God verskyn:** ***"En op 'n dag toe die seuns van God kom om hulle voor die HERE te stel ..."*** (Job 1:6; Job 2:1, ens). In Genesis 11, gebruik die HERE weer die *"Laat ons ..."* op menslike wyse. In vers 7 staan: *"Kom, laat ons neerdaal ..."* Maar dit is die HERE wat alles skep en werk. Die engele omring Hom; hulle het met Hom saamgegaan selfs na Bethlehem (Luk. 2: 8-14).

Die profeet Jesaja skryf in hoofstuk 6 oor hoe hy die **HERE** op die troon sien sit het, omring deur **die hemelse leërskare** wat Hom toeroep en sê: *"Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskare"* (vers 3). In vers 8 berig hy oor die gesprek van die HERE met die engeleskare: *"Daarop hoor ek die stem van die HERE wat sê:* ***"Wie sal Ek stuur?*** *En wie sal* **vir ons** *gaan?"*

Die profeet Miga het volgens 1Konings 22 en 2Kronieke 18 in die gees die gesprek gehoor wat die HERE in die hemel gevoer het. Hy het getuig: *"Ek het die* ***HERE*** *sien sit op sy troon terwyl al die hemelse leërskare by Hom staan,* ***aan sy regter- en aan sy linkerhand****"* (22:19b). Soos die teks sê, het die gesprek plaasgevind met die engele wat rondom Hom was. Engele is dienende geeste (Heb. 1:14), wat menslike vorm het. Met die *"Laat ons ..."* het die vyand, sedert die "Babiloniese inval" in die 4de eeu, die Woord in die kop en mond van die skrifgeleerdes verdraai. Daar is 'n ware taal verwarring, oor alle bybelse temas soos met die Toring van Babel. Die terme is behou, maar is ander betekenisse gegee. Is dit nie opvallend, byvoorbeeld, dat die kerkgebou eers 'n toring gekry ná die godsdienstige verwarring gekom het? In die eerste Christelike eeue het hulle die karakter van sinagoges gehad. Die "ons" verwys eintlik **altyd** na die engele wat God die HERE omring, aan hom onderdanig en diensbaar is en met wie Hy praat. Na onse HERE die versoekings

in Matthéüs 4 oorleef het, het engele na Hom gekom en Hom bedien (v.11).

"Die HERE God" het in die paradys geloop en het in die aandwindtjie met die mens, wat Hy na Sy beeld geskape het, gewandel. Die beeld van God is die gestalte van 'n man, wat ook dié is van engele; so word dit oorweldigend van getuig in die Woord. Toe die engel Gabriël na Daniël gestuur was, het die profeet gesê: *"... en kyk, daar het iemand voor my gestaan wat soos 'n man gelyk het"* (Dan. 8:15b). *"... terwyl ek nog spreek in die gebed, het die man Gabriël wat ek, uitgeput van vermoeienis, 'n vorige keer in 'n gesig gesien het ..."* (9:21). Gérubs en Serafs, egter, is wesens met vlerke wat bestem is vir die voortdurende aanbidding van God.

Die profeet Esegiël het die HERE God op die troon sien sit, in die gestalte van 'n man: *"... En bokant die uitspansel wat oor hulle hoof was, was iets wat soos saffiersteen gelyk het, in die gestalte van 'n troon; en op hierdie troongestalte 'n gestalte wat soos **'n mens** gelyk het ..."* (verse 26-28). Johannes het ook net een op die troon gesien, en hy kon hom akkuraat beskryf (Openb. 4). Wanneer het 'n profeet of apostel ooit drie goddelike persone op die troon gesien? Natuurlik nooit nie! Johannes getuig: *"En Hy wat op die troon sit, het gesê: **Kyk, Ek maak alles nuut**"* (Openb. 21:5).

Van engele word altyd in die meervoud gepraat en van God, net in die enkelvoud: *"Jakob het ook verder gereis, en die **engele van God** het hom ontmoet. Toe hy hulle sien, sê Jakob: "Dit is 'n leër van God! En hy het die plek Mahanáim genoem"* (Gen 32: 1-2). Hy het toe tot dagbreek geworstel met God, wat in die gestalte van 'n man verskyn het en hom selfs op die heup geslaan, sodat hy voortaan mank was (Gen. 32: 24-32). Jakob was verander deur sy ervaring met God en van daardie oomblik af was hy "Isra-**el**" (soldaat van God) genoem. Hy het die plek Pni-**el** (aangesig van God) genoem, want, het hy gesê: *"Ek het God gesien van aangesig tot aangesig, en tog is my lewe gered"* (vers 31). In Genesis 48: 15-16, het hy getuig: *"... die God voor wie se aangesig my vaders*

*Abraham en Isak gewandel het, die **God** wat my as **Herder** my lewe lank gelei het tot vandag toe, die **Engel** wat my uit elke teëspoed verlos het ...".* Die profeet Hosea weergee die wedervaring wat Jakob gehad het so: *"... in sy manlike krag het hy met **God** geworstel; Ja, hy het met die **Engel** geworstel en die oorhand gekry, hy het geween en hom gesmeek. By Bet-el het hy Hom gevind, en daar het Hy met ons gespreek – **die HERE God van die leërskare, HERE is Sy gedenknaam**"* (12: 4-6).

Dit word toenemend opwindend in die voetspore van God en Sy menigvuldige openbaringe. ‘n Mens moet die aard van elk van Sy openbaringe sien in verband met die doel daarvan. In Exodus 23: 20-21 sê God: *"Kyk, Ek stuur 'n **engel** voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereedgemaak het. **Neem jou in ag vir Hom, en luister na sy stem**; wees nie wederstrewig teen Hom nie; want Hy sal julle oortreding nie vergewe nie, **want my Naam is iń Hom**".* Hy verskyn as ‘n engel (Ex. 32:34) wanneer Hy 'n boodskap bring, daarom word Hy ook **Engel van die verbond** (Mal. 3:1; Hand. 7: 30-38) en **Engel van Sy aangesig** genoem (Jes. 63:9). God was persoonlik in die gestalte van die **Engel van die verbond** onder Sy volk gewees: *"En Hy antwoord: Moet Ek **self** meegaan om jou die rusplek te verskaf? Toe sê hy vir Hom: As U nie **self** meegaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie"* (Ex. 33: 14-15). So spreek die HERE van Homself as 'n persoon, naamlik van Sy direkte teenwoordigheid. In die laaste aankondiging oor die eerste koms van die HERE, sê dit: *"Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom **die HERE** na wie julle soek, naamlik die **Engel van die verbond**, na wie julle ‘n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die **HERE** van die leërskare"* (Mal. 3:1). Johannes die doper was die boodskapper, die engel, die voorloper en pionier van wie Maleagi en Jesaja geprofeteer het (Matt. 11:10; Mark. 1: 1-3, ens), en Jesus Christus is die "HERE", die Seun van God wat die nuwe verbond oprig en, volgens Openbaring 10, aan Israel neerdaal as die **Engel van die Verbond**.

## DIE "*EK IS*"

> *Dit toon die verhewenheid van die HERE God, dat Hy Homself altyd in Sy menigvuldigheid openbaar, in ooreenstemming met Sy plan van verlossing.*

In Exodus 3 wou die profeet weet hoe die God van sy vaders heet, wat Homself aan hom bekend gemaak het en hom gestuur het: *"Maar as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: **Die God** van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: **Hoe is sy naam?** – wat moet ek hulle antwoord? En God sê vir Moses: **EK IS WAT EK IS**. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: '**EK IS**' het my na julle gestuur. Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: **Die HERE, die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag**"* (verse 13-15). Wie het nou Sy dienskneg gestuur? Natuurlik die "EK IS". Hy is die God van hulle vaders!

Nieteenstaande die verskillende name en manifestasies, hetsy in die Ou of Nuwe Testament, bly Hy tog altyd dieselfde. Voor die verbondsluiting met die volk Israel, het God Homself met Sy verbondsnaam geopenbaar. Hierdie Hebreeuse naam, JHWH, is so heilig vir die Jode dat hulle dit vandag nog nie uitspreek nie (Am. 6:10), maar weergee dit as 'Adonai'. Nietemin, is dit die naam van die HERE, die God van Israel, in die Ou Testament. *"Verder het God met Moses gespreek en vir hom gesê: Ek is die HERE. En Ek het aan Abraham, Isak en Jakob verskyn as God, die Almagtige, maar met my Naam God die HERE (**'Elohim Jahweh'**), **het Ek nie myself aan hulle bekend gemaak nie**"* (Ex. 6:1-2). So spreek die HERE: ***"Op elke plek waar Ek my Naam sal laat gedenk, sal Ek na jou toe kom en jou seën"*** (Ex. 20:24b).

Die "**EK IS**" van God is in elk van Sy onthullings. Dit is 'n persoonlike "verklaring van soewereiniteit" en terselfdertyd 'n belofte aan die mense: "Ek is daar vir jou; Ek begelei jou met my teenwoordigheid!". In die "EK IS" is die goddelike naam JHWH –

Jahweh – ingebed. **HY is** die "selfbestaande Een, **die Ewige**, die bron van alle lewe, die oorsprong, waardeur en waarin alle dinge bestaan". Met Sy profete en Sy mense praat Hy dikwels as die "**EK IS**" in verskillende kontekste. Op majestueuse wyse sê Hy: *"**EK is** die HERE jou God ... wat jou uitgelei het ..." (Deut. 5:6). "So sê die HERE, die Koning van Israel en sy Losser, die HERE van die leërskare: **EK IS die eerste en Ek is die laaste, en buiten My is daar geen God nie**"* (Jes. 44:6). Die HERE God is die enigste "EK IS" en die "Ek sal wees", want wat Hy sal wees, die is Hy alreeds. Alleen in Hom en deur Hom kan ons wees en kan ons ook dit word waartoe Hy ons bestem het. Sodat ons ook nie vergeet nie, het Hy dit weer gesê: ***"Luister na My, o Jakob, en Israel, wat Ek geroep het, dit IS EK, EK IS die Eerste, ook IS EK die laaste"*** (Jes. 48:12).

In die Nuwe Testament vind ons dat die veelvuldigheid van die "**EK IS**" geopenbaar word in die Seun. Die sewe besondere verskynsels van die *"**EK IS ...**"*, is reeds vir baie opvallend. Die HERE Jesus het gesê: *"**EK IS** die lig van die wêreld", "**EK IS** die goeie herder", "**EK IS** die Weg, die Waarheid en die Lewe", "**EK IS** die deur ...", "**EK IS** die brood van die lewe .....", "**EK IS** die opstanding en die lewe".* Dieselfde HERE het ook gesê: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, **IS EK**"* (Joh. 8:58).

In die boek Openbaring hoor ons Sy getuienis met die woorde: ***"EK IS die Alfa en die Omega, die begin en die einde, sê (God) die HERE, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige ..."*** (Hfst. 1:8). ***"Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood"*** (verse 17-18).

Die verwesenliking van God se openbaring as "EK IS" in die Verlosser, Jesus Christus, is wat nodig was vir ons redding. Hy het selfs uitgewys: *"Ek het dan vir julle gesê dat julle in jul sondes sal sterwe; **want as julle nie glo dat dit EK IS nie, sal julle in jul sondes sterwe**"* (Joh. 8:24). Dit gaan hier nie om 'n lering of 'n beleidenis nie, dit gaan hierom: om ewig te wees of nie te wees, naamlik die ware geloof in die geopenbaarde, heilbringende

Verlosser wat red en salig maak. Slegs in die Seun van God het ons die Redder en die redding.

Die "HERE", wat die gestalte van God gehad het, *"het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword"* (Fil. 2:7). Ter wille van die mensekinders het Hy mens geword. Hy was as ‘n seun gebore, in doeke toegedraai en neergelê in 'n krip. Mensliker en natuurliker kon dit nie wees nie. **So het die Woord vlees geword en onder ons kom woon**. Dit het gebeur ter wille van ons, sodat vervul kon word: *"... God het ... deur* ***Sy eie Seun*** *in die gelykheid van sondige vlees te stuur en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees ..."* (Rom. 8:3).

By die **geboorte van die Seun**, lui die getuienis: *"... dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus,* ***die HERE****, is"* (Luk. 2:11).

Paulus, wat 'n uitverkore werktuig was en 'n bonatuurlike roeping en daarmee 'n spesiale verantwoordelikheid gehad het, skryf van die verborgenheid van God in Christus: *"dat hulle harte vertroos mag word, deurdat hulle saamgevoeg word in die liefde en tot alle rykdom van die volle versekerdheid van insig,* ***om die verborgenheid te leer ken van God en die Vader en van Christus****, ... Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik, en* ***julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag****"* (Kol. 2:2 + 9-10). Die profete en apostels het nie oor Christus bespiegel nie, die HERE God was in op verskeie wyse aan hulle **geopenbaar**.

In die Ou Testament is die HERE God die Verlosser, die Redder, die Koning, die Herder, ens. In die Nuwe Testament, word dit alles, tot ons redding, ‘n werklikheid in die Seun, wat die middel-punt van die plan van verlossing is: *"niemand kom na die Vader behalwe deur My nie"* en *"hy wat My gesien het, het die Vader gesien".* Hy wat God nie in Christus sien nie, kyk by Hom verby en ken Hom nie. Nadat Jesus soveel gepraat het van die Vader, het Hy gesê: *"****As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien****.*

*Filippus sê vir hom:* ***HERE, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg****. Jesus sê vir hom:* ***Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: "Toon ons die Vader?"*** (Joh. 14: 7-9). Dit is 'n duidelike antwoord uit die mond van die HERE.

In die Ou Testament gee die HERE/Jahweh aan Sy volk die belofte! *"Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy, nederig en Hy ry op 'n esel – op 'n jong esel, die vul van 'n eselin"* (Sag. 9:9). In die Nuwe Testament is Jesus die Koning, wie op Palm Sondag met groot gejubel op die vul van die esel Jerusalem ingekom het. Dit kan in Matthéüs 21 en in parallelle gedeeltes gelees word. Vir Israel was die Heiland en Koning die HERE Homself, maar tydens Sy eerste koms het hulle Hom nie gesien in Sy menswording vanuit die perspektief van die plan van verlossing nie maar het reeds in daardie tyd die koninklike heerskappy en die vestiging van die koninkryk verwag. Selfs die dissipels het Hom gevra: *"HERE, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?"* (Hand. 1:6). Hulle het glad nie aanvanklik besef wat voor die verlossing deur lyding en sterfte (Jes. 53) en die oorwinning van die dood (Hos. 13:14), nodig was nie.

Uit die Ou Testament ken ons Hom deur Sy Hebreeuse "Tetragram", JHWH, waaruit die naam HERE /JAHWEH ontstaan. In die Nuwe Testament is die naam van die HERE, soos aangekondig deur die engel Gabriel, eintlik Jahshua, wat "JAHWEH-Verlosser" beteken. Sodat die hele wêreld dit moet sien en daarop moet let, is die "Tetragram", wat afgelei is van die Ou Testamentiese verbondsnaam in die Hebreeuse vorm, as opskrif geplaas in die drie voormalige wêreldtale oor Jesus Christus toe hulle Hom gekruisig het. Vergelyk die Hebreeuse teks van Johannes 19 vers 19:

"**J**AHSHUA **H**ANOZRI **W**UMELECH **H**AJEHUDIM"
("Jesus van Nasaret, die Koning van die Jode")

Die eerste letter van elke woord vorm hier die "Tetragram", JHWH, presies soos die HERE God dit geopenbaar het aan Moses.

Die God van die Ou Testament is ook die God van die Nuwe Testament! Dit is so volmaak soos kan wees. Wie ore het om te hoor, laat hom hoor; en wie oë het om te sien, laat hom sien! Salig is die oë en ore wat die geopenbaarde God sien en hoor.

God se koninkryk is 'n ewige koninkryk sonder dood (Jes. 25:8; Openb. 21:4; onder andere)! En daarom moet almal wat daarin sal wees, die ewige lewe het. Volgens die aankondiging moes Hy tydens sy eerste koms gebore word as ‘n mens om te kan ly en te kan sterf. Die vestiging van Sy koninkryk is nou eers naby. *"En die HERE (Jahweh) sal Koning wees oor die hele aarde; In dié dag sal **die HERE een wees en Sy naam een**"* (Sag. 14:9).

*"... en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse **HERE** geword en van sy **Christus**, en **Hy** sal as Koning heers tot in alle ewigheid"* (Openb. 11:15).

Hoe wonderlik! Hy het homself aan ons as die HERE in die Gesalfde geopenbaar, en die HERE van die Ou Testament is Jesus van die Nuwe Testament – dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid.

## WAS DIE SEUN IN DIE HEMEL GEBORE?

Daar word van Jesus Christus gesê in die "Geloofsbelydenis van Nicaea-Konstantinopel": **"... God se gebore Seun, wat uit die Vader gebore is voor die begin van tyd, God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie geskape nie, een saam met die Vader ..."**. Waar in die Bybel staan dit dat God 'n ander persoon van God, 'n seun, in die hemel geboorte aan gegee het? Natuurlik, nêrens! So 'n gedagte is nie net heeltemal onbybels nie, dit gaan selfs teen alle verwagtinge. Tot nou toe het slegs moeders kinders gebore, wat verwek is deur vaders. Die eerste belofte van die **geboorte van die Seun, die Messias**, wat **die Gesalfde** is, is reeds in Genesis 3:15 in die Ou Testament, na die sondeval in die Paradys, aangekondig. Dit het hier op aarde in Bethlehem, wat "huis van die brood" beteken, plaasgevind, soos geprofeteer in Miga 5 en aangeteken in die Evangelies. Hy is die lewende Brood wat uit die hemel neergedaal het (Joh. 6: 48-58). Ook ten opsigte van die Seun van God, moet 'n mens nie net by die onderwerp bly nie, maar met die waarheid van die Woord.

Net soos God Homself in die tyd van die Ou Testament in 'n sigbare gestalte in ‘n geestelike liggaam as "die HERE" bekend gemaak het, so is Hy in die Nuwe Verbond in ‘n vleeslike liggaam openbaar gemaak. *"... U het vir my 'n liggaam berei ... om U wil te doen, o God"* (Ps. 40:9; Heb. 10: 5-10). Net van toe af, sien ons die Seun langs Sy Vader. Die EK IS het toe ook die "U is" geword, die tweede Adam (1Kor. 15: 45-49), die begin van die nuwe skepping van God (Openb. 3:14), die eersgeborene onder baie broeders (Rom. 8:29), en die eersgeborene uit die dode (Kol. 1:18; Openb. 1:5), ens. Dit het alles gebeur om ons ontwil. Hy is die Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem (Joh. 1:29). Hy moes Hoëpriester wees, wat met Sy eie bloed in die hemelse heiligdom ingegaan het (Heb. 9:11-12). Hy was as 'n menslike middelaar tussen God en die mense (1Tim. 2:5); Hy moet met die Vader as 'n middelaar bly tot die voleinding van die verlostes (1Joh. 2:1-3). Alles wat geskrywe is in die Ou Testament met verwysing na die Seun, was nog in die toekoms:

***"... uit jou sal daar vir My uitgaan een wat ‘n Heerser in Israel sal wees, en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid. Daarom sal Hy hulle prysgee tot op die tyd dat ‘n barende gebaar het ..."*** (Mig. 5: 1b-2a).

***"Ek sal vir Hom ‘n Vader wees, en Hy sal vir My 'n Seun wees"*** (2Sam 7:14; Heb. 1:5).

***"... U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer ..."*** (Ps. 2:7; Hand. 13:33; Heb. 1:5; 5:5). In die ewigheid is daar geen vandag en geen môre nie. Die "vandag" is volgens Hebreërs 4:7 en elders die *"dag van heil",* die tyd van genade (2Kor. 6:2).

***"Ja, U is dit wat my uit die moederskoot uitgetrek het ..."*** (Ps. 22:10; Luk. 1: 26-38).

***"Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Emmánuel noem"*** (Jes. 7:14; Matt. 1: 18-25).

***"Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors..."*** (Jes. 9:5; Luk. 1: 31-35).

***"Hy is dit wat My sal noem: U is my Vader, my God en die rots van my heil! Ja, Ek sal hom 'n eersgeborene maak ..."*** (Ps. 89: 27-28), en vele ander.

Die vervulling van al hierdie bybel-gedeeltes oor die geboorte van die Seun van God kan in die fynste besonderhede gelees word in die Evangelies. Lukas deel ons mee dat toe Maria die aankondiging van die geboorte van die Seun gehoor het uit die mond van die engel Gabriel, was sy diep verbaas en sê toe: *"Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie? En die engel antwoord en sê vir haar die:* ***Die Heilige Gees*** *sal oor jou kom en* ***die krag van die Allerhoogste*** *sal jou oorskadu.* ***Daarom sal ook die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word"*** (Luk. 1: 34-35).

'n Vader in die Hemel het nie geboorte gegee aan die Seun nie, maar die maagd hier op aarde het. Dit is die reine waarheid. Die Seun is uit die Vader verwek en deur die moederskoot van Maria gebore; Daarom is die klem op die geloof in die "eniggebore Seun van God" (Joh. 3: 16-18, onder andere).

Die beloofde seun was net eenmaal verwek en hier op aarde gebore. Daar is geen twee seunsskappe nie, want daar is net een vaderskap. Voorheen was hy "die HERE", wie toe die gestalte van ‘n dienskneg aangeneem het. *"Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete,* ***het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun*** *wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het"* (Heb. 1: 1-2).

Die kerkvaders, met hul leerstellinge wat hul oorsprong het uit die heidendom, het net gebly met die onderwerp, maar nie in die Skrif-alleen geopenbaarde waarheid nie. Met hul Babiloniese, Egiptiese en Griekse gods- en godheids-veronderstellinge, het hulle nooit die foute aangespreek nie, wat later en tot nou toe oor die algemeen deur georganiseerde- en onafhanklike kerke as onweerlegbare reëls aanvaar is. Hulle maak die **totaal-onbybelse**, inderdaad paradoksale stelling dat die Seun reeds bestaan het in die hemel as 'n afsonderlike goddelike persoon en dat die vooraf-bestaande seun gebore is op aarde. Waar staan dit in die Bybel? Natuurlik nêrens nie! Dit het gelei tot die proklamasie by die Raad van Efése (431 n.C.), naamlik, dat Maria die ‘Moeder van God’ is. Dit word nie een keer in die Bybel gevind nie, maar was eintlik en aanvanklik ‘n oosters-Mesopotamiese mitologie.

Die argument oor die **sending** van die Seun, word aangevoer sonder die besef dat die Seun voorheen die Woord, *die Logos,* was. Daar staan **nie**: "In die begin was die Seun ..." nie, maar *"In die begin was* ***die Woord*** *... en* ***die Woord*** *het vlees geword ...".*

Regdeur die Ou Testament het God Sy diensknegte en profete gestuur. Moses was 'n man van God gestuur, *"... die HERE, die God van die Hebreërs, het my na u* ***gestuur*** *met die boodskap: Laat my volk trek ..."* (Ex. 7:16).

Johannes die Doper was, soos reeds genoem, **gestuur** om die weg van die HERE God voor te berei: *"Kyk, Ek **stuur** my boodskapper voor u aangesig ..."* (Mark. 1:2).

Selfs die twaalf apostels was **gestuurdes** (Matt. 10:5), en die sewentig (Luk. 10:1). Paulus was 'n **gestuurde**, soos hy ons meegedeel het in Handelinge 22:21: *"Gaan heen, want Ek sal jou ver **wegstuur** na die heidene"*.

Die HERE self het gesê: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My **gestuur** het"* (Joh. 13:20).

So spreek die HERE: ***"Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook"*** (Joh. 20:21).

*"Daarom, kyk, Ek **stuur** profete en wyse manne en skrifgeleerdes na julle toe ..."* (Matt. 23:34)

*"Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou **gestuur** is ..."* (Matt. 23:37)

Maar al hierdie **gestuurdes** was, net soos die Seun van God, gebore op aarde. So kon Hy ook sê: *"... Ek en die Vader, wat My **gestuur** het"* (Joh. 8:16b).

## GEES EN WAARHEID

*Met bybelse leringe moet mens altyd na die beginpunt, na die oorsprong terug gaan.*

Ons moet terug gaan na die oorsprong – in verband met die skepping, na die Skepper, in verband met die verlossing, na die Verlosser. Die groot heilsplan van onse God is dat Hy Sy seuns en dogters in hul oorspronklike posisie plaas, hulle die ewige lewe gee, om hulle vir ewig saam met Hom te het. God ontvou Sy verlossingsplan vir ons en is deelagtig in die verwesenliking daarvan. Nie 'n sekere kennis van God nie, maar die ware, naamlik dat God in Christus, Sy eniggebore Seun, die Gesalfde, wie Hy persoonlik gestuur het, en die wêreld met hom versoen het (2Kor. 5:19). Die Seun het gesê: *"Glo My dat Ek in die Vader is, en die Vader in My; of anders, glo My ter wille van die werke self"* (Joh. 14:11). Die Vader was gelyktydig in die hemel en in die Seun op die aarde. Nie 'n uitgevinde lering, of 'n belydenis of 'n godsdiens kan salig maak nie; God maak salig deur Jesus Christus, onse HERE.

Dit sou die grootste absurditeit wees, indien God die saligheid van die mense van ‘n godsdiens of kerk afhanklik gemaak het of dit aan die godsdienstige leiers oorgelaat het. Almal maak klaarblyklik op hul eie manier salig. Ná die dood beland sommige vermoedelik in die vagevuur; waar die ander heengaan, is grootliks ‘n onsekerheid. Dit kan nie wees nie! Is ons gebore in 'n onbybelse, tradisionele godsdienstige kultuur en nog steeds daarin vasgevang? Die uitdagende boodskap is: "Terug na die begin! Terug na die Woord!"

Byna alle teoloë het natuurlik dieselfde fout gemaak: hulle het die benaminge van God as name gebruik en dieselfde redenasiemetodes gebruik as die kerkvaders. Hulle het veronderstel byvoorbeeld dat "vader" en "seun" name is. Hulle het ook nie die voorspellende karakter van die Ou-Testamentiese profetiese woord erken nie, en ook nie die band gevind wat die Ou met die Nuwe Testament verbind nie – met die beloftes wat tot vervulling lei nie. God beteken nie "Vader" nie, God is die Vader.

God word nie 'Skepper' genoem nie, God is die Skepper. Sy naam is nie 'Regter' nie, Hy is die Regter, ens., ens. Dit is dieselfde met die Seun. Hy word nie "Seun" genoem nie, Hy is die Seun.

Toe Sy geboorte op hande en aangekondig was, lees ons: ***"... en jy moet Hom Jesus*** (Jahshua) ***noem ..."*** (Luk. 1:31). Hy is gebore as ‘n seun, maar slegs by Sy besnyding het hy Sy naam gekry. *"En toe agt dae vervul was, dat hulle die Kindjie sou besny,* ***het hulle hom Jesus genoem****, die naam wat deur die engel gegee is voor sy ontvangenis in die moederskoot"* (Luk. 2:21).

**God het die Vader geword met die geboorte van die Seun, net soos 'n man ‘n vader word wanneer sy kind gebore word.**

As die Heilige Gees, wat die verwekking teweegbring, 'n ander persoon was, dan moes die Seun dienooreenkomstig die Seun van die Heilige Gees genoem gewees het. Maar die Heilige Gees is die krag van die Allerhoogste wat oor Maria gekom het. Paulus het nie gefilosofeer oor die sending van die Seun nie, dit het vir hom gegaan oor die doel wat met die Seun se koms verband gehou het: *"Maar toe die volheid van die tyd gekom het,* ***het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou****, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop,* ***sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!*** *Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus"* (Gal. 4: 4-7).

Jesus, wie herhaaldelik beklemtoon het **dat Hy deur die Vader gestuur is**, het gesê: *"Maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal* ***stuur****, Hy sal julle alles* ***leer*** *en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het ... Julle het gehoor dat Ek aan julle gesê het: Ek gaan weg* ***en*** *Ek* ***kom weer*** *na julle toe"* (Joh. 14: 26-28).

Die Opgestane HERE was fisies voor die oë van Sy dissipels opgeneem in die hemel (Luk. 24: 50-51) en op Pinksterdag Hy het teruggekom in die Gees om Sy woonplek in te neem in Sy eie.

Deur die Heilige Gees kom die Verlosser in die verlostes as *"Christus in ons – die Hoop van die heerlikheid"*. **Soos Hy is uit die Vader uitgegaan het** en na ons gekom het, **het die Gees uit die Vader uitgegaan**. Daar staan geskrywe: *"Maar as die Trooster gekom het* ***wat Ek vir julle van die Vader sal stuur****, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig"* (Joh. 15:26).

*"... want die Vader self het julle lief, omdat julle My liefgehad en geglo het dat ek* ***van God uitgegaan*** *het. Ek het* ***van die Vader uitgegaan*** *en in die wêreld gekom ... Sy dissipels sê vir Hom: Kyk, nou spreek U ronduit en gebruik geen gelykenis nie. Nou weet ons dat U alles weet en nie nodig het dat iemand U iets vra nie. Daarom glo ons dat U van God uitgegaan het"* (Joh. 16: 27-30).

***"In dié dag sal julle weet dat Ek in my Vader is, en julle in My, en Ek in julle"*** (Joh. 14:20).

Die Heilige Gees is die Gees van God. God het belowe: *"En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees ..."* (Joël 2:28). Hy het (Hand. 2) gedoen. Volgens Handelinge 1:4, het die HERE Sy dissipels beveel *"... om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die* ***belofte van die Vader****, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het. Want Johannes het wel met water gedoop,* ***maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word*** *..."* Dit het gebeur tydens Pinkster en voortdurend sedertdien (Hand. 10 + 11 o. a.). Petrus het die geleentheid in sy eerste preek voor duisende mense bevestig *"Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en* ***van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het****, het Hy dit uitgestort, wat julle nou sien en hoor"* (Hand. 2:33). Vir die vroeë Christene was die vulling met die Heilige Gees 'n ervaarde werklikheid, 'n bevolmagtiging en toerusting vir diens met krag vanuit die hoogte (Hand. 1:8).

Eerstens was die Verlosser die "**Gesalfde van God**", *"Met betrekking tot Jesus van Nasaret, hoe God Hom* ***gesalf het met die Heilige Gees en met krag****. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met hom was ..."* (Hand. 10:38).

Sedert Pinkster is die verlostes gesalf met dieselfde Heilige Gees. *"Maar Hy wat ons saam met julle bevestig in Christus en ons **gesalf** het, is God"* (2Kor. 1:21). *"En julle het die **salwing van die Heilige** en weet alles"* (1Joh. 2:20). In Lukas 4:18, verwys die HERE Jesus na die woorde van die profeet Jesaja in hoofstuk 61, en sê: *"Die **Gees van die HERE** is op My, omdat die HERE My **gesalf** het om die evangelie aan die armes te bring ..."*

Die Hebreeuse woord **Messias** en die Griekse woord **Christos** beteken "**Gesalfde**". In Antiochië was die gelowig-gewordenes wat met die Heilige Gees vervul was, die eerstes wat "gesalfdes" oftewel "christene" genoem was (Hand. 11:26). Net soos die Geesgebore en -gesalfde Seun **nie die salwing** aanbid nie, **maar die een wat Hom gesalf het**, so is dit met almal wat uit die Gees gebore is en tot nou nog met die geesvervulde kinders van God.

*"Hieraan ken julle die Gees van God: Elke gees wat bely **dat Jesus*** **as die *Christus* (nl., as die Gesalfde – "Ha Maschiach")** ***in die vlees gekom het, is uit God**"* (1Joh. 4:2).

Aan die vrou by die fontein van Jakob het Jesus destyds gesê, en sê dit sedertdien aan almal wat na Sy stem luister: *"maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer **die ware aanbidders die Vader in gees en in waarheid sal aanbid**; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. **God is Gees**; en dié wat Hom aanbid, **moet** in gees en waarheid aanbid"* (Joh. 4: 23-24).

Die Gees van God is die Gees van die waarheid, en die Woord van God is die Woord van die waarheid. 'n Ware aanbidding van God kan slegs gedoen word deur mense wat self in die Gees en in die woord van God is. Die Woord word geïnspireer deur die gees – die heilige manne het uit God gespreek (2Pet. 1: 20-21). Slegs diegene wie deur die Gees van God gelei word (Rom. 8:14), het toegang tot dit wat deur hulle geopenbaar was.

Die argument: Omdat die Gees *praat, lei, vertroos* en *bedroef* kan word, ens, bewys dit Sy 'selfstandigheid', het ontstaan uit menslike idees wat geen toegang tot die goddelike gebied het nie. Waarom tog sou die Gees van God nie alles hierdie en nog baie meer kan doen nie? Die menslike gees kan dit tog ook doen sonder daardie 'selfstandigheid'.

Tot hiertoe het die God-vresendes alles, ook die "onse Vader" so gelaat soos ons dit geleer was. Hulle het geen "onse Seun", geen "onse Gees", geen "onse Vader-Moeder" bygevoeg nie. Slegs diegene wat hulself verheerlik en God en Sy Woord moedswillig verdraai, hef hulself op, net soos die Antichris doen wat hy wil met God en Sy Woord. Tog bly alle dinge by God soos dit oorspronklik gemaak is. Selfs vandag nog, bid al die bybel-getroues eerbiedig: *"Onse Vader wat in die hemele is ..."* Daarby mag niemand iets byvoeg of selfs verander nie. Ook mag niemand bid: "Hemelse Seun" omdat dit glad nie bestaan nie, maar almal kan verblydend bid tot God: "Hemelse Vader ..." of "HERE Jesus Christus ..." of "Seun van God, ek dank U ..."

Die openbaring van God as Vader is hemels, Sy openbaring in die Seun is aards. In die Heilige Skrif vind ons ook net die term "Ewige Vader" – want die Ewige Een het onse Vader geword – nooit die ‘ewige Seun’ nie. Ons lees wel daarin van die Seun wat vir ewig volmaak is (Heb. 7:28b). Alle seuns en dogters van God bekom die volheid in Hom vir ewig. Die mensdom is mislei deur valse leringe. Profete en apostels het God nie verduidelik nie, nie eenmaal opverdeel nie, hulle het hom so op- en aangeneem soos Hy Homself geopenbaar het. Slegs diegene aan wie God Homself persoonlik openbaar, erken Hom en word erken deur Hom.

## HEELTEMAL EIENAARDIG

In ons dag word die afsonderlike aanbidding van die sogenaamde »drie persone« in die »Drie-eenheid«, veral beklemtoon. Die pous het die jare 1997, 1998 en 1999 as spesiale jare verklaar, waarin, volgens die verklaring, »die drie goddelike persone«, die een na die ander en dan in die »heilige jaar 2000«, al drie gelyk aanbid moet word. Die pinkster- en charismatiese predikers het hul plek in die interkerklike byeenkomste en – beïnvloed deur die gees van die tyd – praat hulle ook van die »persoon van die Heilige Gees« in ‘n ongekende manier: »Goeie Môre, Heilige Gees! Ek groet U, Ek omhels U, Ek is lief vir U«, tot by: »Heilige Gees, ek verheerlik U, vereer en aanbid U«. Ongelukkig besef sulke mense, wat deur godsdienstige entoesiasme weggevoer word en vanuit alle gelowe 'n nuwe geestelike belewenis wil ervaar – soms selfs onder die begeleiding van oorverdowende musiek – nie dat sulke »aanbidding van die Heilige Gees«, heeltemal vreemd aan die Bybel is nie. Dit het nog nooit regtig bestaan nie. God se Woord word ook hierin verontagsaam en oortree. Volgens die getuienis van die Skrif, is daar geen spesiale verheerliking van die Gees nie, omdat Jesus self gesê het: *"Maar wanneer Hy gekom het, die* ***Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei****; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig.* ***HY sal My verheerlik****, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig. Alles wat die Vader het, is myne; daarom het Ek gesê dat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig"* (Joh. 16: 13-15).

Dit gaan nie oor haarklowery nie, maar om die volle waarheid te weergee. Oor die algemeen is die »Drie-eenheids« lering geformuleer in verskeie rade: »'n God in drie persone: die Vader is God, die Seun is God, die Heilige Gees is God, en hierdie drie goddelike persone is een God«. Maar waar is dit in die Bybel? Natuurlik nêrens nie! In die Ou Testament is daar geen spoor of enige aanduiding van drie goddelike persone in die ewigheid nie.

In die nuwe-testamentiese briewe is die term "God die Vader" dikwels gebruik, byvoorbeeld: *"Geseënd is die **God en Vader** van onse HERE Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus"*, maar nie een keer kry ons die term: »God, die Seun« nie, maar altyd: "die Seun van God" of "Seun van die Allerhoogste", "Seun van die mens", "Seun van Dawid". Net so, sê dit ook nie 'n enkele keer »God, die Heilige Gees« nie, maar wel: "Die Gees van God ...", "Die Heilige Gees ..." of "Die Gees van Christus ...". In die Ou Testament vind ons 378 keer die benaming "Ru'ach Jahweh" – "Gees van die HERE ...". So 'n bevinding is van groot belang. Is dit nie duidelik vir die ondersteuners van die »Drie-eenheid« dat God geen verwysingspunt het nie? As "die Ewige" is Hy self die verwysingspunt. "Seun" en "Gees" is Sy vertrek- en verwysingspunt: "die Seun van God", "Gees van God". As hulle ooit selfstandig was van God, het hulle nie God nodig as 'n verwysingspunt nie.

Ook het nog nooit 'n profeet of apostel of enige man van God 'n trinitariese seën gebruik soos kerke oral in die wêreld dit beoefen nie, wat bepaalde volgorde het: »God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees, sal jou seën«. Dieselfde geld vir die vorm van gebed: »Eer aan God die Vader, die Seun en die Heilige Gees«. Daar word in die Bybel ook **nie** berig, dat 'n gebed of 'n daad ooit begin of geëindig word »in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees« nie. Paul beveel namens God, dat alles wat ons doen in woord of in daad, **gedoen moet word in die Naam van die HERE Jesus** (Kol. 3:17). Prediking, gebed, verlossing, genesing, bevryding – word alles gedoen in die naam van Jesus Christus.

Sommige ken en beoefen nog steeds die God-verordineerde "Aaronitiese" seëngroete: ***"Die HERE sal jou seën en jou behoed; die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee"*** (Num. 6: 24-26). Paulus gebruik die "genade-seën" aan die begin en die einde in al sy briewe, ten minste veertien keer, maar elke keer anders. Hy het glad nie daaraan gedink om 'n

standaard formule daar te stel, soos dit nou wêreldwyd beoefen word in die denominasies nie. Petrus, Paulus en die hele vroeë Gemeente, wat nie 'n christelike organisasie was nie, maar **die lewende organisme van *Christus***, onder die leiding van die Heilige Gees en het geweet aan wie die aanbidding behoort: *"... aan die alleenwyse God, aan Hom die heerlikheid deur Jesus Christus tot in alle ewigheid! Amen"* (Rom. 16:27).

## Eerbied vir die Groot Verborgenheid

> *Dit is eintlik 'n geopenbaarde geheimenis en tog nog gelyktydig verborge. Soos ons die hele skepping kan sien soos gemanifesteer in die lewe, maar nie die lewe self kan sien nie, so is dit met God in Christus: Ons sien nie God as Gees nie, maar sien Hom geopenbaar: "Hy wat My gesien het, het die Vader gesien "*

Paulus het diep respek vir die Hoogste gesag. Hy het die groot verborgenheid uitgebring met die punt: *"En onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: **God** is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die **Gees**, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid"* (1Tim. 3:16).

In Romeine 1, verse 1-4 lewer die apostel sy getuienis soos volg: *"Paulus, 'n dienskneg van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God, wat Hy tevore beloof het deur sy profete in die heilige Skrifte, aangaande sy Seun **wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid en na die Gees van heiligheid met krag verklaar is as die Seun van God deur die opstanding uit die dode, Jesus Christus, onse HERE**"*

In Romeine 9 beklemtoon Paulus die goddelike wat voort kom uit die vlees: *"... hulle is (immers) Israeliete aan wie die aanneming tot **kinders** behoort en die heerlikheid en die verbonde en die wetgewing en die erediens en die **beloftes** aan wie die vaders behoort en wie uit die Christus is na die vlees — **Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid! Amen**"* (verse 4-5).

Die Seun van God beklemtoon die betekenis van die goddelike verborgenheid met die woorde: *"... Ek loof U, Vader, HERE van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge **verberg** het vir wyse en verstandige mense, en dit aan kindertjies **geopenbaar** het. Ja, Vader, want so was dit U welbehae*. *Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en **niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader, ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar**"* (Matt. 11: 25-27; Luk. 10: 21-22). Hy wil dit doen, maar ons moet gereed wees om die openbaring te aanvaar.

## ALMAL VERDEDIG HUL EIE LERINGE

> *Dit is te verstane dat almal hul eie leringe verdedig. Maar salig is hulle wat kan sê soos die Meester: "My leer is nie myne nie, maar van Hom wat My gestuur het. As iemand gewillig is om sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is, en of Ek uit Myself spreek" (Joh. 7: 16-17).*

Kerk-getroue mense het die reg om dit te verdedig wat kerkleiers gesê het in die kerklike handboeke. Maar dit is nie hul goddelike reg nie, anders sou dit gekoppel gewees het aan dit wat God gesê het. Godsdienstige mense het die reg om te staan op wat hulle godsdiens glo en onderrig. **Maar wat het dit, wat alle godsdienste en denominasies leer, met God te doen as dit nie met Sy Woord saamstem nie?** Deurdat elkeen hul eie geloofsbelydenisse het, het hulle hul eie beginsels daargestel, sonder om daarvan bewus te wees dat dit gegrond is op iets heel anders as wat Paulus bedoel het en waarop die vroeë Gemeente gebou was (1Kor. 3: 10-15). Almal is dit eens dat "hulle alleen reg is", anders sou hulle hul godsdiens verander het. Die ander word altyd van dwaalleer en afvalligheid beskuldig; "húlle" is die valse leraars, die afvalliges, die verkeerdes.

Daar is een instansie onder al die denominasies wat eis dat verlossing net uit een kerk verwek word, wat natuurlik op geen

manier met die Skrif ooreenstem nie. In die KATEGISMUS VAN DIE KATOLIEKE KERK sê dit: **"Die besluit van die Tweede Vatikaanse Raad oor Ekumenisme verklaar dat: Slegs deur die Katolieke Kerk van Christus, wat die algemene hulp tot verlossing is, kan mens die volheid van die reddingsmiddele verkry. Want alleenlik aan die apostelskap wat Petrus voorgestaan het, glo ons, het die HERE alles van die Nuwe Verbond toevertrou, om die liggaam van Christus op aarde te bou waarin almal ingelyf moet word, wat op een of ander manier aan die volk van God behoort"** (bl. 244). Dit is duidelik dat sy huidiglik strewe om almal in haar moederskoot in te neem. Die hele verduideliking het egter geen Bybelse basis nie, net soos die *"... so glo ons ..."* niks te doen het met geloof volgens die Skrif nie.

Diegene wat werklik gebind is deur God se Woord, moet sodanige verklaring teenstaan omdat dit eenvoudig nie waar is nie. Verlossing is nie te vinde in 'n denominasie nie, maar in die Een wat vir ons verlossing gebring het. Voor Konstantyn (306-337) was daar geen »Katolieke«*, dit wil sê, geen verenigde, algemene kerk nie. Daar was ongeveer 130 verskillende gelowe, wat almal in hul leringe verskil het. In die eerste eeue was daar geen pouse of kardinale, kloosters, monnike of nonne, of enige liturgie en dies meer nie. Daar was absoluut niks van alles wat sedert die ontstaan van die keiserlike kerk – wat nie na Christus nie, maar na Konstantyn en die raadsvaders teruggaan – ingevoer is nie. Van 'n alleen saligmakende kerk word nêrens in die Bybel melding gemaak nie. Stellings soos "Die Kerk, die universele sakrament van verlossing" of "Geen verlossing buite die Kerk nie", word ook nie daarin gevind nie. Ook die sin: "Slegs diegene wat die Kerk as hulle moeder het, het God as hul Vader!", word tevergeefs gesoek, asook die verwysings na 'Petrus se opvolger', 'n apostoliese opvolging of selfs 'n hiërargie. In wese is dit 'n instelling wat uit die staanspoor buite die Evangelie staan en glad nie in die Woord van God is nie.

---

* Katolieke beteken “algemene”

Nou ontstaan natuurlik die vraag of ons die huidige hooggeplaastes van alle Christelike denominasies, soos die pouse, kardinale, biskoppe, pastore, predikers, evangeliste, moet blameer dat hulle nie in die Woord gevind word nie, maar vasgevang is in oorgeërfde tradisies. Waarskynlik nie, want hulle almal is in die eeue-lank bestaande lerings-strukture gebore, waarin hulle ook hul studies voltooi het en het waarskynlik ook nooit die waarheid gehoor nie. Selfs die formele- en onafhanklike kerke wat van die Kerk van Rome weggebreek het, het in "goedertrou" leerstellig deel daarvan gebly. En almal aanvaar dat alles reg is soos dit is. Maar nou het die oomblik van waarheid aangebreek: die vergelyking tussen bybelse leringe en praktyke en, aan die ander kant, oorgeërfde tradisies, verg dringende besluitneming. Van nou af sal niemand ‘n verskoning het nie. Net wat in die Skrif geskryf is, is nou gesaghebbend. By God is daar geen 'heilige tradisie' nie; net by die mensdom is daar Katolieke, Ortodokse of ander selfgemaakte, oorgeërfde tradisies.

Het ons in die geheel dus te doen met 'n buite-bybelse Christelike Kerk, 'n Christelike kultuur, 'n Christelike erfenis wat verband hou met 'n pouslike dogma-geskiedenis, waarvan sommige onder Protestante gevind kan word, maar in werklikheid niks met Christus in gemeen het nie?

Daar is vrae bo vrae. Is godsdiens in werklikheid ‘n bedrogspul? Was ons mislei in die naam van God? Hoe is dit nou eintlik in werklikheid? Wat is die waarheid, die "goddelike waarheid" en wat word aangebied as kerklike, godsdienstige waarheid? Waarom het die verskillende rade hul eie geloofsbelydenis geformuleer, wat selfs die titel »Apostoliese Geloofsbelydenis« gegee was, alhoewel die apostels nie daarvan geweet het nie – omdat dit honderde jare later ingestel is en nie aan hulle leerstellinge voldoen nie? As God se Woord as die "geloofsbelydenis" aanvaar was, sou dit genoeg gewees het.

'n Kind van God het net een plig: om die geloof van die ewige Woord van God te glo en om dit getrou te weergee. Dit lei outomaties tot 'n kompromie-lose afkeuring van dit wat nie van

goddelike oorsprong is nie. Nou gaan dit nie net om die bybelse temas te behandel nie, maar om dit alleen uit die Skrif te verlig. Wie dan **nie** die liefde tot die waarheid het nie, sal in die krag van die dwaling bly (2Thes. 2) en in die oordele van God val. Dit is nou die tyd vir goddelike duidelikheid en -regspraak. Die gebod van die uur is: "Terug na God en Sy Woord!"

## DIE ROTS

Die HERE het Sy dissipels die vraag gevra: *"Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is?".* Die antwoorde van die mense was verskillend. Deur 'n goddelike openbaring het die apostel Petrus inderdaad die korrekte antwoord gegee: *"U is die Christus, die Seun van die lewende God".* **Dit gaan oor hierdie openbaring, nie jou interpretasie daarvan nie!** *"Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon, seun van Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou* ***geopenbaar*** *nie, maar my Vader wat in die hemele is.* (Luk. 10:22). *En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en* ***op hierdie rots*** (= Petra, 'n massiewe rots) *sal Ek My gemeente bou ..."* (Matt. 16: 17-18). Op **hierdie rots**. Die HERE het nie gesê: "*... en op jou, Petros* (= 'n steen) *sal Ek my gemeente bou"* nie. Dit is die ware **rots-openbaring** wat Petrus gegee was, **naamlik dat Jesus Christus die Rots is**. Hoe kon die HERE Sy Gemeente bou op 'n man aan wie hy vier verse later moes sê: *"Wyk agter my, Satan!".*

Die HERE self is die Rots, in die Ou en die Nuwe Testament, en niemand anders nie. So sê die HERE: *"... is daar 'n God buiten My? Ja, daar is geen* ***rotssteen*** *nie; Ek ken geeneen nie"* (Jes. 44:8b) Petrus getuig dat **Christus** die Rots is: *"Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n steen van aanstoot en 'n* ***rots*** *van struikeling – vir dié wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die Woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is"* (1Pet. 2: 6-8), Paulus beskryf Christus as die **geestelike rots** wat Moses geslaan het en wat Israel vergesel het (1Kor. 10:4).

Christus self is dus die **rots**, die **hoeksteen**, waarop die nuwe-testamentiese Gemeente gebou is, en niemand anders nie.

Petrus, die vroeë Gemeente en al die wedergebore kinders van God in die tyd van genade is lewende stene in hierdie goddelike gebou (1Pet. 2: 1-10, o.a.). Dieselfde gesag wat bind en ontbind, wat die HERE aan Petrus gegee het, het Hy aan die hele Gemeente oorgedra. Wat hy in Mattheüs 16 geformuleer het in die enkelvoud: *"... Ek sal **jou** die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat **jy** ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat **jy** ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees",* het Hy net 'n bietjie later op die **Gemeente** toegepas. Deshalwe staan dit in Mattheüs 18 vers 18 in die **meervoud**: *"Voorwaar Ek sê vir **julle**, alles wat **julle** op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat **julle** op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees".*

Die woorde wat die HERE aan Petrus uit Mattheüs 16 gerig het, was algemeen toegepas deur al die verkondigers van God se Woord, totdat Pous Leo I (440-461) ongemagtigd beweer het dat hy die »opvolger van Petrus« is en, op grond van daardie teks, aangedring het op die primaatskap as Romeinse biskop en dit op homself persoonlik toegepas. Nie een van die vaders van die Kerk het daarop aanspraak gemaak in die eerste eeue nie, selfs nie eens Athanasius en Augustinus nie.

Die Bybel, wat tot in detail berig lewer oor al die reise van Petrus en Paulus, maak geen melding dat Petrus ooit in Rome was nie. Eers toe Leo I na hom begin verwys het, het Petrus 'n »geskiedkundige legende« geword. Paulus het briewe aan die gemeente in Rome geadresseer; in sy laaste een groet hy 27 mense by naam. Hy het ook vanaf Rome die meeste van die briewe aan gemeentes en individue gerig maar het Petrus in al die jare nie eens eenmaal genoem nie. Petrus op sy beurt het ook nie 'n enkele brief **aan** die gemeente in Rome geskryf nie, ook nie **daarvandaan** nie. Ook hierdie punt is 'n gerieflike kerklike uitvindsel. Die Bybel weet niks van 'n »Stoel van Petrus«, of van 'n »Plaasvervanger van Christus« nie. Dit is alles selfgemaakte tradisies wat geen skriftuurlike grondslag het nie.

Veral sedert die ontstaan van die staatskerk in die 4de/5de eeu nC, is leringe en praktyke ingestel, wat voortgespruit het uit die intellek en valse inspirasies. Dit sluit in die »biegstoel« en alle verwante kerklike praktyke, ingesluit die »kwytskelding van sondes«. Die onderliggende woorde van onse HERE: *"**As julle** die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; **as julle** die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou"* (Joh. 20:23), het met die algemene vergifnis wat elke persoon deur die geloof in Jesus Christus van God ontvang, niks te doen. Slegs indien iemand sondig teen 'n ander, bv. teenoor 'n persoon wat belas is met die verkondiging van die Evangelie, kan so iemand hom vergewe. Sou die betrokke persoon egter teen die Heilige Gees sondig, wat deur 'n dienskneg van God werk, dit kan nie vergewe word nie. Jesus, onse HERE, sê: *"Voorwaar Ek sê vir julle, al die sondes sal die mensekinders vergewe word en al die lasteringe wat hulle mag uitgespreek het; maar **wie teen die Heilige Gees gelaster het, het geen vergifnis tot in ewigheid nie, maar is skuldig aan die ewige oordeel**"* (Mark. 3: 28-29). Sulke sonde kan 'n dienskneg van God nie vergewe nie. Wie sondig teen die Gees van God het hom van godslastering skuldig gemaak, wat nie 'n tydelike nie, maar 'n ewige sonde genoem word. Dit moet niemand oortree nie: God laat Hom nie bespot nie.

Terloops, so ook alle getuienisse van die Heilige Skrif, asook die Sendingsopdrag, ongeag van wie ookal aangespreek word, wie **almal** deur die HERE in ewigheid opdrag gegee word.

Wie Matthéüs 16 verder lees, sal oplet dat die HERE vir Petrus selfs kort na sy bekentenis bestraf deur te sê: *"Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense"* (v.23).

In die oomblik toe die apostel onder goddelike inspirasie spreek, het die HERE hom geloof. Toe hy later menslik aangevoer praat, het hy 'n verstrikking geword en was hy tereg gewys. God het dit toegelaat, sodat niemand uit hom iets spesiaals van God kon maak nie. Almal wat uit menslike ervaring en nie uit 'n goddelike openbaring argumenteer nie, word beskou in die oordeel van die

HERE se tweede verklaring. Daar was nog altyd diegene wat die HERE korrek verstaan het. Die ander misverstaan dit en pas dit verkeerdelik toe. Hy **openbaar** Homself aan diegene wat Hom belewe. Hulle herken Hom en het gemeenskap met Hom. Aan almal wat slegs van Hom hoor en van Hom praat, bly Hy verborge, vreemd en ver.

## DIE DOOPBEVEL

> *Met 'n bevel, 'n opdrag, is dit van die uiterste belang om aandagtig te luister om die opdraggewer mooi te verstaan. Daarby is dit voordelig om dit direk uit die mond van die een wat die opdrag uitreik te hoor – uit die derde mond kan eie idees reeds bygevoeg word. Ook, die sleutel-woord is altyd van kardinale belang.* ***Met die doopbevel is die "Naam" die kern van die opdrag — want daar moet gedoop word in die naam.***

Omdat die trinitariese beoefening van die doop direk verband hou met die onderrig van die sogenaamde 'goddelike persone' sal ons kortliks nou daaroor praat. In verskeie publikasies, word nie net die algemeen beoefende praktyke, maar selfs die trinitaries-geformuleerde doop in Matthéüs 28 vers 19 in twyfel getrek. Dr. Karlheinz Deschner skryf: **"Jesus het geen Drie-eenheid geken nie. Die in-die-mond-gelegde opdrag in Matthéüs, van die "Opgestane", om te doop "in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees", is eenparig deur kritiese navorsing as 'n vervalsing afgemaak"** (WEEREENS KRAAI DIE HAAN). Die meerderheid van die deeglik-ondersoekende kerkhistorici skryf hierdie formulering toe aan die trinitariese kerklikes.

Soos algemeen bekend is, was die evangelies en die apostelsbriewe aanvanklik hoofsaaklik gesirkuleer in Hebreeus en Aramees in die plaaslike Joods-Christelike gemeenskappe. Die eerste samevatting as die kanonieke in die Griekse Nuwe

Testament, was die werk van manne uit die heidendom wat alreeds die trinitariese konsep gehad het. Hierdie feit is opvallend merkbaar in die skrywes. In sommige vertalings, is daar selfs nog 'n toevoeging in 1Johannes 5. DIE LUTHER BYBEL (1968 uitgawe) se voetnota: **"Die vorige uitgawes van die Bybel verse 7 en 8 staan die woorde: "Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een".** Dit word nêrens gevind in die manuskrifte van die Griekse teks nie, nog minder in Luther se eie vertaling".

In die NOVUM TESTAMENTUM GRAECE ET LATINE van Nestle, vind ons in 'n voetnota, die oorspronklike weergawe van Matthéüs 28 vers 19, soos die kerkvader Eusebius dit behou en weergee het: **"En to onomati Mou" =** ***"in My naam".*** Dieselfde opmerking is in die GRIEKSE NUWE TESTAMENT, Tweede uitgawe, 1954, London Bible House. Hierdie oorspronklike weergawe: *"... en doop hulle* ***in My Naam",*** sou alle foute en latere interpretasies vermy het. Tog kan Matthéüs 28 bly soos dit is, want ons weet dat die Vader, Seun en Heilige Gees is nie name nie, maar benaminge, en dat daar in die naam (enkelvoud) gedoop moet word, naamlik in **die nuwe-testamentiese verbondsnaam** waarin God geopenbaar word as Vader in die Seun en deur die Heilige Gees. Dit is die **HERE Jesus Christus**. Hoe dit ookal sy, dit bly: **"En to onomati Mou" =** ***"in My naam".***

Ewe onbegryplik is hoe die so betekenisvolle nuwe-testamentiese verbondsnaam van onse "HERE", waarin alle heil lê, naamlik **Jah**shua = "Jahweh-Redder" as "Jesus" kon opeindig. Die ware betekenis, naamlik dat **"Jahweh" in die Ou Testa-ment die "Jahshua" van die Nuwe Testament is**, het daardeur verlore gegaan. Ons kan dankbaar wees dat God **die naam** respekteer in enige taal, want Hy weet wat ons daarby bedoel. Name en terme is belangrik vir God, want die eintlike betekenis word altyd daardeur duidelik uitgedruk. In Jesaja 7 vers 14 en in Jesaja 9 vers 6 word ons vertel dat die Seun wie se geboorte daar aangekondig word, *Immanu**el*** (God met ons), sou wees. Op Hom wat gebore is as 'n kind, ‘n Seun wat aan ons geskenk is, rus die heerskappy.

In Sy Naam, word alles ingesluit: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors. God het, nietemin, die misverstande toegelaat sodat Hy dit van die begin af net aan Sy eie kon openbaar.

Deur die doop word die verlostes aan die Verlosser, wie hulle duur gekoop het, verordineer en toegewy. Die Verlosser het 'n naam. Dit gaan om daardie naam, wat aangeroep moet word tot die redding van die siel, want daar staan geskrywe: *"En elkeen wat die **Naam van die HERE** aanroep, sal gered word"* (Hand. 2:21, onder andere). Die Hebreeuse woord "Jasha" is ons woord "red" (Ex. 14:30 — SCOFIELD REFERENCE BIBLE, bl.88). In die geloofslewe geskied alles in Sy naam: verlossing, genesing, ens., wat die naam van Jesus (Jahshua) is waarin alle knieë uiteindelik sal buig en elke tong Hom as HERE sal bely (Fil. 2). In **Sy Naam** is die sewentig uitgestuur, aan wie die duiwels onderdanig was (Luk. 10:17). In die Sendingsopdrag sê die opgestane HERE: *"in **my Naam** sal hulle duiwels uitdryf ..."* (Mark. 16:17). In **Sy Naam** moet aan alle nasies bekering en vergifnis van sondes verkondig word (Luk. 24:47, ens.). Ook by die doop gaan dit om **die naam**, waarvan Petrus sê dat die mens ook **geen ander naam** gegee is onder die hemel waardeur hulle gered kan word nie (Hand. 4: 10-12).

Die Seun het gekom in die naam van die Vader (Joh. 5:43a) en het deur die doop alle geregtigheid self vervul (Matt. 3). Wie Hom nie opneem, deur **Sy naam** aan te roep nie, neem 'n "ander" naam op, wat kom met verhewe titels, maar altyd in hul eie naam (Joh. 5:43b). In Johannes 17 is die hoëpriesterlike gebed: *"Ek het **u Naam geopenbaar** aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het"* (vers 6), want dit was in Psalm 22:23 voorspel: *"Ek wil **u Naam** aan my broers vertel, in die vergadering U prys".* In die hoëpriesterlike gebed sê Hy verder aan: *"Heilige Vader, bewaar in **u Naam** die wat U My gegee het ... en Ek het **u Naam aan hulle bekend gemaak** en sal dit bekend maak ..."* (Joh. 17: 11b+26a) – **die naam wat Hy geërf het** (Hebr. 1:4).

Petrus, die man van die eerste uur, aan wie die HERE self die sleutels van die koninkryk gegee het, waardeur hy 'n allesomvattende goddelike insig gekry het, het die doopgeheimnis opgelos, deurdat hy op die stigtingsdag van die Gemeente van die lewende God, op Pinksterdag, beveel het: ***"Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus ..."*** (Hand. 2:38). Aan hierdie oorspronklike patroon is die nuwe-testamentiese Gemeente vir ewig gebind.

In die vroeë Christendom en in die direkte post-apostoliese tydperk was net diegene wat gelowig geword het gedoop, soos beveel word in Markus 16: *"Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word ...".* Dit was oorspronklik gedoen met 'n enkele onderdompeling, en uitsluitlik in die **naam van die HERE Jesus Christus** (Handelinge 2:38 – Petrus in Jerusalem; Handelinge 8:16 – Filippus in Samaria; Handelinge 19:5 – Paulus in Éfese, ens.). Drie getuienisse. Dit het nie aanvanklik geskied in 'n trinitariese formule nie, soos al die historiese skrywes ook ooreenstemmend getuig. Johannes die Doper het bekering aan die mense verkondig en almal wat die bekering van hulle sondes ervaar het, het hulle laat doop in die Jordaanrivier (Matt. 3: 1-12). Hy het dit in 'n plek gedoen **waar daar baie water was**, so word dit beklemtoon (Joh. 3:23), naamlik, waar dit diep genoeg was om die dopelinge behoorlik te kan onderdompel. D.w.s., die water moes ten minste tot by die heupe kom. So het die Verlosser Hom ook voorbeeldiglik laat doop vir die verlostes. Van Filippus en die hofdienaar word gesê in Handelinge 8: *"... en hulle het altwee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar: en hy het hom gedoop".* **Dit sê nie**: "... en hy het hom besprinkel ..." of "en hy het die water oor hom gegooi" nie.

Die apostels het ook niks van ‘n 'doop-' of 'peet-pa' gesê nie. Bemerkenswaardig is dat die besprinkeling en uitgieting eers ná die instelling van die trinitariese formule begin het. **Nie een maal in die hele kerkgeskiedenis was mense met die bybelse doop ooit besprinkel of was die water oor hulle uitgegiet in die naam van die HERE Jesus Christus nie, maar hulle was altyd net gedoop deur onderdompeling.**

Soos almal behoort te weet, was die onskriftuurlike doop eers in die era van die dwang-kerstening in die Romeinse Ryk ingestel. Die heidense volke het nie gelowig geword as gevolg van die verkondiging van die Evangelie nie, maar was met die hulp van staatsgeweld, deur drie-malige besprenkeling of uitgieting tot nominale Christene verklaar, oud en jonk, groot en klein. Die verduideliking was dat 'n mens so deur die doop genade aangebied sou word. Maar die bybelse orde is: die genade-aanbod kom deur die prediking, gevolg deur geloof as aanvaarding en doop as 'n bevestiging van die geloofs-gehoorsaamheid. *"Die wat toe sy woord met blydskap aanvaar het, is gedoop ..."* (Hand. 2:41).

Deur die doop getuig die dopeling dat God se genade-werk in sy innerlike gedoen is. In die eerste plek beleef ‘n mens die vergifnis van sondes, die regverdiging deur geloof en dan volg die doop. Die doop dui op ‘n verbond met en van 'n goeie gewete voor God (1Pet. 3:21). Van ‘n »vergewingsdoop« of ‘n »wedergeboorte-doop«, is daar glad geen spoor in die Heilige Skrif nie. Vergifnis is wat God ons geskenk het deur die offerdood van Christus, deur die bloed van die Lam van God wat die sonde van die wêreld gedra het. In die doop word die ervaring van vergifnis en verlossing bevestig.

Daar is egter nie 'n enkele geval **in die Bybel** waar enigiemand in die trinitariese formule gedoop, gesprinkel of natgemaak was nie! Paulus het nie net reg gedoop nie, maar het ook getuig dat hy so gedoop is: *"Of weet julle nie **dat ons almal** wat in **Christus Jesus** gedoop is, in sy dood gedoop is nie?"* (Rom. 6:3). Of Matthéüs 28 vers 19 nou in die oorspronklike teks is of nie – een ding is seker: dat die dissipels die Sendingspdrag korrek verstaan en uitgevoer het. As die trinitariers die Griekse teks **"en to onomati Mou" = "in My naam"**, verander het na die formule: "in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees", dan is hulle mislei deur die teenstander en verlei en het hulself daardeur ‘n ernstige en onomkeerbare swaar skuld opgelaai. Hulle sal daarvoor antwoord met die "Laaste Oordeel" en die gevolge daarvan moet dra. Aangesien die lering van die drie-

eenheid, wat hulle vanuit die heidendom geërf het, hand aan hand gaan met die trinitariese doop-formule, was die kritieke kerk-historici reg met hul veroordeling van Matthéüs 28 vers 19. Nogtans het God se kinders tot in die donkerste Middeleeue en selfs vandag, nog die ware geloof en die lig op die vroeë Christelike doop gehad. Die Gemeente van Jesus Christus het sonder onderbreking gebly in die leringe van die apostels – nooit as 'n volkskerk nie, maar altyd net as die "klein kuddetjie", wat deur die staatskerk vervolg word.

Met die dwang-kerstening moes hele stamme en volke die Christelike godsdiens deur die keiserlike kerk aanvaar, maar sonder om 'n persoonlike verhouding met Christus te verkry. Terloops, die bababesprenkeling verteenwoordig tot vandag nog dieselfde dwangmaatreëls. 'n Baba kan selfs vandag nog glad nie 'n eie besluit vir dit of teen dit maak nie. Dit word bevestig deur die baie wat die kerke verlaat, hulle wie nie saamstem met wat gebeur het met hulle nie. Die enigste rede waarom die res lede bly is dikwels om 'n begrafnis en hul reputasie in goeie herrineringe te behou. Maar in die ware geloof gaan dit oor die persoonlike en bewuste aanvaarding van die Verlosser, Jesus Christus, in wie alleen die verlossing van die siel lê. **Slegs diegene wat hom ontvang en aanneem, word deur Hom ontvang en aangeneem**. Van 'n »sakrament« is daar geen sprake in die Bybel nie. Jesus het nooit regtig gepraat van die »doop-« of ander sakramente nie en nooit 'n godsdienstige daad so genoem nie.

Die gelowig-gewordenes laat hulself gedoop word, soos uitdruklik beklemtoon word in die sendingsopdrag, nadat hulle 'n persoonlike besluit geneem het, wat deur 'n eenmalige onderdompeling plaasvind, waardeur die begrafnis met Christus gesimboliseer word: *"... omdat julle saam met Hom* ***begrawe is*** *in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode* ***opgewek*** *het"* (Kol. 2: 12-13). Slegs diegene wat hulself met Christus gesterf het — afstand gedoen het van hul eie "ek" — kan saam met Hom "begrawe" word; gesimboliseer deur totale onderdompeling van die liggaam.

Die opkom vanuit die "watergraf" illustreer dat die dopeling saam met Christus opgewek is en saam met Hom in 'n nuwe lewe wandel (Rom. 6:4).

**In die waterdoop bely diegene wat gelowig geword het tot God. In die doping met die Gees andersyds, verbind God Hom tot diegene wat gelowig geword het**. Die Bybel ken net die doop van diegene wat deur middel van die hoor van die prediking glo in Jesus Christus as hul persoonlike Verlosser. Geloof kom deur die gehoor van die prediking uit die Woord van God (Rom. 10). Diegene wat argumenteer dat die tronkbewaarder in Handelinge 16 met sy hele huis gedoop was en derhalwe aanneem dat daar onder hulle kinders was, moet asseblief onthou dat die waarneming van 'n preek 'n sekere volwassenheid vereis. Daar staan geskrywe: *"En hulle het aan hom die woord van die HERE verkondig en **aan almal wat in sy huis was**".* Eers daarna was dit gesê dat hy gedoop is met sy hele huis, nadat hulle almal gelowig geword het (Hand. 16:32). Ook hier het die prediking eerste plaasgevind, wat die geloof teweeggebring het, en eers daarna was die doop voltooi.

Met die Sendingsbevel gaan dit, soos gesien kan word uit die handelinge van die apostels in die vroeë Christendom, om die presiese uitvoering en nakoming daarvan. Elkeen wat net die doopbevel soos 'n magiese formule herhaal, begryp glad nie waaroor dit gaan nie. Wie dan nog aanvoer dat die woorde van Jesus meer belangrik is as dié van die apostels, of dat daar ‘n teenstrydigheid daarin is, ondermyn die hele grondslag van die nuwe-testamentiese Gemeente. Elke woord in die Bybel is die Woord van God en bly so vir ewig. Met Hom geld geen argument nie, geen metode, tesis of anti-tesis – by God en die wat syne is, geld slegs die SO SPREEK DIE HERE in Sy Woord. Foutiewe leringe is nie volhoubaar op sigself nie; dit is altyd gemeng met waarheid, maar bly basies leuns wat net soos die waarheid lyk. So, die een bly net by die onderwerp van die "doop", die ander by die waarheid en die ware dooppraktyk.

In baie ander kerk-historiese werke word die vroeë Christelike dooppraktyk bevestig, soos ook in die KATOLICKA ENCYKLOPEDIA van die Lublin Universiteit van Poland, (bl. 354), waar selfs Karol Wojtyla, d.w.s., Pous Johannes Paulus II, ‘n ere-komitteelid was.

Maar die regte begrip kom egter eers wanneer die Opgestane wat met ons deur die Heilige Gees praat, net soos Hy met sy dissipels oor die koninkryk van God gepraat het (Hand. 1: 1-3) en soos met die Emmaus gangers die Skrif in vervulling (Luk. 24) kan wys. Die kenners van die Hebreeuse, Griekse en Latynse tale het tot verskillende gevolgtrekkings gekom. Intellektuele kennis en taalkennis alleen is dus nie voldoende nie; dit moet deur die Gees van God openbaar word.

Hoe is dit dat ‘n mens in die algemeen weet hoe die apostels in die vroeë christendom gehandel het, maar nog steeds met die onbybelse dooppraktyk gebly het? Wie was verkeerd? Die apostels wat die Sendingsopdrag uit die mond van die opgestane HERE gehoor het en self deur hom aangestel is? Beslis nie! Na Sy opstanding het Hy hulle nog vir veertig dae oor alles geleer. Die heidense kerk-leringe was verkeerd, en die HERE het dit natuurlik glad nie geken nie. Diegene wat sulke tradisies voortsit, wat niemand bybels kan bewys nie, is mislei. Bybelgetroue Christene glo wat die seëvierende Opgestane Een beveel het en Sy apostels uitgevoer het. Volgens die boek Handelinge, is die vroeë Gemeente die vir-ewig-geldige patroon dwarsdeur die tydperk van die nuwe-testamentiese Gemeente (Hand. 2:42).

Oor en oor het mense agterdog gehad oor die leer van die drieeenheid en ook oor die trinitariese doop. Sal ons dit langer duld dat vreemde leringe aangebied word as bybels en wat in die Bybel staan nie gesien word nie? Moet daar voortgegaan word om dit wat aangebied word, as Christelik voor te stel, al kom dit nie van Christus nie en het dit geen verband met Hom nie? Kan enigiets "apostolies" genoem word, waarvan die apostels niks geweet het nie — bv., soos die sogenaamde »Apostoliese Geloofsbelydenis« of die heeltemal onskriftuurlike publikasie genaamd »Twaalfapostel-leerstellinge« bekend as die DIDACHE?

Net wat die Skrif sê is bindend en nie wat geproklameer was in rade of wat uit dogmas is en as legendes oorgedra was nie. ‘n Misverstand van die Sendingsbevel het die trinitariese lering en die daaruitvloeiende trinitariese doop tot gevolg gehad. Beide is vreemd aan die Bybel en die apostoliese praktyke. Die drie-eenheid lering en die trinitariese doop vorm die fondament, die pilare waarop die staatskerk gestig is. Bybels gesproke, is dít die "merk" – die kenmerk van die »Moederkerk«, wat al die »dogter-kerke« ook dra.

## JY MAG GEEN ANDER GODE HÊ NIE ...

*Vele hoofstukke is toegewy aan hierdie tema in die Heilige Skrif. Die God-geskape mens, het nog altyd sy eie gode gemaak – die verering van die son, maan en sterre en nog baie meer. Maar God alleen is waardig om aanbid te word, want alle dinge is deur Hom geskep en tot Hom en vir Hom. Elke persoon, elke voorwerp, alles wat aanbid word behalwe Hom, is 'n gruwel tot Hom. 'n Mens wat nie God alleen die eer gee nie, maar aan enige ander voorwerp, het van Hom afvallig geword en het geen verbinding en gemeenskap met Hom nie, maar is die slagoffer van 'n godsdienstige misleiding.*

Op die berg Sinai, het die HERE God beveel: *"Ek is die HERE jou God ... Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie"*

Hy het egter nie daar geëindig nie, Sy opdrag gaan veel verder en dek die volle omvang van alle gemaakte afbeeldings, standbeelde, ikone, ens, wat in die godsdienste en kulture vereer word. So spreek die HERE: *"Jy mag vir jou geen **gesnede beeld** of enige **gelykenis** maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag voor hulle **nie neerbuig** en hulle **nie dien nie**; want Ek, die HERE jou God, is **'n jaloerse God** wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en die vierde geslag van **die***

***wat My haat****, en Ek bewys genade aan duisende van* ***die wat My liefhet*** *en my gebooie onderhou"* (Exo. 20: 4-6). Mense wat beelde vir aanbidding maak, word deur God geklassifiseer as diegene wat Hom haat. Daarmee laai hulle skuld op hulself wat tot die derde en vierde geslag besoek word.

So spreek die HERE: ***"Julle mag naas My geen silwergode maak en geen goue gode vir julle maak nie"*** (v.23). Keer op keer het God Sy volk deur Moses en die profete gewaarsku, om nie afbeeldings, wat basies afgode is, te maak nie (Lev. 26:1). So spreek die HERE: ***"Vervloek is die man wat 'n gesnede of gegote beeld maak, 'n gruwel vir die HERE, werk van 'n ambagsman se hande en dit in die geheim opstel …"*** (Deut. 27:15). Die Woord bly geldig, selfs al sou mense hulself neerbuig en bekruis voor so 'n beeld, meninde dat dit hulle sal seën. Maar net God alleen kan seën en ook net hulle wat nie Sy Woord oortree nie.

Omdat God al die moontlike maniere om afbeeldings te maak vooruit gesien het, kon Hy dit alles noem in detail. So gee Hy in Deuteronomie 4 vers 16 die duidelike verbod dat geen afbeelding van 'n man- of 'n vrou wese gemaak moet word nie. Dit sou dui op 'n verbreking van die verbond met God (v.23). Om hierdie rede, is die volk van Israel onder goddelike toorn vanuit die beloofde land verdryf en verstrooi onder die nasies, wie toe gevra het: *"Waarom het die HERE so met hierdie land gedoen?"* Die antwoord was duidelik: ***"Omdat hulle die verbond van die HERE, die God van hulle vaders, verlaat het wat Hy met hulle gesluit het toe hulle deur Hom uit Egipteland uitgelei is, en hulle ander gode gaan dien en hulle daarvoor neergebuig het …"*** (Deut. 29: 24-28).

Het die Kerk nie dieselfde gedoen nie? Het sy nie die Nuwe Verbond verbreek nie? Het sy nie weggeval van die **een God** met die uitvinding en vorming van 'n drie-eenheid nie? Is dit nie wat aangaan met die beelde van Maria, Petrus en die baie gelowiges wat aanbid word nie? God sê: *"Ek is die HERE, julle* ***Heilige****; die skepper van Israel, julle Koning"* (Jes. 43:15). Die volk van God ken net een **Heilige** wat alleen aanbiddingswaardig is, en word

deur Hom geheilig. Wat het daartoe gelei dat al die mense in die Christendom met onskriftuurlike heiliging en saligspreking van die dooies in die totale afvalligheid van God af opgeëindig het?

Diegene wat leer dat die Vader die eerste persoon in die Godheid is, die Seun die tweede en die Heilige Gees die derde, het in werklikheid nie meer die **een en enigste God** nie, selfs al word dit beweer dat die drie dan een God is. Tog is een en een nog altyd twee; plus nog een, steeds drie. As mens kyk na hulle wat hierdie trinitariese afgodsbeelde volg met 'n lering van sogenaamde »heiliges« en »beskermheiliges« – van wie 'n dag selfs na een vernoem is – kan mens nie meer verstaan waarom hierdie ernstige waarskuwings geïgnoreer word nie. Bo-aan die lys is die »Maria-verering«, wat alles oortref. Die voet van die Petrus standbeeld in St Peter's Basilica word daagliks gesoen deur talle pelgrims van regoor die wêreld. Stel jou voor hoeveel portrette en standbeelde, ikone en altare van talle Katolieke en Ortodokse »heiliges« oor die hele wêreld bestaan, aan wie eerbetoon word en mense voor dit kniel, dit soen, kruisies maak en kerse aansteek! Die pous, wie met sy inhuldiging heeltemal aan Maria toegewy was, dra sy spesiaal hand-gemaakte Christus met sy »herders-stok« met hom rond. Dit is 'n dooie Christus, wat nie kan loop nie, nie kan sien nie, nie kan hoor nie, wat niks kan doen nie – waarmee alles egter na willekeur gedoen word. Sulke aanbidding is heeltemal vreemd aan die Gemeente van Jesus Christus, is teen God en is in die Skrif gelykstaande aan die oordeel van heidense afgodery. Dink maar aan die afgods-kultus in Hindoeïsme, Boeddhisme en die inheemse godsdienste op alle kontinente.

Diegene wat die Woord van God glo, moet dus erken, dat die verering van heiliges Sy gebooie openlik verontagsaam en oortree. Die hervormers het op die geldigheid van God se Woord gefokus deur te preek teen die afbeelde en die aflate en het al die kultus opgeruim. Dit is nie versoenbaar met mekaar nie, want die Woord is daarteen, en waar dit verkondig word, moet dienooreenkomstig opgetree word. Aangesien niemand anders dit waag om te praat nie, kan dit net gebeur deur die stem van 'n

prediker, een wat roep, wat die weg kan berei: **Ware aanbidding is net waar God alleen, in gees en in waarheid, in die Naam van Jesus Christus aanbid word!** Waar Maria, Petrus en al die heilig-verklaardes vereer en selfs aanbid word, is so ‘n aanbidding volgens die Heilige Skrif die verafgoding van die mens.

Elke rosekrans en al die afbeelde mag behoort aan die onderskeie kerke, maar het in die Gemeente van Christus geen plek nie. Ook behoort dit nie in openbare geboue soos skole, howe, parlementêre raadsale, ensovoorts nie. Eintlik het die rosekrans eers in die 5de eeu na Christus sy verskyning gemaak! Die ware Gemeente van Jesus Christus het niks geweet en weet steeds niks van so 'n simbool nie.

Die opgestane, lewende Christus is nie van dooie materiaal gemaak nie, selfs nie van 'n wafer wat Hom persoonlik in die tabernakel teenwoordig nie. Hy het fisies opgevaar na die hemel en is aan die regterhand van die masjesteit van God. Daar vind ook geen verandering plaas nie, nie deur die lui van klokke of deur geoefende toewyding nie. Elke priester weet dat die wafer en die wyn, na dit toegewy is, net so bly soos dit voor die toewyding was. **Waar is dit geskryf** dat Christus keer op keer geoffer word? Beslis nie in die Bybel nie! Andersins bevestig so 'n praktyk net dat die **eenmalige** offer nie aanvaar is nie. Die Heilige Skrif is ook op hierdie punt baie duidelik: *"... deur hierdie wil is ons geheilig deur die **offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal ... want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word**"* (Hebr. 10: 10-14). Enigeen wat in Hebreërs 9 en ander bybel-gedeeltes lees, is ten alle tye ten volle bekend met die werk van verlossing. Christus het met Sy eie bloed in die hemelse heiligdom ingegaan en dit daar geplaas op die versoendeksel en sodoende die ewige verlossing bewerk (Hebr. 9: 11-12, o.a.). Die verlostes word 'n nuwe skepping in Christus deur die werkende krag van verlossing (2Kor. 5:17). By die nagmaal verteenwoordig die brood en wyn die liggaam en bloed van Christus. Soos die pasgamaal in die Ou Testament ingestel is (Exo. 12), vier ons die nagmaal ter **gedagtenis** aan die lyding en dood van Christus, totdat Hy kom (1Kor. 11:26).

Christus is nie meer die kind in die krip nie, Hy is nie meer aan die bors of in die arms van Maria nie, hang nie aan die kruis nie, lê nie in die graf nie; Hy het die oorwinning behaal, opgestaan en majestueus uitgeroep: *"Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde..."* (Matt. 28:18). Hy het opgevaar na die hemel en sal weer kom in krag en heerlikheid. Alle afbeeldings van Hom, Maria en al die ander heiliges, het niks te doen met die vroeë christene of enige bybelse aanbidding nie. Dit is tipies van die onderskeie kerke. In die Gemeente van Jesus is daar geen plek vir sogenaamde »heilige klere« of enige ander »toegewyde« voorwerpe nie. Geen plek of voorwerp of mens-gemaakte afbeelding, maar die lewende God alleen verdien die aanbidding deur Jesus Christus, onse HERE.

Hoe lank sal die heilige God, wat Homself as jaloers beskryf, nog toekyk, hoe die mense-massas oor die hele wêreld, of dit nou in die buitelug of in godsdienstige geboue is, veral op pelgrimstogte, by afbeeldings neerval? Wanneer hulle hul voorgeskrewe "gebede" opsê, praat hulle nie met God nie, wat alleen alomteenwoordig is en gebede antwoord. Die oorlede "heiliges" weet in elk geval nie dat hulle aangeroep word nie; ook nie Maria nie. Sy is in die paradys en kan nie 'n gebed hoor nie, laat staan antwoord. Die beweerde "verskynings" van Maria, waarvoor daar geen belofte in die Heilige Skrif is nie, kon in werklikheid nie gebeur het nie, ook nie met Fatima nie.

Terloops, die Skrif ken glad nie die gemeenskap met en die gebede vir die dooies nie. Hul aanroeping is ook heeltemal onbybels. Die Heilige Bybel noem net die gemeenskap met die lewendes, wie in Christus is, die geheiligdes, soos duidelik blyk uit die apostelsbriewe: *"... aan die geheiligdes in Christus Jesus", "geroepe heiliges ..."* (1Kor. 1:2; 2Kor. 1:1; Efe. 1:1, ens). Paulus skryf: *"Groet elke heilige in Christus Jesus ... al die heiliges groet julle"* (Fili. 4: 21-22). Is die verbinding met en die aanroeping van die oorledenes nie okkultisme en spiritualisme nie? Hoewel alles so plegtig ontwerp en elegant geformuleer is, blyk dit maar net 'n godsdienstige misleiding te wees wanneer dit vergelyk word met die Bybel. Die mense offer tyd en geld en neem met inspanning

alles op hulself; dat hulle dit goed en opreg bedoel op hulle eie manier. Maar almal weet dit tog vir ewig, dat al die verering van heiliges in alle godsdienste nie 'geloof' is nie want dit is nie gekoppel aan God en God se Woord nie, maar net antieke bygeloof!

In hierdie ontwikkeling het die groot afvalligheid van die vroeë christendom plaasgevind in die heidendom, met die losmaking vanaf die een ware God en insmelting in die heidense godewêreld. Dit is verskriklik gedoen en die mensdom is mislei met ‘n plegtige "woordeskat". Selfs in Israel was hulle weggedraai van die een God en het na ander gode "afgeval" van Hom en "neergedaal" in afgodery. So spreek die HERE: *"Hulle dade gedoog geen terugkeer tot hulle God nie, want daar is 'n **gees van afgodery** in hulle binneste, en hulle ken die HERE nie"* (Hos. 5:4). As gevolg van sulke skriftuurlike uitsprake kon die mense wat die gees van afgodery gehad het en daarin gebly het, nie terugkeer na God nie, tensy hulle 'n ware bekering tot Hom ervaar het. Paulus het uitgeroep: *"Daarom, my geliefdes, vlug vir die afgodediens ... julle kan nie die beker van die HERE drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die HERE en ook aan die tafel van die duiwels nie"* (1Kor. 10: 14-22). Die apostel het die afgodsdiens aan duiwels toegeskryf. ’n Mens kan nie ‘n gas aan die tafel van die HERE en ‘n gas aan die tafel van die duiwels is nie. Blykbaar het almal onder die invloed van die vyand gekom met die veelvuldige afgodery.

Enigeen wat daaroor nadink, moet erken dat al die standbeelde, al die afbeelde, alle ikone ens, of ore van silwer of goud het en nie hoor nie, 'n mond het, maar nie praat nie, hande het en dit nie kan beweeg nie, voete het en nie kan loop nie (Ps. 115: 1-8; Jes. 44: 12-20, ens). Hulle is lewelose voorwerpe wat jy moet ronddra om ten toon te stel. Hulle verteenwoordig nie die lewende God wat óns dra nie, en het geen verbinding met Hom nie. Die Apostel Johannes het indringend gewaarsku toe hy gepraat het van die ware God wat Homelf in die Seun geopenbaar het, in wie die ewige lewe is: *"My kinders, bewaar julleself van die afgode"* (1Joh. 5: 20-21).

Daar is spesiale pelgrimstogte in baie van die lande regoor die wêreld. In Europa maak sommige hul pelgrimstog na Turyn om die beweerde »Kleed van Christus« te sien, ondanks die feit dat onafhanklike toetse in Switserland, England en die Verenigde State van Amerika getoon het dat hierdie lap uit die 16de eeu dateer. Ander bring hulde aan die sogenaamde »Heilige Kleed van Trier«. Nog ander gaan na Lourdes, ander na Fatima, sommige na Czestochowa, ens. Die aantal mense wat elke jaar die pelgrimstogte meemaak na die bekendste pelgrimstog-plekke word soos volg aangedui: 6 miljoen na Guadaloupe, Mexico, 5 miljoen aan Lourdes, Frankryk; 4 miljoen na Fatima, Portugal; 3,5 miljoen na Loreto, Italië, ens. En ons het nooit gehoor van enigeen wat Jesus gevind en ervaar het nie. Dit is die verwoestende rekord op bedrieglike weë.

Sedert die Reformasie is baie artikels geskryf oor die belangrikheid van relieke. Oor die aanbidding van relieke het Luther gesê: **"Die Woord van God is die Heiligdom van alle heiligdomme, ja, die enigste wat ons Christene ken en het. Al sou ons al die heilige beendere of heilige klere gelyk in 'n hoop gooi, sou dit ons niks help nie, want dit is alles dooie goed wat niemand kan heilig nie. Maar God se Woord is die skat waardeur  alles geheilig word"**. Die Lutherse teoloog en kerkraadslid Karl-Hermann Kändler het bygevoeg: **"Ons geloof is nie in relieke nie, of gebind aan die oorblyfsels van heiliges nie. Hul aanbidding en pelgrimstogte na heilige plekke versterk nie die geloof nie, omdat dit – soos Luther sê – ›baie openbare leuens en dwase uitvindsels bevat wat nie aanbeveel of aangeraai word nie, omdat dit heeltemal onnodig en nutteloos is. Dit kan geen aflate of vergifnis van sonde bewerk nie‹"** (IDEA-SPEKTRUM 17/1996).

In die afgelope tyd, is die 'gees van versoening' kragtig aan die werk, maar nie die versoening met die Woord van God deur Jesus Christus, onse HERE nie, maar deur die ekumeniese gees wat baie in die protestantse kamp begeester het.

In 1996 het selfs in Trier in die protestantse kamp 'n »Heilige Kleed« bedevaart plaasgevind, met die deelname van die President van die Evangeliese Kerk in die Rynland, Peter Beier. Volgens 'n legende het Helena, die moeder van Konstantyn, die »naatlose kleed van Christus«, op negentig jarige ouderdom, in die jaar 329, in persoon na Trier gebring. Maar dit was eers in 1512, dat die »Kleed« die eerste keer ten toon gestel is. Daar is meer as twintig relieke op verskillende plekke bekend as die »Kleed van Jesus«.

In IDEA-SPEKTRUM gaan dit verder: **"Die herformer het hierdie pelgrimstog 'n ›nuwe verkulling‹ genoem en ‘n ›spesiale unieke meesterlike bedrogspul met die kleed van onse HERE GOD‹. Selfs in die finale preek in 1546 in Eisleben sê hy oor hierdie reliek: ›In Trier is die kleed van onse HERE God. Gaan aan die loop, laat julle geld geëet word en koop toegewings op die Pous se vlooimark‹".**

"My God", so moet elke bybel-gelowige met groot smart uitroep, "wat het al hierdie relieke, standbeelde, portrette, ikone ens., wat oral in die wêreld vereer word, met my te doen?" Wat het die doodkultus voorwerpe met die lewende God in gemeen? Diegene wie opsoek is na God, kan hom net vind in Christus. Dit verg geen spesiale plek, geen portret – dit is die eintlike struikelblokke wat uit die weg geruim moet word. Met betrekking tot plekke van pelgrimstogte, het die HERE in die Ou Testament gesê: *"Soek My, dan sal julle lewe! Maar soek Bet-el nie, en kom nie na Gilgal nie en trek nie deur na Berséba nie"* (Amos 5: 4-5).

## MARIOLOGIE

*"Die wyses is hulle wat deur hulle foute reis na die waarheid; hulle wat volhard in hul foute, húlle is die dwases"*

'n Bybelse verduideliking, 'n uitdaging aangaande Christelike teologie en kerk-praktyke word benodig. U het waarskynlik reeds die tydigheid van die inhoud van hierdie verklaring agtergekom. Maar dit raak selfs meer gewigtig. Internasionale persverklarings toon dat 42 kardinale, 500 biskoppe en persoonlikhede van die Roomse Kerk, ondersteun deur meer as vier en 'n half miljoen Katolieke wêreldwyd, die ondenkbare oproep op die pous gemaak het, om Maria in 'n dogma as mede-verlosser saam te voeg in die jaar 2000. Dit sou beteken dat Maria uiteindelik ingelyf word in die godheid, soos die volgende aanhaling uit ‘n persverklaring dit duidelik maak:

**"Die doel van die ondersteuners is drie nuwe geloofs-oortuigings:**

- **Die feit dat Maria by die verlossing deur haar Seun self meewerkend was.**
- **Dat al die genades wat uit die lyding en dood van die Verlosser slegs deur Maria se voorbidding moontlik kon wees.**
- **Dat alle versoeke en gebede van die gelowiges slegs deur Maria se bemiddeling Jesus kon bereik ...**

**"... Uit die Drie-eenheid kan 'n Vier-eenheid wees met Maria as Dogter van die Vader, Moeder van die Seun en Bruid van die Heilige Gees ..." (WELT AM SONNTAG, no. 35, 31 Augustus 1997, onder andere)**

Dit moet mens as ‘n prentjie in die gedagtes skilder: Dogter van die Vader, Moeder van die Seun, Bruid van die Heilige Gees! Wat 'n konstellasie! Baie in die Christendom, maar veral Jode en Moslems, skud hul koppe reeds oor die sogenaamde »Trinity«.

En nou moet daar selfs 'n »quaternity« ontstaan! Wie kan dit nog begryp?

Soos met alle dogmas, moet daar ook hier, ter wille van die waarheid, gesê word dat dit absoluut niks in gemeen het met die Bybelse getuienis nie. Maar dit wat nou gevra word, is die toppunt van vermetelheid en laat die beker nou heeltemal oorloop by bybels-gelowiges. Ter wille van mense in alle godsdienste en denominasies wat opreg op soek is na die waarheid, moet die Woord van God onwrikbaar aan die goddelike orde van die dag gestel word.

In die bogenoemde persverklaring van 31 Augustus 1997, lui dit verder: **"Die nuwe dogma sal nie net die Mariologie verander nie, die teologiese besinning oor die betekenis van die Moeder van Jesus vir die Christelike geloof, maar die hele geloofs-ywer – so verreikend soos nog ooit tevore in twee duisend jare".** Dit kan 'n mens weer sê! Enige veranderinge aan die kant van die kerk, gaan verder as die Skrif. Voor die bekendstelling van enige dogma, moes die ooreenstemmende geldige Woord van God eers vervang word, gevolg deur die nuwe daarstelling. Die mate van die toevoegings en die skending van die Woord, en dus die mate van die boosheid, word dan nou volbring deur die man van sonde en wetteloosheid, wat homself verhef bo God en God se Woord (2Thess. 2). Die afval vanaf die ware geloof wat **alleen op die Skrif** gebasseer is, moet voltooi word, soos Paulus reeds vooruitgespreek het.

Reeds toe al het die HERE aan die verantwoordelikes destyds gesê: *"... tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is ... julle verstaan dit goed om* ***die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te hou ... so maak julle die woord van God kragteloos deur julle oorlewering*** *wat julle bewaar het; en derglike dinge van dieselfde aard doen julle baie"* (Mark. 7: 7-13). Dit nie meer duidelik gesê word nie: Waar menslike gebooie en leringe ingestel word, word God se Woord kragteloos gestel en word God dus verag en die aanbidding is selfs tevergeefs verklaar deur die HERE.

Daar is nou al so baie kerklike dogmas en leerstellinge daargestel, alles sonder enige Bybelse grondslag, dat dit nou nie meer so ongelooflik is soos wat vereis word nie. Wat lankal opvallend is, in die besonder, is dat die Protestante nie meer protesteer nie. Trouens, die leiers van ander Christelike kerke soek nie ooreenstemming met die Woord van God nie, maar om aan te pas by die moederkerk – toenadering tot Rome. Die **vier "alleen"** uitdrukkings:

- **uit genade alleen**
- **Jesus Christus alleen**
- **deur die geloof alleen**
- **die Heilige Skrif alleen**

wat die grondslae van die Hervorming en die pilare van die bybelse geloofsbelydenis en die vrye verkondiging van die Evangelie was, word ongelukkig grootliks nie meer gebruik nie.

Die belydenis van 'n klein minderheid, naamlik die Christene wat die volle Evangelie glo, is nog steeds:

**"Die Heilige Skrif is die enigste bron en volkome rigsnoer van die geloof, vir lering en van die lewe. Deur die genade alleen word 'n mens deur die geloof in Jesus Christus gered".**

Of die vereiste dogma as bindend aangekondig sal word, is nie die deurslaggewende faktor nie, alhoewel die hoë getal van diegene wat dit vereis, vanself spreek. Basies is Maria alreeds in die geestelike wêreld van die Roomse Kerk, of dit nou in 'n dogma saamgevat is, of nie. Voor 'n proklamasie was die gesprekke daaroor altyd lewendig en was daar altyd omstredenheid en opposisie. In die Eerste Vatikaanse Raad (1869-1870), toe die dogma van pouslike onfeilbaarheid aangekondig was en hoofsaaklik Duitse biskoppe beswaar gemaak het teen die idee, was hulle oortuig om te verlaat, sodat die stemmery en die proklamasie vlot kon verloop.

In die loop van die kerkgeskiedenis was daar baie sulke dogmas aangekondig. Ons noem hier net die laaste drie:

- In 1854 proklameer Pous Pius IX die »Onbevlekte Ontvangenis« van die »Moeder van God«, wat nie bestaan nie – ook nie kan wees nie – en dus ook nie bevestig word in die Skrif nie. Van 'n »Onbevlekte« hart van Maria staan ook niks in die Woorde van God nie.
- In 1870 was die »pouslike onfeilbaarheid« verklaar as 'n dogma van die Kerk van Rome. Lank voor dit was die pousdom reeds bo die Woord van God en as plaasvervanger van Christus ingestel.
- Eers onlangs, in 1950, het Pous Pius XII aangekondig dat Maria, na die voltooiing van haar aardse lewe, met liggaam en siel na die hemelse heerlikheid opgevaar het – en dit in direkte teenstelling met die alleen onfeilbare, ewig-geldige Woord van Christus: ***"En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is"*** (Joh. 3:13).

Is dit nie duidelik dat geen apostels en nie een van die kerkvaders van die vroeë Christelike eeue iets geweet het van 'n pous of sy onfeilbaarheid, van 'n »Onbevlekte Ontvangenis«, of van 'n liggaamlike hemelvaart van Maria nie? Eers ná baie eeue, bykans tweeduisend jaar, het hulle vorendag gekom met sulke gedagtes, want dit is so nuttig vir die pouslike kerk. Soos reeds genoem, was God se Woord eintlik elke keer bewustelik geïgnoreer en diegene wat slegs die Skrif toegepas het, was as die »anathema« aangekla, vervloek, vervolg, onteien en aan die dood blootgestel.

**NET SOOS GOD DIE GEMEENTE GEBIND HET AAN SY WOORD, HET DIE POUSE ALMAL WAT AAN DIE ROOMSE KERK BEHOORT, REGOOR DIE WÊRELD, GEBIND AAN HUL WOORD.** Die mense staan nou voor die belangrike besluit, of hulle God of die pous glo. Beide is nie moontlik nie – dit sluit mekaar uit – soos Christus en die Antichris, is lig en duisternis teenstrydig teenoor mekaar. **Slegs dit wat eintlik in die Bybel staan, het geldigheid voor God en behoort aan die ware geloof.** Almal moet die moed hê om te vra of die kerklike leringe hierdie toets kan staan.

In hierdie kritieke tyd vir die Gemeente van Jesus Christus, vir Israel en vir die nasies, het die HERE God dit goed gevind dat iemand, onder 'n goddelike aanwysing, ‘n stand moet neem. Iemand moet die mense bewus maak, sodat hulle vir hulself kan bepaal wat hulle regtig glo en volg: die hoof van die Rooms-Katolieke Kerk, 'n patriarg van die Ortodokse Kerk, 'n biskop of ander kerklike gesag, die stigter van 'n godsdiens, die president van 'n kerk, 'n charismatiese leier – of die hoof van die verloste Gemeente, naamlik **die "HERE Jesus Christus"** volgens die leer van die vroeë apostels. Luister! 'n oproep weerklink: *"... Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God!"* (Jes. 40:3). Daar moet 'n stem wees, wat van bo af, uit die geestelike woestyn uitroep om vir die HERE, hier onder, die pad voor te berei. Dit alleen is die doel van hierdie daarlegging.

Maria, wat sedert die 5e eeu nC tot nou toe, meer en meer in 'n onbybelse wyse met 'n verskeidenheid van ere-titels en verantwoordelikhede, wat aan Christus alleen behoort, verheerlik en vereer word, word nou volgens die wil van miljoene Katolieke en deur die invloed van vooraanstaande persone regoor die wêreld verhoog tot ‘n »voorwerp van geloof«. Dit is vreemd genoeg dat Matthéüs en Lukas, wat handel oor die genealogie, nie haar pa of haar ma noem nie. Niemand weet wie haar ouers was nie, so irrelevant was dit vir God. Matthéüs begin die stamboom met Abraham, tel drie maal 14 geslagte en eindig met die stelling: *"... en Jakob die vader van Josef, die man van Maria uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem word"* (1:16). Lukas gaan in die stamboom terug na Adam, die stamvader van die mensdom, maar tog word hier ook weer niks gesê van die ouers van Maria nie. Maria was 'n mens soos ons almal, en was net die **"uitverkore houer"**, deur **Goddelike verkiesing**, wat God vir die geboorte van Sy Seun bestem het. Dit was sodat hierdie **"eenmalige hoë taak"**, vanuit ‘n **heilsgeskiedkundige oogpunt** vir ewig vervul kon word. Daar is absoluut geen ander beloftes van enige ander take nie. Enigiemand wat nog so dink, **kan dit nie bybels bewys nie**.

Die Verlosser moes in die gevalle skepping gebore word, anders sou Hy nie die mensdom uit sy gevalle toestand kon red en vergewe het nie. Vir die liefde tot die Mariologie was Lukas 1 vers 28, selfs verkeerd vertaal. In die basiese teks begroet die engel Maria met die woorde: "Wees gegroet, begenadigde ..."; In die Katolieke Kategismus staan dié woorde daarinteen: "... vol van genade ..." of "... genadevolle ..." Dit maak 'n wêreldse verskil. God alleen is vol genade as die genadige en barmhartige, *"En uit Sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade" (Joh. 1:16).* Mary het genade by God gevind sodat Sy belofte vervul kon word. Net so, ken die Bybel ook geen wonderbaarlike »genade-beeld« van Maria nie – dit ken geen menslike kultus nie – of dit nou persone uit die Ou of uit die Nuwe Testament is.

Ephesus was die stad waarin die heidense Griekse godin Artemis – genoem 'Diana' deur die Romeine – as 'n beskermheer en vrugbaarheidsgodin veral vereer is deur die heidene. Die silwersmede, wie deur die kultus gefloreer het, het selfs gevrees dat hulle beroep in gedrang sou kom deur Paulus se prediking: *"Nou is daar nie alleen gevaar dat hierdie vak van ons in veragting kom nie, maar ook dat die tempel van die groot godin Diana as niks gereken word, en dat haar majesteit wat die hele Asië, ja, die hele wêreld, vereer, ook tot niet sal gaan"* (Hand. 19:27). Dieselfde is nou waar van Maria, wat dwarsdeur die Ortodokse en Katolieke wêreld vereer word. Dit was selfs geglo dat die beeld van Artemis, oftewel Diana, uit die hemel geval het: *"Efésiërs, watter mens is daar tog wat nie weet dat die stad van die Efésiërs die tempelbewaarder is van die groot godin Diana en van die beeld wat uit die hemel geval het nie?* (vers 35).

Deur Paulus se verkondiging van **Jesus Christus**, het die nuwe bekeerlinge in daardie tyd weggedraai van die verering van die koningin van die hemel en vrugbaarheidsgodin. Maar soos duidelik uit die historiese ontwikkeling gesien kan word, was dit egter nie toevallig dat Maria later in die genoemde Raad van Éfese as die »vrugbare« verhef is na die posisie as die Koningin van die Hemel nie. Die kultus en die bygeloof het in beide gevalle dieselfde gebly. Later, soos wat berig word in die geskiedenis,

is Zeus / Jupiter afgesit en Petrus in sy plek geplaas. Al hierdie en nog baie meer is net die voortsetting van heidense gebruike in Christelike gewaad.

Maria is nie die moeder van God nie – kan dit nie wees nie. Sy was die moeder van die HERE. Dit is die ware getuienis: *"... en Elisabet is **vervul met die Heilige Gees** en het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Geseënd is jy onder die vroue, en geseënd is die vrug van jou skoot! En wat het my oorgekom dat die **moeder van my HERE** na my toe kom? ... En salig is sy wat **geglo** het, want **die dinge** wat deur die HERE aan haar gesê is, **sal vervul word**"* (Luk. 1: 41-45). Dit is bewys deur almal wat eintlik gevul is met die Heilige Gees. Hulle bly nie net met die onderwerp nie, hulle bly ook in die Waarheid.

Daar was geen »Onbevlekte Ontvangenis« van Maria nie; daar was net 'n onbevlekte verwekking van die Seun van God in Maria, wat nog "onbevlek" en 'n maagd was, toe 'n goddelike saad deur die Heilige Gees in haar verwek was. Die feit dat sy feilbaar soos almal was, is duidelik uit die ervaring wat sy gehad het toe Hy twaalfjaar oud was: Jesus het in die Tempel agtergebly in Jerusalem, waar hulle Hom eers ná drie dae gevind het. God het toegelaat dat Maria in haar opgewondenheid iets onbedags gesê het. Heel natuurlik, soos enige ma wat bekommerd is oor haar kind, het sy oombliklik gereageer en verwytend gesê: *"Kind, waarom het jy so met ons gemaak? Kyk, jou vader en ek het jou met angs gesoek"* So het sy die ergste leuen onbesonne geuiter deur Josef die vader van Jesus te noem. Maar die twaalf jarige Jesus was nie in die timmerman se winkel nie, maar wel in die tempel en het die verklaring van sy moeder op die plek gekorrigeer: *"Waarom het u na My gesoek? Het u nie geweet **dat Ek in die dinge van my Vader moet wees nie**?"* Stel jou voor, selfs Maria het nie verstaan wat Jesus gesê het nie! *"En hulle* (Maria en Josef) *het die woord wat Hy vir hulle gesê het, egter nie verstaan nie"* (Luk. 2: 48-50).

Dit geld tot vandag toe nog vir die Maria-toegewydes: Hulle verstaan nog steeds nie wat Jesus gesê het nie. Jesus spreek

Maria nie een keer aan as "moeder" nie; Hy het haar "vrou" genoem (Joh. 2:4), omdat Hy die saad was wat deur die "vrou" moes kom, soos in die eerste belofte aangekondig is (Gen. 3:15). By die troue in Kana spreek Hy haar selfs skerp aan: *"Vrou, wat het Ek met u te doen?".* Die woorde wat sy aan die dienaars gesê het, geld nog steeds vir alle Bybel-gelowiges: *"Net wat Hy vir julle sê, moet julle doen".* Omdat hulle gedoen het wat Hy gesê het, het die wonderwerk gebeur: op Sy Woord het die water in wyn verander.

Om gered te word het Maria die vulling met die Heilige Gees genodig soos al die ander wat gelowig geword het. Sy word net in die Evangelies en in Handelinge 1 vers 14 genoem, toe sy saam met die 120 op die uitstorting van die Heilige Gees gewag het: *"Hulle almal het eendragtig volhard in gebed en smeking, saam met 'n aantal vroue* ***en Maria, die moeder van Jesus, en met sy broers****"*.

Ook vir hulle as "begenadigdes" en "saliggespreektes" was daar **geen uitsondering** nie, geen spesiale posisie nie – Maria was deel van die gevalle skepping en het dus ook verlossing benodig. Soos met haar, word elkeen wat ooit God se beloftes geglo het, vergewe en geseën deur die HERE self in die Bergpredikasie en elders. Die Seun wat verwek is deur die Heilige Gees, is uit haar gebore, het opgestaan en opgevaar na die hemel, en woon nou deur die Gees in die verlostes. In Matthéüs 13 het die HERE die oë en ore van Sy dissipels geseën, omdat hulle sien en hoor. In Openbaring, die laaste boek en hoofstuk in die Bybel, word die saligheid aan almal toegeskryf wat as oorwinnaars die stad van God sal betree.

Na die stigting van die nuwe-testamentiese Gemeente word Maria nie 'n enkele keer genoem nie. Nie Petrus, nie Paulus, nie Johannes, nie Jakobus, of enigiemand anders vermeld haar in hul briewe nie. Die maagd, "Maria," het vervul wat geskrywe is in: ***"Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar"*** (Jes. 7:14). Die Bybel sê vir ons Maria was verloof aan Josef wie van haar wou skei omdat sy letterlik uit die bloute swanger geword het.

'n Engel van die HERE het hom beveel om haar nie te verlaat nie: *"Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om* ***Maria, jou vrou****, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees ...* ***en hy het haar nie beken totdat sy haar eersgebore Seun gebaar het nie;*** *en hy het Hom* ***Jesus*** *genoem"* (Matt. 1: 20-25).

Die Bybel stel dit duidelik dat Maria daarna seuns en dogters met Josef gehad het (Matt. 13: 55-56). Daarna was daar geen "Maagd Maria" meer nie. Terwyl die name van die dogters nie genoem word nie, weet ons dat hulle seuns James, Joseph, Simon en Judas genoem word en dat hulle in die diens van die HERE was. In Johannes 2:12 lees ons: *"Daarna het Hy na Kapérnaüm afgegaan, Hy en sy moeder en* ***sy broers*** *en sy dissipels ...".* In Hoofstuk 7 vers 5 word vermeld dat selfs **sy broers** aanvanklik nie in Hom geglo het nie. Die apostel Paulus skryf: *"... het ons dan geen reg om 'n suster as vrou met ons rond te neem net soos die ander apostels en die* ***broers van die HERE*** *en Céfas nie?"* (1Kor. 9:5). Hy het verder getuig: *"... en ek het niemand van die ander apostels gesien nie, behalwe* ***Jakobus, die broer van die HERE****"* (Gal. 1:19). Die apostel Judas stel homself voor as 'n dienskneg van Jesus Christus en broer van Jakobus, wat ook 'n broer van die HERE was (v.1).

God het van die begin af gawes en verantwoordelikhede aan die mens gegee volgens Sy plan van verlossing. Maar die verering en aanbidding, het Hy aan Homself alleen voorbehou. So spreek die HERE: ***"EK is die HERE (JAHWEH), dit is my Naam; en my eer sal Ek aan geen ander gee, of ook my lof aan die gesnede beelde (afgode) nie"*** (Jes. 42:8). Die **hele** "Mariologie" is buite die Woord en koninkryk van God. Dit is tipies Ortodoks-Katoliek, maar nie bybels-Christelik nie.

## WIE GLO SOOS DIE SKRIF SÊ?

*Baie mense dink hulle glo soos die Skrif sê. Maar die werklikheid is anders. Om te glo soos die Skrif sê, beteken eintlik om God se Woord op elke punt te aanvaar en te gehoorsaam. Een gebruik die woorde: "Geen ander evangelie nie ..." en dan het hulle basies 'n heel ander en nie die oorspronklike Evangelie van Jesus Christus en die apostels nie. Alle christelike kerke beweer om bybels te wees, maar wyk tot 'n mindere of meerdere mate van die Bybel af. Dit is dus nodig om die Heilige Skrif te deursoek en om seker te maak dat die leringe en praktyke daarmee ooreenstem.*

Bybel-getroue mense glo en verdedig wat in die Skrif, swart op wit geskryf staan; hulle interpreteer niks om dit dan uit te lees nie. Dit is waar vir hulle wat die HERE sê: *"Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei"* (Joh. 7:38). Bybelse geloof is glad nie geïntereseeerd in wat kerkvaders – wie mekaar weerspreek, beveg, gevloek en vervloek het – agter gelaat het nie. Baie van dit wat hulle gesê het, was pure onsin en fantasie, soos ook al die legendariese stories.

Die kerk-leiers wat nou so gerespekteer word, het selfs voor die Raad van Nicea (325 nC) en daarna, geen bybelse gronde betree nie, maar geglo en geleer net wat hulle wou. Nêrens word berig van enige van hulle wat deur 'n ware ervaring, tot Christus bekeer het nie – om nie te praat van 'n roeping ontvang het uit die mond van die HERE nie. Hulle beskou die Christendom as 'n blote godsdiens en het die heidendom in die Christendom ingebring. Hulle gebruik in hul ontwerpe egter deels bybelse terme, maar het dit baie verskillende betekenisse en definisies gegee wat steeds geldig is in die formele kerk vandag. Hulle bly met die onderwerp, maar nie met die waarheid nie.

Omdat hulle nie die Ou Testament geken het nie, het hulle ook die begrip oor die verlossende lyding en dood van Christus ontbreek. Tot die heilige betekenis van verlossing, wat Paulus geleer het, *"dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte ..."* (1Kor. 15:3), het hulle geen toegang gehad nie. Hulle het ook nie die betekenis en omvang van wat Petrus geskryf het erken nie: *"... wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe ..."* (1Pet. 2:24). Hulle is daarvoor verantwoordelik dat die kern van die christelike geloof verlore gegaan het – naamlik, dat die Verlosser alle skuld en sonde op Hom geneem het, naamlik, die vloek wat op die mensdom was, die losprys betaal het (Rom. 4:25; Gal. 3:13) en dat ons alleen deur Sy soendood die vergifnis, versoening en die ewige lewe het.

Die "Shma Israel" = **"Hoor, Israel, die EWIGE, onse God, die EWIGE, is een!".** Dit is 'n noodsaaklikheid, 'n bevel, wat nie deur die sogenaamde kerkvaders in ag geneem was nie. By nadere ondersoek redeneer en praat hulle by God verby, want hulle het geen persoonlike verhouding met Hom nie. Slegs uit ‘n ware goddelike ervaring kan ‘n verbinding en direkte toegang tot Hom en Sy Woord verkry word.

Wat Tertullianus, Clement, Hippolytus, Julianus, Origenus, Marceonus, Montanius, Sabellius, Athanasius, Arius, Jerome, Chrysostom, Augustinus, en wie hulle ook al was, geleer het, is dus betekenisloos vir bybelse gelowiges en is nie bindend nie. Hierdie manne het 'n geestelike "chaos" gelos – 'n gemors. Die enigste ware God, die God van Israel, het hulle nie geken nie en hulle het geen openbaring van die plan van verlossing en die gepaardgaande selfopenbaring van God in Christus gehad nie. Selfs die grondlegging van die formele Christendom was verkeerd, en alles wat daargestel was, was ook so! Daarom is die behoefte van die uur: Terug na die oorspronklike Woord, die oorspronklike grondslag, die praktyke van die apostels en profete, sodat die weg van God weer met waaragtigheid geleer en toeganklik gemaak kan word (Luk. 20:21; Hand. 18: 24-26).

## ‘n Ongelooflike Tragedie

Die tragedie binne die geledere van die tradisionele Christendom bestaan hoofsaaklik daarin dat hulle in die teologiese skole nie terugkeer na die oorsprong nie. Hulle gaan voort om die sogenaamde »innerlik-trinitariese verhouding« – wat glad nie bestaan in die werklikheid nie en eers sedert die 4de eeu spekulatiewelik uitgevind is – teologies te regverdig. Maar voor God geld dit glad nie. Voor Hom kan alleen geldig wees wat Hy self gesê het, en wat deur Sy diensknegte in die Ou en Nuwe Testament neergeskryf is. Wat die Bybel nie van getuig nie, kan nie vanuit goddelike oorsprong wees nie. Die Ou en Nuwe Testament is **die voltooide getuienisse van God, waarby niks later bygevoeg kan word nie**, net soos met 'n aardse testament. Paulus het dit duidelik gestel dat by ‘n bekragtigde testament niks bygevoeg of aangevul mag word nie (Gal. 3:15). In die laaste hoofstuk van die Nuwe Testament word dié wat by die woorde van profesie van die goddelike Boek **enigiets byvoeg of weglaat**, gedreig met die apokaliptiese plae, en hul verwydering uit die boek van die lewe. So ernstig is die saak dat selfs die name van diegene wat in die boek van die lewe is, uitgewis sal word wanneer hulle hulself daaraan skuldig maak!

Paulus het selfs dan, met pyn, voor die einde van die eerste Christelike geslag gewys, dat ook 'n ander Jesus verkondig word, 'n ander evangelie gepreek word en 'n ander Gees werksaam was (2Kor. 11:4). In dieselfde hoofstuk het die apostel geskryf met betrekking tot die verteenwoordigers van die verskillende leringe: *"So seker as die waarheid van Christus in my is ... want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as die dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke"* (vv. 10-15). Johannes skryf dat ons die geeste moet toets en dat daar baie valse profete in die wêreld uitgegaan het. Slegs diegene wat Jesus as die in-die-vlees-gekomde Christus bely,

bekend as die Messias, is uit God. *"... Elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris ..."* (1Joh. 4: 1-3). **Hierdie Woord is van toepassing op alle denominasies wat nie Jesus bybels glo nie, maar leer dat 'n ewige Seun vooraf bestaan het. Hulle praat van "Jesus" as die "Seun", maar het nie gebly met die bybelse getuienis in ooreenstemming met die Gees en die Woord van profesie nie** (Openb. 19:10b). Nou is die suiwer leringe as die waarheid op die staander, sodat almal dit kan bekyk en sien deur watter gees hulle gelei word.

In sy brief aan die gemeente in Éfese, weergee Johannes die woorde van die HERE: *"... Ek ken jou werke, en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is, en dit nie is nie, en hulle* ***leuenaars*** *bevind het"* (Openb. 2:2).

In Galásiërs 1 beklemtoon Paulus, dat almal wat 'n ander evangelie verkondig, onder die vloek is. Met 'n **ander** evangelie moet daar verstaan word dat dit nie ooreenstem met die **oorspronklike** Evangelie van Jesus Christus en met die leringe en handelinge van die apostels nie. Met sy verantwoordelikheid en gesag, wat uit sy roeping voortspruit, was die apostel bekommerd dat Satan met dieselfde verleiding en bedrieëry in die Gemeente sou slaag soos met Eva (2Kor. 11: 2-3). Nie net het die vyand van God die eerste man aan die begin van die skepping, die verderf ingedompel nie, hy het dit ook gedoen selfs nadat hulle verlos was, met diegene wat die Woord van God oortree het en dit nie ernstig opgeneem het nie. Beide leef voort: diegene uit die **vroeë geskiedenis** deur **ongehoorsaamheid**; die **vroeë Gemeente** deur **geloofsgehoorsaamheid**. Die vyand gebruik altyd die dieselfde metode: deur die Woord van God te bevraagteken: *"Is dit ook so dat God gesê het?"* en: *"Julle sal gewis nie sterwe nie! ...".* Satan is die leuenaar wat van die begin af die Woord op die mees vrome manier vernietig. Hy het groot sukses in alle godsdienste van hierdie wêreld, want hy is die prins, die god van hierdie wêreld en tree altyd op in ‘n godsdienstige gewaad.

## DIE EINDTYD

> *In die Heilige Skrif vind ons die terme "die tye", "die eindtyd", "die laaste dae", "wêreldtyd" en ander. Dit is terme wat in die tydpatroon van God belangrik is, in verskillende kontekste. Dit is 'n wonderlike ding dat ons die laaste deel van die nuwe-testamentiese tydvak bewustelik kan ervaar. Die laaste genade-oproep gaan nou uit.*

Met die oog op die beloftes in die Woord van God en die naderende wederkoms van Jesus Christus en die vervulling van bybelprofesie, ervaar en verstaan ons, as 'n "teken van die tye", dat daar dringend ‘n helpende daarlegging oor God en Sy plan van verlossing vir die mensdom nodig is. Slegs God se Woord, wat nie onderhewig is aan die veranderende tye nie, maar dieselfde bly tot in ewigheid (Jes. 40:8), kan as autoriteit dien in die geestelike wêreld. So spreek die HERE: *"Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie"* (Luk. 21:33). Die apostel Petrus bring die Ou en Nuwe Testament in gemeen, met sy aanhaling van die profeet Jesaja: ***"... maar die woord van die HERE bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is"*** (1Pet. 1:25).

Die siener Johannes het getuig dat die **ewige-geldige Evangelie** getrou verkondig sal word aan al die inwoners van die aarde, al die nasies, stamme en tale (Openb 14:6). Onse HERE het ook gesê: *"En hierdie **evangelie van die koninkryk** sal verkondig word in die **hele** wêreld as getuienis vir **al die** nasies; **en dan sal die einde kom**"* (Matt. 24:14). Hierdie profesieë word nou vervul en soos dit sê, moet die Evangelie verkondig word aan al die nasies voor die einde. Ook aan die mense van ander godsdienste wat geen of 'n baie verskillende begrip van God het, soos aan ons in die Heilige Skrif getuig word. Die Evangelie, wat nou verkondig moet word, kan nie anders wees as dit wat aan die begin verkondig was nie, **die Evangelie wat God self in Christus geopenbaar, en die wêreld met homself versoen het** (2Kor. 5:19).

Al die profete en God-gestuurde manne het in hul dag opgetree teen die tendense van hul tyd. As God nie met hulle was nie, sou die golwe hulle meegesleur het. Elke keer wanneer God Sy diensknegte gestuur het, het Hy heilsgeskiedenis gemaak. Maar elke keer was Sy gesante soos vreemde voorwerpe beskou; hulle het nooit ingepas by die bestaande godsdienstige stelsels nie. Hulle was onder opdrag, was in die diens van die Allerhoogste en het Sy wil gedoen.

Daar was ten alle tye uitsonderings, wat teen die godsdienstige stroom gegaan het en die Heilige Skrif, naamlik die Ou en Nuwe Testament, deeglik ondersoek en so die bron self bereik het. Slegs dan kan ‘n mens onderskei tussen wat die Bybel werklik leer en wat deur die kerkgeskiedenis oorgedra is.

Tot dieselfde mate waarin die post-apostoliese tydperk, ná Polycarpus en Irenaeus, die manne binne die Christendom wat inderdaad uit die heidendom gekom het, hulself gedistansieer van Judaïsme, het hulle die Ou Testament verontagsaam en die Nuwe volgens hul eie begrip geïnterpreteer. Noemenswaardig is die feit dat hierdie skeiding vanaf Judaïsme plaasgevind het op dieselfde tyd met die koms van die »Drie-eenheid« idee. Geen Christen wat in die eenheid van God geglo het, het die Jode ooit gehaat nie. Hierdie dodelike haat het begin met die voorstaners van die »Drie-eenheid«, wat die Jode beskuldig het dat hulle verblind en verwerp is. Gedurende hierdie tydperk, was hulle kollek-tiewelik veroordeel as »Christus moordenaars« en later selfs as »Godsmoordenaars«. So was die oorspronklike fondasie van die apostels en profete verloor. Hierdie van-die-Woord-afgerokkelde rigting, was verenig met wêreldmag. So het 'n rampspoedige era in die kerkgeskiedenis, bekend as die "Donker Eeue", aangebreek.

Die »Dogma van die Drie-eenheid« is eintlik op 1 Mei, 381 nC deur Keiser Theodosius I verklaar as die »staatsgodsdiens« in die Romeinse Ryk, en in 447 nC deur Pous Leo as bindend verklaar. Rondom die jaar 500 nC het die priesters uniform ontvang en is staatsamptenare gemaak. Daarmee was die

skeiding tussen die priesters en die toehoorders bewustelik gemaak. Volgens die getuienis van die Heilige Skrif, is die hele Gemeente van die verlostes *"die heilige priesterdom"* (1Pet. 2:9 en Openb. 1:6a, o.a.). Daarna het die verskriklike duisend jaar outokratiese heerskappy van die Romeinse koninklike kerk begin, tot die uitbreek van die Hervorming.

Sedert die bekendstelling van die Christelike staatsgodsdiens, was alle Romeinse burgers daartoe verplig. Terwyl die Romeinse staat in die vroeë eeue gestreef het na die »nuwe godsdiens«, ongeag hul eienskappe, het al die ander gelowe vervolg, wat nie gedwing kon word in die verenigde kerk nie. Die geskiedenis vertel van die kruistogte, teen almal wat die »Drie-eenheids« kerk, wat ook die keisers-kerk geword het, teengestaan het. Dit vertel ook van die pogroms, godsdienstige oorloë, die Spaanse Inkwisisie en die vervolging van die Waldense en moord op die Hugenote in Frankryk en nog baie meer.

Aan die einde van die eerste Christelike millennium het die godsdienstige mag die wêreldmag heeltemal oorheers. Tot dan het die keisers die pouse aangestel, maar van toe af het die pouse die keisers aangestel. Dit was Pous Nicholas II wat dit besluit het in die jaar 1059. Onder die vaandel: "In die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees" het die kruisvaarders gereëlde kruistogte gemaak teen die kerke en gemoor, met die kruis in die een hand en 'n swaard in die ander hand. Toe Pous Urban II in November 1096, soos besluit by die Raad van Clermont in 1095, die oproep maak om Jerusalem en die graf van Jesus onder Christelike heerskappy te bring, het hulle 330,000 kruisvaarders, oorwegend uit Frankryk, gereed gemaak en die kruisvaart begin. 40,000 het uiteindelik Jerusalem bereik onder Gottfried von Bouillon. Die Pous het gesê: "Dit is God se wil!" en so moes sy onderdane dit ook doen. Soos wat hulle misdade gepleeg het, was die moordenaars vergifnis gegee, al langs die pad. Nie net in Jerusalem het die bloed vrylik gevloei nie, groot gebiede was vir eeue met bloed deurweek, was dit gerapporteer. Die biograaf van Koning Friedrich II, wie later gekroon was as koning van Jerusalem, het in een van die kruistogte geskryf in sy dagboek:

"Ons het die heilige stad deur die bloed betree, en ons pad oopgeveg na die graf van Christus – dit is werklik 'n heilige oorlog". Soos vee was hulle "in die naam van die vader, die seun en die Heilige Gees" by die massas geslag. Die eerste '»Drie-eenheids« kerk' het met hul leringe, soos met ‘n driehoekige ysterknuppel, volke en stamme genadeloos uitgemoor.

Die pouse, as die hoofaanvoerders van die »Drie-eenheid« lering, is, soos geskiedenis toon, verantwoordelik vir al die gruwels wat in die naam van die »Christelike Katolieke« godsdiens gepleeg is. Hulle het ook die openbare branding van die Talmud bestel in 1244 en in 1731 ook alle boeke wat in die Hebreeuse taal geskrywe was. Joodse uitsettings, die vervolging van ander gelowe en moord partye was min of meer deel van hulle program, want hulle was beskuldig as vervloektes en van dwaalleringe.

Hele Europese lande is op aandrang van die Kerk »Jood-vry« gemaak: Spanje in 1492; Portugal in 1496, ens. In Pole alleen is in 1648 ongeveer 200,000 Jode op die mees wrede maniere vermoor – geslag, vermink, gekap. Die geskiedenis van die pouse is deurweek met baie bloed, met Joodse bloed en die bloed van bybelgetroue martelare. Die »finale oplossing« het in ons tyd plaasgevind en het alleen 6 miljoen Jode, insluitend 1,5 miljoen kinders, hul lewens gekos.

Die »demonisering« van die Jode deur die Kerk van Rome was ongelukkig ook in ons tyd in die gedagtes van die mense geplant. Selfs Luther, gebore en grootgemaak as 'n Katoliek, kon hom nie daarvan losmaak na sy bekering nie. Die impak daarvan was 'n verskriklike klimaks in die Holocaust deur die Rooms-Katoliek oorheersde Hitler-regime. Eers onlangs is die Jode nie meer vervloek deur die kerk nie en die beskuldigende gedeeltes is eers sedert die Tweede Vatikaanse Raad (1962-1965) van die Goeie Vrydagdiens verwyder.

Die erkenning van Israel deur die Vatikaan was maar 'n paar jaar gelede vasgelê in ‘n grondleggings-verdrag, en ‘n jaar later, naamlik op 15 Junie 1994, het die vestiging van diplomatieke

betrekkinge tussen die twee lande plaasgevind. Of die houding jeens Israel regtig verander het, is te betwyfel, omdat die Vatikaan natuurlik aan die kant van die vyande van Israel is.

Jode het nog altyd die dood, selfs selfmoord verkies bo die aanneming van 'n »Drie-eenheid« en »trinitariese doop«, en net so is daar ook ontelbare bybel-getroue Christene. Dit moet alle opregte mense tot nadenke lei. Tot vandag toe nog spreek fanatiese »Drie-eenheid« voorstaners, hetsy in die formele- of onafhanklike kerke, ongelukkig nog steeds dieselfde haat teenoor bybel-getroues uit.

As ‘n lering korrek en van goddelike oorsprong is, dan sal die uitwerking daarvan dieselfde goddelike spore van "liefde, vrede en seën" laat. Die Jode het nooit die bekering van ander nasies tot hulle geloof in die een ware God geëis nie, of onder hulle geëvangeliseer nie. Geweld en dwangkerstening is die kenmerke van die Romeinse Rykskerk. Waar veel mag is, is daar ook die misbruik van mag wat met bloedige spore deur die hele kerkgeskiedenis loop.

## ‘n Uitdaging aan Almal

> *Die profeet Elia het na die berg Karmel opgegaan en die volk van God saamgeroep. Die 450 profete van Baäl en 400 profete van Asjéra het gekom om die besluit mee te lewe. Toe verklaar die profeet: "... die God wat met vuur antwoord, Hy sal God wees". En kyk, God het geantwoord! Selfs nou, moet 'n goddelike besluit geneem word. As die HERE God is, dan sal ons Hom dien. As Sy Woord waar is, dan wil ons alle ander as vals daar laat. Die tyd kom, dit is inderdaad baie naby, dat God sal opstaan en die werk wat Hy begin het, voltooi. In daardie beslissende oomblik moet ons op die regte kant staan. Deur Sy Woord rig Hy nou 'n uitdaging aan almal.*

'n Wêreldwye oproep moet nou gemaak word aan die mense van alle denominasies en alle gelowe. So baie gelowe kan nie lei tot God en reg wees nie. Net wat van Hom af kom, kan terug lei na Hom toe. **Vir HOM self, kan ons net daar ontmoet, waar Hy ons ontmoet het. Daar is ook net die een weg vanaf God na ons, dit is ons weg na God**. Tot vandag toe is daar net ‘n enkele Een wat kon sê: ***"EK is die weg, en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie"*** (Joh. 14).

Is die volgende terme geldig voor God in die hemel: »Drie-eenheid«, »Drie-voudigheid«, »Trinitariese God«, »Drie-enige God«, ens, wat Hy Homself nooit in die mond gelê en nooit genoem het nie? Daar is egter God-vreemde »entiteite« wat deur goddelose filosofiese teorieë ingekruip het! So, wat is die waarheid oor die »Drie-eenheid«? Die waarheid oor die »Drie-eenheid« is dat dit glad nie bestaan het in die ewigheid nie, nie teenwoordig was in die loop van tyd nie en sal glad ook nie in die ewigheid bestaan nie!

In die Ou Testament word die begrips-benoeming "**die HERE God**" saam geweergee. Daarinteen vind ons in die nuwe-

testamentiese teks, tot by die brief van Judas, nie een maal die begrips-benoeming "die HERE God" nie, tensy in 'n aanhaling uit die Ou Testament. Hierin lê die groot geheimenis van God, wie ons in die Nuwe Testament ontmoet in Sy menswording, maar waarvan niemand duidelikheid het of die oorsprong ken nie. Soos in 1Korinthiërs 6:14 byvoorbeeld staan: *"En God het ook die HERE opgewek ...".* Die openbaring van wat die goddelike bly en wat vlees geword het, loop hand aan hand langs mekaar, met mekaar, in mekaar in, totdat die mense van God se welbehae die voltooiing van die vergoddeliking bereik en die verlostes aan die Verlosser gelyk word (1Joh. 3: 1-3).

In die Nuwe Testament verskyn "God" en "die HERE" afsonderlik soos Vader en Seun, tot by die profetiese boek van die Bybel, Openbaring. Eers dáár vind ons weer die benoeming "**die HERE God**".

Die godsdienstige leiers het Jesus beskuldig van godslastering (Joh. 5 en 10), want Hy het Homself – volgens hulle – God gemaak. Hulle het geen begrip gehad oor die feit dat die Verlosser, gebore as ‘n mens, moes ly en hier moes sterf nie, en as HERE die mag uit die dood moes neem nie. Hulle het hom beskuldig: *"Dit is nie oor 'n goeie werk dat ons U stenig nie, maar oor godslastering, en omdat U, wat 'n mens is, Uself God maak".* Sy antwoord was: *"... sê julle vir Hom wat die Vader geheilig en in die wêreld gestuur het: U spreek godslasterlik — omdat Ek gesê het: Ek is die Seun van God? ... dat julle kan erken en glo dat die Vader in My is, en Ek in Hom"* (Joh. 10: 33-38).

Paulus het gepraat van die verborgenheid van "Christus en die Gemeente" en die verwerkliking daarvan, soos God, die Skepper van alle dinge, van voorneme was van ewigheid af, om dit tot uitvoering te bring in Jesus Christus, onse HERE, (Efé. 2 en 3, ens). Voordat daar iets tydeliks was, het God in die ewigheid reeds alles vooruit bepaal. Lank voor die mens daar was en kon val, naamlik, **selfs voor** die grondlegging van die wêreld, het die Alwetende Sy plan van verlossing geneem en ons verlossing deur die Lam van God bestem, wat gekies is in die oë van God,

voor die grondlegging van die wêreld (1Pet. 1: 20-21). Voor die grondlegging van die wêreld was die name van die verlostes reeds geskryf in die boek van die lewe van die Lam. Voor die grondlegging van die wêreld het God ons bestem om Sy seuns en dogters in Christus te wees (Efe 1: 4-5). Voor die grondlegging van die wêreld het die Vader reeds die Seun en ons in Hom liefgehad. Dieselfde ewige heerlikheid waarmee die Seun van God van gedaante verander is, was reeds daar vir Hom en die wat aan Hom behoort, voor die grondlegging van die wêreld: *"En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is"* (Joh. 17: 22-24). Aangesien God ewig is, het Hy sy plan van verlossing, in ewigheid uitgepraat. Daarom verstaan die tydelike, natuurlik-verstandige mense Hom nie; dit is die probleem. Voor die grondlegging van die wêreld is alles reeds deur Hom gedoen, selfs al kom dit net in die loop van tyd tot uitvoering en tot ‘n werklikheid.

Die Verlosser was nie net die Messias, wat "gesalfde" is, nie. Hy het die een wat die mag oor die dood gehad het, naamlik die duiwel, vernietig en so ons vryheid bewerkstellig. Daarom is Hy in alle opsigte gelyk aan Sy broeders (Heb. 2: 14-18). In hierdie verband, het die profeet in die Ou Testament gesê: *"Uit die mag van die doderyk sal Ek hulle loskoop, Ek sal hulle verlos van die dood! Dood, waar is jou pestilensies? Doderyk, waar is jou verderf?"* (Hos. 13:14).

Paulus kon die oorwinningskreet uiter, dit wat sy vervulling by die wederkoms van Jesus Christus sal vind: *"Die dood is verslind in die oorwinning. Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?"* (1Kor. 15: 50-58). Deur die opgestane Christus, is die dood oorwin. Binnekort sal die dood verslind wees in die oorwinning en in die voleinding sal ons vir ewig niks meer van dit hoor of sien nie. *"**Hy sal die dood vir ewig vernietig**, die Here HERE sal die trane van alle aangesigte afvee ... En hulle sal in dié dag sê: Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos; dit is die HERE op wie ons gewag het: laat ons juig en bly wees oor sy hulp"* (Jes. 25: 8-9). *"Kyk, die tabernakel van God is by die mense en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God*

*self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee,* ***en daar sal geen dood meer wees nie*** *..."* (Openb. 21: 3-4).

## NIEMAND KAN JESUS CHRISTUS OMSEIL NIE

> *So onverklaarbaar soos God is in Sy wese en in Sy manifestasies, so onverklaarbaar is onse HERE op die vele gebiede wat aan ons verlossing behoort.*

Wanneer die "HERE" in dieselfde konteks genoem word of verskyn in verband met die plan van verlossing – byvoorbeeld as Seun van die mens, Seun van God, die Seun van Dawid, as die Lam van God, as hoëpriester, as advokaat, as bemiddelaar, ens – word Hy getoon in Sy menswording langs God, nie as 'n tweede goddelike persoon nie. Dit is duidelik te siene in die betrokke skrifgedeeltes.

Wanneer Jesus praat as Seun van die mens, dan is die Vader groter as Hy, dan ken net die Vader die tyd en uur, dan kan Hy niks doen behalwe dit wat Hy die Vader sien doen nie (Joh. 5: 19-20, o.a.). Hy was 'n profeet, ‘n siener. Hy het getoon in visioene dit wat was en wat sal gebeur; deur Hom het selfs die gedagtes en bedoelings van die mense aan die lig gekom: *"Voordat Filippus jou geroep het toe jy onder die vyeboom was,* ***het Ek jou gesien****"* (Joh. 1:48).

*"... Jy het reg gesê ... want jy het vyf mans gehad, en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Dit het jy met waarheid gesê. Die vrou sê vir hom: Ek weet dat die Messías kom, Hy wat Christus genoem word;* ***Wanneer Hy kom, sal Hy ons alles verkondig****. Jesus sê vir haar:* ***Dit is Ek wat met jou spreek****"* (Joh. 4: 16-26, en andere).

*"Maar Jesus self het hom aan hulle nie toevertrou nie, omdat Hy almal geken het, en omdat Hy nie nodig gehad het dat iemand van die mens sou getuig nie; want hy self* ***het geweet wat in die mens is****"* (Joh. 2: 24-25).

So is die woord van Deuteronómium 18 vervul, soos Petrus daarop wys in sy tweede preek na Pinkster: *"Want Moses het tot die vaders gespreek: Die HERE julle God sal vir julle 'n profeet verwek uit julle broeders net soos ek is; na Hom moet julle luister volgens alles wat Hy met julle sal spreek.* ***En elke siel wat nie na dié Profeet luister nie****, sal uit die volk uitgeroei word"* (Hand. 3: 22-23). As "**Seun van die Mens**", is Hy **die Profeet** en **Kneg** (Jes. 42: 1-4; 52:13; Hand. 4: 23-31). As "**Seun van God**", is Hy **Verlosser en HERE.** As "**Seun van Dawid**", is Hy **koning.** Hy is Koning, Priester en Profeet.

Elke handeling van ons geliefde "HERE" en alles wat Hy sê en deur Hom gesê is, moet altyd samehangend gesien word in die onderskeie kontekste waarin dit opgedra is. Daarom moet die name nooit omgeruil word nie. As daar in die evangelies meer as tagtig keer "Seun van die mens" verskyn, dan moet dit vir ewig daar bly, as daar "Seun van God" staan, behoort dit daar, eweneens, as dit sê "Seun van Dawid", is dit alles op elke gebied, in die goddelike Skrif so beveel en in ooreenstemming met die plan van verlossing.

God het nie Homself in Homself vermeerder nie, Hy het die enigste gebly. Deur Sy Seun, die eersgeborene, het Hy egter deur die voortplanting van die Gees, die geestelike vermenigvuldiging van al die eersgeborenes bewerkstellig. Hulle is deur die Woord van die waarheid in die lewe geroep, het die nuwe geboorte ervaar (Jak. 1:18; 1Petr. 1:23, en andere). Hulle is vergewe en aanvaar as seuns en dogters van God.

***"En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het"*** (Joh. 17:3).

*"En ons weet ook dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken;* ***en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe****"* (1Joh. 5:20).

As Seun van die mens het Stephen Hom aan die regterhand van God gesien (Hand. 7:56). As Seun van die mens het Johannes Hom tussen die sewe goue kandelaars gesien (Openb. 1). As Seun van

die mens het Daniel Hom reeds toe al gesien kom (7: 13-14 o.a.). Ons sien hom langs God in Sy rol as ons Hoëpriester, Middelaar en Voorspraakmaker. Die apostel skryf aan sy kollega Timótheüs: *"Want daar is* ***een God*** *en* ***een Middelaar*** *tussen God en die mense,* ***die mens Christus Jesus*** *..."* (1Tim. 2:5).

1Johannes 2 vers 1 stel dit so: *"En as iemand gesondig het, ons het 'n* ***Voorspraak*** *by die Vader, Jesus Christus,* ***die Regverdige****"*.

Vanuit ‘n heilsgeskiedkundige perspektief vind ons in die Nuwe Testament dat die reddingsplan in en deur die Seun is. Die Seun het, ten spyte van Sy menslikheid, lewende geloof aan die mense voorgehou: *"Glo in God, glo ook in My!"* (Joh. 14:1). **Slegs diegene wat in die Seun van God glo, is die wat God waarlik glo**. Slegs in die geopenbaarde van God is lewendige, reddende geloof moontlik. Al die ander is godsdienstige aktiwiteite verby God. **In die Seun alleen het die Vader ons ontmoet, in Hom alleen ontmoet ons die Vader.** So word dan ook die volgende skrifgedeeltes verordineer: *"Dien die HERE met vrees en juig met bewing!* ***Kus die Seun****, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil"* (Ps. 2: 11-12).

*"... julle wat* ***deur Hom glo in God*** *wat Hom uit die dode opgewek en Hom heerlikheid gegee het, sodat* ***julle geloof en hoop op God kan wees****"* (1Pet. 1:21).

Die God-gegewe heil is in die **Seun van God** gegee aan al die seuns en dogters van God. Daarom lui die apostoliese voorvereiste ook vandag nog: ***"Glo in die HERE Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin"****.* Redding en verlossing is in die Seun. Hy is ons heil. ***"Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar Hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom"*** (Joh. 3:36). *''En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun.* ***Hy wat die Seun het****, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie"* (1Joh. 5: 11). ***"Wie nie die Seun erken nie, verwerp ook die Vader; wie die Seun erken, erken ook die Vader"*** (1Joh. 2: 23-24 – ’83 vert.).

### 'N NUWE SKEPPING

> *Onse HERE sê: "Kyk, Ek maak alles nuut" Dit het begin met die nuwe verbond, waarin almal wat tot geloof kom, nuwe lewe van God gegee word deur wedergeboorte. Paulus het uitgeroep: "As iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepping ..." (2Kor. 5:17). God het 'n nuwe lewe, 'n nuwe hart, 'n nuwe gees in die Ou Testament en al deur die nuwe verbond in Christus, wat die begin van die nuwe goddelike skepping is (Openb. 3:14) en wat Hy aan ons belowe het, gegee.*

In die natuurlike skepping, wat sy vermeerdering deur vleeslike voortplanting het, het ongehoorsaamheid en oortreding tot die dood gelei deur ongeloof, en skeiding vanaf God – die uitsetting vanuit die paradys en vanaf gemeenskap met God. Omdat die val van die mens in die vlees en bloed gebeur het, moes die versoening, wat die redding bewerkstellig, in dieselfde vleeslike liggaam deur bloed geskied. Omdat die lewe in die bloed is (Lev. 17:11), was dit nodig dat Hy Sy bloed en lewe offer as 'n offer vir versoening en verlossing. In die Geesgebore Seun van God was die lewe van God: *"In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense"* (Joh. 1:4). Hy het in die vlees sterflik geword. In die Gees het Hy na die hel heengegaan (1Pet. 3: 18-23) om die dood, die hel en die duiwel te oorwin en om hierdie oorwinning aan al die seuns en dogters van God te skenk (Openb. 1: 17-18). Die skade wat Satan deur die slang aangerig het, het God as Vader in die Seun weer goed gemaak. Die pad na die paradys is gratis. Aan die dief het Jesus sterwend aan die kruis, as die eerste gesê: *"Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees"* (Luk. 23:43).

In Getsemane het die Seun van God die direkte stryd van die siel en dood geveg en gebid: *"My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil!"* (Matt. 26:39).

*"Nou is My **siel** ontsteld, en wat sal Ek sê? Vader, red My uit hierdie uur? Maar hierom het Ek in hierdie uur gekom: **Vader, verheerlik u Naam!**"* (Joh. 12: 27-28).

Aan die kruis van Golgota het die Seun van God namens al die seuns en dogters van God, al die skuld en sonde, inderdaad ook die skeiding vanaf God, op Hom geneem. Ons is deur God verlaat, Hy het ons plek geneem en uitgeroep in ons plek: "*My God, My God, waarom het U My verlaat?*" (Matt. 27:46; Mark. 15:34), soos dit voorspel was in Psalm 22, uit die mond van Dawid. Hy het aan die kruis gebloei en uitgeroep: *"Dit is volbring!"* (Joh. 19:30). Alles het gebeur soos dit in die Ou Testament vooruitgespreek was.

In al hierdie heils-historiese noodwendigheid, wat deel uitmaak van die verlossingswerk, sien ons Hom van Sy geboorte tot met die dood as 'n man onder die mense, wat uiteindelik sterwend roep: *"Vader, in u hande gee Ek My gees oor"* (Luk. 23:46). Dit is ons wat God in die gesig gestaar het, maar van Hom geskei. Nou het Hy in die gaping gestaan, om ons te verenig met God. Sedertdien kan al God se kinders dieselfde sê wanneer hulle aardse pelgrimstog verby is. *"Vader, in u hande gee Ek my gees oor!"*

Vir die verlostes is die volgende woorde van toepassing: *"En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het, en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael, nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het"* (Kol. 2: 13-15). Amen! So is dit!

## IN DIE SEUN HET ONS SEUNS EN DOGTERS VAN GOD GEWORD

> *In die Seun het God, wat die Vader geword het met die verwekking en geboorte van die Seun, al Sy seuns en dogters ontvang en aanvaar. Dit is die doel van Sy hele plan van verlossing; dit is wat Hy wou hê. Die geskape seun – Adam – was* ***ongehoorsaam*** *en het dus 'n kind van die dood geword. So is al die afstammelinge van Adam kinders van die dood. Almal weet dit: Niks in die lewe is so seker soos die dood nie! Daarinteen was die verwekte Seun – die tweede Adam –* ***gehoorsaam*** *tot die dood toe aan die kruis. So Hy het verlossing volbring en as bemiddelaar die versoening bewerk tussen God en die mense. Hy het die dood gely om dit te oorwin. Deur Sy opstanding het Hy geseëvier oor die dood, die hel en die duiwel.*

Daar is geskrywe: *"En in die plek waar aan hulle gesê is: Julle is nie my volk nie! — daar sal hulle genoem word kinders van die lewende God"* (Rom. 9:26; Hos. 1:10).

Die openbaring in die Seun het die grootste sin en doel gehad, naamlik, dat ons in Hom seuns en dogters van God geword het. Vanaf die Verlosser in die enkelvoud: *"EK sal vir hom* ***'n Vader*** *wees, en hy sal vir My 'n seun wees"* (2Sam. 7:14; Heb. 1:5), is dit oorgedra aan die verlostes: *"EK sal* ***vir julle*** *'n* ***vader*** *wees, en* ***julle*** *sal vir My* ***seuns*** *en* ***dogters*** *wees, spreek die HERE, die Almagtige"* (2Kor. 6:18). Deur dieselfde Gees wat die Seun verwek het, is onse nuwe lewe uit God verwek, waardeur ons dan die wedergeboorte ervaar (1Joh. 5:4). Die Seun van God is die **eersgeborene** onder baie broeders; in Hom is diegene wat as Sy eie in die "Vader-kind" verhouding gebring word. *"... Maar gaan na my broers en sê vir hulle: EK vaar op na* ***my Vader en julle Vader, en my God en julle God****"* (Joh. 20:17).

In die Seun het God ons aanvaar, soos daar geskrywe staan: *"Want dit het hom betaam, ter wille van wie alle dinge en deur wie alle dinge is, as Hy **baie kinders na die heerlikheid wou bring**, om die bewerker van hulle saligheid deur lyde te volmaak. Want **Hy wat heilig maak**, sowel as **hulle wat geheilig word**, is almal **uit Een**; om hierdie rede skaam Hy Hom nie om hulle broeders te noem nie"* (Heb. 2: 10-12).

*"... deurdat Hy ons voorbeskik het om ons **as sy kinders** vir Homself aan te neem **deur Jesus Christus**, na die welbehae van sy wil"* (Efe. 1:5).

*"Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordeneer om **gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun**, sodat Hy **die eersgeborene** kan wees **onder baie broeders**"* (Rom. 8:29 en andere).

## DIE TWEE BEGININGE

Die twee begininge is realiteite wat nie eers nog hoef bewys te word nie. So seker soos daar beslis 'n natuurlike begin deur die skepping van die mens was, wat vandag nog bestaan, so seker is daar beslis ook 'n begin deur die geboorte uit die Gees, wat ook 'n werklikheid is in al die bybel-gelowiges.

Ons sien vir Eva, wat die vyandige saad, naamlik die van die slang opgeneem het en ook vir Adam in die oortreding ingesleep het. Dan sien ons vir Maria, wat die goddelike saad aanvaar het en geboorte gegee het aan die Verlosser, wat die "tweede Adam" is, en daardeur die ewige lewe vir ons teruggebring is (1Kor. 15: 45-49). God het Sy saad deur die Gees in Maria verwek, sodat hierdie goddelike saad in die vlees kon verskyn as die Seun van God, die slang se kop kan vermorsel en ons sodoende die redding gee. "Saad" beteken "nakomenskap" of "nageslag".

Omdat die slang Eva bedrieg het en Kain daaruit as natuurlike saad voortgekom het, soos daar inderdaad geskryf staan: *"... Kain wat uit die bose was ..."* (1Joh. 3:12), het die HERE God vir die slang gesê: *"Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen*

***jou saad*** *en* ***haar saad****. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt"* (Gen. 3:15). Deur die verwekking moes God 'n natuurlike saad skep, om die angel van die dood uit hierdie tot-dood-veroordeelde liggaam te trek en sodoende die fisiese liggaams-verandering te verseker. Hierdie "saad" van God is Christus (Gal. 3:19 o.a.).

Soos die eerste Adam, deur sy ongehoorsaamheid, die dood aan almal gebring het, so het die "tweede Adam", deur Sy gehoorsaamheid tot die dood aan die kruis, aan die gevalle mensdom verlossing, vergifnis, versoening en die ewige lewe verkry:

*"Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring — Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees"* (1Pet. 3: 18-19).

*"Ook julle wat vroeër vervreemd was en vyandig gesind deur die bose werke, het Hy nou versoen in die liggaam van sy vlees deur die dood, om julle heilig en sonder gebrek en onberispelik voor Hom te stel"* (Kol. 1: 21-22).

*"Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys ..."* (Rom. 3:25).

*"****Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens.*** *... So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword****; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees*** *...* ***Die eerste men****s was uit die aarde aards, die* ***tweede mens*** *is die HERE uit die hemel. ... En soos ons die beeld van die aardse gedra het, so sal ons ook die beeld van die hemelse dra"* (1Kor. 15: 21, 45, 47, 49).

*"Daarom dan, net soos dit deur <u>een</u>* ***misdaad*** *vir alle mense tot* ***veroordeling*** *gekom het, so ook is dit deur <u>een</u>* ***daad*** *van geregtigheid vir alle mense tot* ***regverdigmaking van die lewe****. Want soos deur die* ***ongehoorsaamheid*** *van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook die* ***gehoorsaamheid van die Éen*** *baie tot regverdiges gestel word"* (Rom. 5: 18-19).

## DIE VERLOOP VAN DIE KERKGESKIEDENIS

In die nuwe-testamentiese Gemeente was elke aanvanklike leerstelling en praktyk, volgens God se wil en besluit. Die afwykings en veranderinge het egter baie gou begin. Hierdie tragiese situasie het so 'n mate bereik oor die daarop volgende eeue, dat daar amper niks van die vroeë Christendom te vinde was nie. Ons moet die oorspronklike spoor ontdek, wat in die Bybel vergelyk word met die "smal weg" en dit nou weer volg, anders sal ons voortgaan op die "breë weg" en die ewige doel mis.

Beide die egte sowel as die valse, het deurgans die kerk-eeue heen gepropageer. Selfs in die tyd van die apostels het manne wat geen goddelike roeping gehad het nie, hul persoonlike opinies voorgehou wat dan in vreemde leringe ontwikkel het. Selfs nou, moet elke onderrig, elke getuie en elke handeling met die oorspronklike van die vroeë Christendom vergelyk en versoen word. 'n Ware profeet, 'n ware apostel, 'n leraar, wie God in Sy Gemeente geplaas het (1Kor. 12:28; Efe. 4:11), moet en sal vandag verkondig wat al God-gestuurde profete, apostels en leraars vir ons in die Skrif gelaat het. Vanuit een goddelike bron kan net dieselfde openbaring en inspirasie elke keer voortkom.

Manne van God het nie hul persoonlike kennis aangebied nie, maar, gelei en geïnspireer deur die Heilige Gees, het hulle die woorde van God gepraat. Op hierdie maatstaf, wat altyd saamval met die Bybel, moet alle verkondigers, ongeag hul denominasie, gemeet word. Baie wil aan God 'n diens lewer sonder om eers uit te vind wat die wil van God is. Opregtheid is te bespeur in alle godsdienste. Selfs die toewyding, hoe baie hul tyd gebruik vir hulle oortuigings en praat van die erns wat hulle besiel. Maar natuurlik kan ‘n mens **opreg en tog verkeerd** wees. Selfs die sogenaamde "kerkvaders" het beslis goed bedoel toe hulle hul persoonlike menings as leerstellings oorgedra het en hul heidense idees in die Christendom ingebring het. Hulle wou die hele mensdom dien en nie die volgelinge van die heidense gode aanstoot gee nie. Maar so het hulle 'n heidense-christelike

godsdiens tot stand gebring. Hul goeie bedoelings getuig reeds toe al van die ekumeniese gees, maar was nie in die wil van God nie. Hulle het afgewyk van die weg van God af, waartoe hulle ander wou bring. Tot die mate dat hulle naderhand, deur baie kompromieë, nader aan die gebruike van die mense gekom het, wat hulle meer en meer laat wegbeweeg het van God en Sy Woord.

By God bly alle dinge van die begin tot die einde dieselfde. Hy self, Sy Woord en Sy werke was nog nooit onderworpe aan die veranderende tye nie en sal in ewigheid onveranderd bly. Hy is verplig tot Sy Woord, en almal wat in Hom glo, word ook in gehoorsaamheid daaraan verbind. Dit is die goddelike wese, waardeur diegene wat dit in hulself opneem, in hulle die Gees-goddelike natuur deelagtig word en met Hom een word (2Pet. 1: 3-4).

Ons sal nie hier die post-apostoliese tye en die Middeleeue, waarin die oorspronklike bybelse leringe byna geheel en al verlore gegaan het, in detail bespreek nie, maar die sprong van die vroeë Christendom tot die Hervorming maak en net kortliks die geskiedenis van die nuwe-testamentiese kerk van daar af tot vandag aanraak. Na die duisend jaar van outokrasie van die Kerk van Rome, was daar sedert die 6de eeu daarin geslaag om in die 16de eeu weer die deurbraak na die vrye verkondiging van die evangelie te maak. Baie name kan genoem word vanuit die Hervorming: Die bekendste is waarskynlik Martin Luther, wie Jan Hus hoog aangeskryf het, omdat hy, aangemoedig deur John Wycliffe, die deurbraak van die Hervorming voorberei het, deurdat hy sy lewe neergelê het op die brandstapel van die raadsvaders in Konstanz. Ook het Zwingli, Calvyn, Schwenkfeld en andere, hul bydrae gemaak.

Deur die Hervorming het die gelowige mense ervaar wat genade beteken; dit was die eerste stap terug na die vroeë Christendom: naamlik, regverdiging deur geloof. Daarby het die mense 'n gees-bewerkte berou ervaar vir alles in hul lewe wat nie reg voor God was nie en het die naam van die HERE aangeroep. Die Heilige Skrif

noem dit "berou toon", wat niks met "bekering" te doen het nie. So word ‘n mens verseker van die redding van die siel deur die geloof in die volbragte werk van verlossing. Deur die vergifnis en **regverdiging** deur geloof (Rom. 1: 16-17; Rom. 5, o.a.), waardeur die gelowig-gewordenes vrede by God ontvang (Rom. 5:1).

Die ervaring van bekering lei tot verdere ervarings. Soos bekend is, was daar sedert die Hervorming se deurbraak verdere geestelike ontwakings, en daardeur verreikende geestelike herlewings wat elke keer die gelowiges dieper in die Woord geneem het. Onder John Wesley en baie ander wat op dieselfde tyd verskyn het, het 'n nuwe herlewing uitgebreek waar die klem op **heiligmaking** gelê is, naamlik om die Woord van God uit te leef. Net soos mense voorheen die sekerheid in gebed verkry het en die vergifnis van sondes ontvang het, en geregverdig was, het die gelowiges gebid en die heiligmaking ervaar. Geloof kom altyd volgens die Woord van die evangelie wat verkondig was. Hierdie tweede herlewing was ontvang as die "Metodiste herlewing" in die geskiedenis van die Kerk. Dit was 'n voortsetting van die gelowiges se God-gewyde lewe.

Die doop-beweging het ook in die tyd van die Hervorming begin. Die verskillende geloofsrigtings, insluitend die Mennonite, Baptiste, Pinksterkerke en andere, het weer die doop deur onderdompeling beoefen van die wat geglo het. Elkeen wie 'n gelowige geword het, het nie gebly met die regverdiging en die ervaring van heiligmaking nie, maar in gehoorsaamheid die opdrag van die HERE gevolg en is onmiddellik gedoop deur onderdompeling. In al hierdie geestelike ontwakinge sedert die Hervorming, het die Gees van God natuurlik die verlore bybelse waarhede weer aan die lig gebring. Die doel is dat die nuwe-testamentiese Gemeente aan die einde van die genadetyd by die wederkoms van Jesus Christus in dieselfde toestand gevind kan word soos dit was met die apostoliese tydperk aan die begin. Die HERE het waarlik in Sy Woord belowe dat tye van verkwikking en 'n "geestelike reën" sal kom en dat 'n restitusie sal plaasvind voor die wederkoms (Hand. 3: 19-21, ens).

**Soos daar sedert die aanvang van die nuwe-testamentiese Gemeente en in die verloop van die daaropvolgende eeue, 'n ontwikkeling weg van die Woord ondervind was en 'n menslike tradisie ontstaan het, het daar sedert die Hervorming ‘n wegbeweeg van die ou tradisies onder die bybelgetroues plaasgevind, terug na die oorspronklike proklamasie.**

Met die draai van die eeu, het 'n magtige werk van die Gees uitgebreek wat na al die kontinente versprei het. Elke land het sy eie ondervinding oor hierdie herlewing. Die gees van God het wêreldwyd gewerk, maar die gebeurtenis van 1906 in Los Angeles op die "Azusa Street" word beskou as "die geboorte" van 'Pentekostalisme'. Die trinitariese pinksters noem nie dat die byeenkoms in "Azusa Street" ‘n "Oneness" byeenkoms was nie, 'n groep wat in die "eenheid" van God geglo het. Dit was die prediker Charles F. Parham, wat die Bet-El Kollege in Topeka, Kansas geopen het in Oktober van 1900. In 1905 begin hy met 'n Bybel seminaar in Houston, Texas. Daaraan het ook die later beroemd-geworde William J. Seymour deelgeneem, wie die leier van die "Azusa Street" gemeente geword het, waar hierdie geestes werking begin het, wat feitlik oor die hele aarde versprei het. Later het hierdie beweging die "United Pentecostal Church International" geword.

In Duitsland – ongelukkig moet mens sê: in geen ander land op God se aarde nie – het van die geestelike leiers as gevolg van sekere gebeure in Kassel, veroorsaak deur twee vermeende "profete" van Noorweë, in die algemeen teen die werking van die Gees gekom. Hulle het iets veroordeel wat hulle self nie beleef het nie. Op 15 September, 1909 was die sogenaamde "Verklaring van Berlyn" deur hulle onderteken. Die name van diegene wat dit onderteken het is daarin opgeneem. In hierdie verklaring was die Pinkster-beweging, saam met hul leiers, van "besetenheid" beskuldig en beskryf as ‘n "demoniese Pinkster-gees van onder". Het hierdie manne nie geweet dat die Gees waai waar Hy wil nie? Op diegene wat so oordeel, kan dit nie blaas of deur hulle werk nie. Hulle was, sonder om bewus te wees daarvan, die slagoffer

van hul eie argumente en het die onvergeeflike sonde teen die Heilige Gees begaan (Luk. 12:10).

Sommige mense glo dat hierdie wending die seën van God van Duitsland af weggedraai het en die vloek, tesame met al die verskriklike gevolge van die Eerste en die Tweede Wêreldoorloë, oor ons vaderland gebring het. Veral Berlyn, wat inderdaad die hoofkwartier van die geweldenaars was, vanwaar die mees verskriklikste menseslagting van alle tye veroorsaak was. Die woorde uit die Bybel: *"Wat 'n mens saai, dit sal hy ook maai"*, is in elk geval ook van toepassing op die godsdienstige leiers wat nie hul uur van God se genadiglike besoeking herken nie. Dit is skandelik wanneer manne wat vir hulself die Bybel in die hand neem en preek daaruit, respek vir die hoofstukke oor die werking van die gees verloor. Omdat hulle dit nie wil aanvaar nie, spreek hulle eintlik 'n oordeel oor hulself uit.

In die vroeë Christendom het mense die skrifte deursoek, of die dinge so was. Maar hierdie manne, wat edelmoedigheid met piëtisme verwar het, word deur hul eie vroomheid verdoem. Hulle moes opgelet het dat, wanneer hul bedieninge, hul prediking en praktyke vergelyk word met die Skrif, dit by verre nie pas met wat die apostels ontvang het nie. Daar is eenvoudig net te veel wat in hul vorme gestol gebly het en geestelik bly staan het. Maar God is nie 'n God van die dooies nie, maar van die lewendes. Waar Hy werk deur Sy Gees en Sy Woord, word die dood geestelik opgewek en deur die geloof in Jesus Christus lewendig gemaak.

Direk na die Tweede Wêreldoorlog het God in Sy getrouheid 'n hele nuwe begin geskenk. As Sy werktuig en mondstuk gebruik Hy toe vir William M. Branham (1909-1965), ‘n man wat in die noodlottige jaar 1933 deur Dr. Roy Davis verordineer was as prediker in die "Southern Baptist" kerk in die Verenigde State van Amerika. Soos Paulus van 'n hemelse roeping kon praat toe hy gesê het: *"En skielik* het *‘n groot lig uit die hemel my omstraal ..."* (Handelinge 22, vanaf vers 6), so ook kon William Branham getuienis van sy bonatuurlike roeping lewer. Dit het gebeur op

die aand van 7 Mei, 1946, toe die bonatuurlike lig in 'n kragtige kollig in die kamer geskyn het waarin daar skielik 'n hemelse besoeker, wie se voorkoms hy akkuraat kon beskryf, voor hom gaan staan het en vir hom sê: "Moenie vrees nie! Ek is vanuit die teenwoordigheid van God na jou gestuur ...". Hy berig, soos Paulus by 'n paar geleenthede vertel, van wat gebeur het, wat gesê was en van die opdrag wat aan hom gegee was. Sover bekend is, was hy die enigste in ons tyd, wat so 'n direkte hemelse roeping en sending ontvang het.

Die nuwe-testamentiese heilsgeskiedenis het begin met God se bonatuurlike werk op aarde: 'n Engel het na Sagaria gekom en aan hom die geboorte van Johannes die Doper aangekondig; 'n Engel het na Maria gekom en die geboorte van Jesus Christus aangekondig. Die engele-skare se gesang het deur Bethlehem weergalm en 'n engel het aangekondig *"dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die HERE, is"* (Luk. 2:11). Soos 'n rooi draad loop dit dwarsdeur die hele Nuwe Testament tot by Openbaring, waar dit aan ons vanaf die eerste hoofstuk van die sending van die engel aan Johannes vertel word. Daar waar God werksaam is vandag, gebeur die bonatuurlike selfs nou nog – soos dit was op Pinksterdag en daarna.

Dit het God behaag om, deur William Branham, die wêreld-wye genesings-herlewing te begin in hierdie eeu. Alle evangeliste – Oral Roberts, T. L. Osborn, Tommy Hicks en vele ander – wat later in die genesings-herlewing bekend geword het, het jare later eers begin. As hulle eerlik is, sal hulle bevestig dat dit in 'n Branham vergadering is waar hulle hul inspirasie en geloofs-versterking ontvang het. 'n Uitsondering is Billy Graham, wat deur die "Southern Baptist Convention" tot 'n evangelis verkies was in 1950, maar het geen genesings-bediening gehad nie. Die geestelike bewegings wat vandag bestaan, en die genesings- en herlewings-bedieninge, het oorwegend ná die baanbrekers-bediening van William Branham begin, wie in 1946 alreeds begin het. Dieselfde geld vir die sakelui van die 'FULL GOSPEL BUSINESSMEN'S ASSOCIATION' en die verskillende charismatiese strominge, wat ook daardeur tot stand gekom het.

Sedert die dae van ons HERE en die apostels was daar geen vergelykbare bediening nie. Na die preek, het hy hom op die mense beroep om ‘n besluit te maak vir Christus en daarna vir die siekes gebid. Hy het nie die ernstige gevalle afgesit nie, maar vir almal gebid en God op Sy Woord geneem. Hy het herhaaldelik die woorde van Hebreërs 13 vers 8 beklemtoon: *"Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid"* en Johannes 14 vers 12: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo — die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit ...".* Hy het geglo wat die HERE gesê het, en daar was tekens en wonders, miljoene vanoor die wêreld kon daarvan getuig.

In groot byeenkomste, wat baie gou deur massas getrek was, kon blindes op die platform weer sien, die dowes hoor, die stommes praat, kreupeles kon loop. Onder al die siekes en lydenes was talle wat genees was van kanker, want toe W. Branham geroep was, was hy meegedeel dat hy 'n gawe van genesing sou ontvang van God af en dat niks in die pad van sy gebed sal staan nie, selfs nie kanker nie, as hy net die mense kon kry om hom te glo. Dieselfde soort tekens en wonders soos in die bediening van onse HERE Jesus Christus het gebeur in ons generasie. Keer op keer het die ooggetuies uitgeroep: *"... niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met Hom is nie"* (Joh. 3:2).

William Branham het nie aan die »Drie-eenheids-«, ook nie aan die »Eenheids« denominasies behoort nie. Sy buitengewone bediening was ongelukkig, net soos dit met Jesus gebeur het destyds, deur die geestelike leiers die wêreld oor afgekraak. En weer was dit 'n Duitse Dr. So en So wie van die eerstes was om William Branham en ander genesings-evangeliste kwaadwilliglik in 'n boek aan te val. Vreemd is dat sulke mense hulself niks het om aan te bied nie, net 'n teoretiese breedsprakigheid. Van 'n goddelike bevestiging was daar met hulle geen spoor te vinde nie. Net soos die geleerde en oortuigende skrifgeleerdes destyds die bediening van die HERE toegeskryf het aan Beëlsebul, so doen hul eweknieë dit ook in hierdie tyd.

Alle evangeliste wat sedert die einde van die veertigerjare tot die middel-sestigerjare, in die genesing herlewings deelgeneem het, het eerstehandse kennis van dit wat God gedoen het. Omdat William Branham die volle Evangelie verkondig het, het die twee groot pinkster bewegings, die 'ASSEMBLIES OF GOD' en die 'UNITED PENTECOSTAL CHURCH', die meeste daardeur gebaat. Toe daar 'n dag vasgestel word, waarin hy met verteenwoordigers van die twee bewegings kon praat om te kies tussen hulle – want elkeen wou hom vir hulself alleen hê – het God hom 'n visioen gegee. Hy het twee bome vol ryp vrugte gesien. Op die een het gestaan »Drie-eenheid« en op die ander »Eenheid«. In hierdie visioen het hy homself sien staan tussen die twee bome, met een hand om die een boom en die ander om die tweede. Hy skud toe beide bome met geweld, en kyk, al die vrugte van hierdie bome het op hom geval. Hy deel toe hierdie ervaring met die broeders, wat nie voorheen met mekaar wou praat nie. Hy het vir hulle gesê:

"Sien julle dat God my nie toelaat om partydig te wees nie. Hy het my gestuur na Sy volk wat in hierdie twee pinkster kampe en oral gestrooi is". Toe skud hulle hande, en William Branham bid toe vir hulle. Die gevolg was jarelange samewerking en 'n ryke oes van siele wat in God se koninkryk gekom het, as die vrugte van die verkondiging.

Die Pinksters het baie gehou van die massas wat deur die Branham bediening na hulle toegestroom het, maar het hom self later verwerp omdat sy leringe uitsluitlik op die Skrif gegrond was. Daarvoor is Dawid Du Plessis hoofsaaklik verantwoordelik, wie ‘n getuie was van William Branham se histories-ongekende byeenkomste in Suid-Afrika in 1951 en hom gevolg het na die VSA, en later wêreldwyd as »Mr. Pentecost« bekend geword het, maar bewysbaar meer ekumeniese as Heilige Gees gehad het. Hy sit trots agter die paradoksale stelling: "Branham is 'n magtige en ware profeet, aan wie die HERE alles openbaar, maar moenie luister na wat hy leer nie!" Hoe werk dit? Kan uit dieselfde bron soet en bitter kom? So ook het Gordon Lindsay, Kenneth Hagin en andere hulself uitgespreek. Het elkeen nie die plig om die Skrif te

ondersoek en vir jouself te toets nie? Maar hulle verkies om te oordeel uit hul eie perspektief, en dit gebeur tot vandag toe.

## GEEN MENSLIKE INVLOED

Hier moet ook genoem word, dat niemand God kan beïnvloed nie. Die soewereine werking en handelinge van God is nie onderhandelbaar nie. So is die foto met die bonatuurlike lig-kolom nie op versoek van William Branham of met sy invloed geskep nie. Aardeliks was dit die twee persfotograwe Ayers en Kipperman, wat dit gefotografeer het as kritici, maar geestelik was dit die HERE wat in die bonatuurlike lig-kolom net soos in die tyd van Moses neergedaal het. Dit het gebeur op 24 Januarie 1950 in die "Colliseum" van Houston, Texas, met ongeveer 8,000 mense teenwoordigheid. Net voor dit het daar 'n debat plaasgevind tussen Eerw. Dr. Best, wie ontken het dat daar nog vandag genesings, tekens en wonders gebeur, en Eerw. F. F. Bosworth, wie hom skerp-sinniglik weerlê het met die Bybel.

Die negatiewe van die bogenoemde fotos was ontwikkel deur die Douglas Studio in Houston, Texas. As gevolg van die buitengewone aard daarvan, was Eerw. Gordon Lindsay gelei om dit te oorhandig aan die beëdigde ondersoeker van twyfelagtige dokumente, Dr. George J. Lacy. Sy verslag bevestig toe die mening dat daar nie dubbele blootstelling of enige manipulasie plaasgevind het. Die lig was daar, anders kon dit nie vasgelê was deur die kamera nie. Hierdie foto was toe goedgekeur en uitgestal in die Kunsgalery in Washington, as die enigste beproefde dokument met 'n bonatuurlike verskynsel. Dit is daar waar ek dit persoonlik in Desember 1969 gesien het.

Hierdie bonatuurlike lig het altyd afgekom wanneer die man van God begin het om vir die siekes te bid. Die besonderhede van die lewe van die persoon wat voor hom gestaan het, was aan hom getoon, presies net soos dit was in die bediening van die HERE. Honderde op band-opgeneemde preke is tot vandag nog beskikbaar as bewys daarvan. So het die opgestane HERE, na twee duisend jaar, Sy beloofde teenwoordigheid in Sy Gemeente

bevestig, selfs in die teenwoordigheid van ongelowiges. William Branham het getuig dat dit dieselfde lig was, waaruit Paulus die stem van die HERE gehoor het (Handelinge, hoofstukke 9, 22 en 26). Hy het dieselfde bediening en dieselfde bevestiging, dieselfde basiese leerstellinge oor die godheid, die doop, nagmaal, ens, soos Paulus gehad. Ek het self sy bediening as getuie vir 10 jaar (1955-1965) belewe en kan dus nie verberg wat God in ons tyd gedoen het nie. Ek is 'n waaragtige getuie wat dit gesien, gehoor en meegelewe het.

Selfs evangeliste wat William Branham tot vandag toe erken as die "vader van die genesings-herlewing", besef nie dat sy bediening van heilsgeskiedkundige betekenis was nie, deur dat alles eintlik teruggeplaas word in die oorspronklike staat, soos dit in die vroeë Christendom was. Hulle het ook nie verstaan dat 'n profeet nie deur wonderwerke gelegitimeer word nie, maar slegs wanneer hy die Woord van God verkondig soos dit uit die mond van God oorspronklik uitgegaan het. Dit is 'n jammerte dat die oorgrote meerderheid van die kerk-leiers nie die dag van die goddelike besoeking herken het nie. So word dan ook die oordeel gebring, wat die meester destyds ook met die geestelike leiers oor gepraat het. Hy wou Sy volk versamel, maar hulle het dit verhinder. Die geskiedenis herhaal eintlik homself. Baie genesings-evangeliste het net vir hulself 'n naam gemaak en het hul eie koninkryk binne die koninkryk van God gebou, waarin hulle ‘n voorspoeds-evangelie verkondig en hulself miljoenêrs maak. God het oor hulle gekla: leerstellig bly hulle in die ou suurdeeg en in die Babiloniese ballingskap. Hulle het nie besef nie dat God, in Sy liefde en getrouheid, hier aan die einde van die genadetyd, voor die aanbreek van die *"Dag van die HERE"*, soos Hy belowe het, 'n ware profeet gestuur, van Elia se formaat (Mal. 4:5-6; Matt. 17:11, ens).

Ten slotte, moet die volgende opmerking gemaak word: Die breë massas was nog nooit in enige beweging van God nie; slegs 'n klein minderheid gaan gepaard met wat God doen. Soos dit eers met Israel gebeur het, so het dit ook later herhaal met die denominasies in die verloop van die kerkgeskiedenis: *"Wat dan?*

*Wat Israel soek, dit* ***het hy nie verkry nie****; maar die* ***uitver-korenes*** *het dit verkry en die ander is verhard"* (Rom. 11:7). Soos dit met die Jode was, so geld dit ook vir die Christene: dit is altyd net 'n klein gedeelte wat erken wat God doen. Wat Hy in die verlede gedoen het, weet almal. Maar wie in die teenwoordigheid lewe, moet erken en deel het aan wat Hy tans mee besig is. Die vermaning van die HERE: *"As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien"* (Luk. 19:42), geld alles te alle tye! Elkeen moet ook dit wat God tans in hierdie tyd doen, in ooreenstemming met en soos belowe en gebeur in die plan van verlossing, aanvaar. Die aankondiging van die oordele en die vervolging, is vir elkeen wat dit verwerp: *"... die voorkoms van die aarde en die lug weet julle te beoordeel, maar hoe is dit dat julle hierdie tyd nie kan beoordeel nie?"* (Luk. 12:56).

Ek kan nie verberg wat God gedoen het nie. Die bediening wat Hy self daargestel het, moet tot algemene kennis gebring word, want dit het gebeur soos belowe is in die Woord van God. Ek moet as 'n dienskneg van die HERE getrou wees, en op my hoede wees om nie die mense te weerhou van wat God gedoen het nie. Niemand kan van my vereis dat ek dit met minagting laat verbygaan nie. Inteendeel, ek roep almal daartoe: "Gee aan God die eer! Gee Hom die reg!", want die Skrif is voor ons oë vervul. Dit gaan nou om die suiwer bybelse boodskap – voor die wederkoms van Christus, om die ewig-geldige Evangelie, wat na 2000 jaar vir die eerste keer weer in al sy volheid verkondig word. Ook om die uitroeping, voorbereiding en die volledige geestelike herstel en voltooiing van die bruid-gemeente.

'n Boodskapper is net die wegwyser, nie die weg self nie. Die boodskap van die Woord wys vir ons die weg, maar Jesus Christus *is* die Weg. Na die lees van hierdie boekie moet elkeen met sekerheid hul besluit neem. Wie hierdie weergawe verwerp, moet tog die geloofsoortuigings van andere verdra. Net so mag niemand – ook nie hulle wat ander as sektes afmaak – iemand wat afwyk van die tradisionele kerk-leerstellinge, sommerso as 'n ketter beskou nie. Van nou af weet ons wat met die term "dwaalleer" bedoel word, dit is in werklikheid 'n lering wat

misleidend is en nie in ooreenstemming met die Heilige Skrif is nie, en dit geld vir alle denominasies.

Met die publikasie van hierdie boekie koester ek die verwagting, dat God, soos in die Reformasie, oor alle godsdienstige en politieke grense, deur Sy Gees nou die finale deurbraak tot die vroeë Christendom verleen.

Trouens, ons is eintlik reeds in die oorgangsfase na die laaste bybelse herlewing. Dit is belangrik om nie nou die verbinding te mis nie. Want "wie te laat kom, word gestraf deur die lewe", en in hierdie geval, kan 'n versuiming onomkeerbare gevolge vir die ewigheid het. Wie wil hierdie risiko neem? O God, wees ons almal genadig en wys ons U weg. Amen!

## SLOTSOM

Geagte Lesers,

Dit was nie moontlik om in hierdie daarstelling dieper in die verskillende onderwerpe te gaan of om dit meer breedvoerig te behandel nie. Opsommend kan dit net gesê word dat die staatskerk, wat in die 4de - 5 de eeue ontstaan het, niks in gemeen het met die leringe en praktyke van die vroeë Gemeente nie. Gevolglik stem niks wat uit die Kerk van Rome na vore gekom het, of uit enige van die daaruitlopende staatskerke in alle lande en volkere, ooreen met die oorspronklike Christendom nie en kan dit dus ook nie outomaties die kerke van Jesus Christus wees nie. As hierdie bevinding pynlik is vir menige ‘n leser, dan kan die HERE, deur die kennis van die wil van God, die gevolglike hartseer, in vreugde verander, waarin ook versterking is. Dit kan nie langer onbetwisbaar aanvaar word, dat die ware leringe as vals en wat vals is as waar aangebied word nie.

Mense word in die georganiseerde kerke op tradisionele wyse gedoop en hou vol by hul voorskriftelike aanwysing oor die nagmaal, die »aannemings-seremonie«, die »laaste eerbetoon« of »Laaste Avondmaal«, altyd in die oortuiging dat hulle daardeur die saligheid verkry. Deur kerklike tradisies word dit in die onderskeie denominasie beoefen. Al hierdie dinge het niks te doen met God nie, want Hy het dit nie in Sy Woord verorden nie – dit is ver weg verwyder vanaf Christus en die saligheid wat Hy bring. Soos elke mens as "mensekind" deur die geboorte in hierdie lewe geplaas is, moet ‘n wedergeboorte plaasvind in die geestelike realm. Slegs daardeur kan ‘n mens 'n kind van God word, en die ewige lewe het. Die ware Gemeente van die lewende God is saamgestel uit al diegene wat Jesus Christus, ongeag van godsdienstige affiliasie, neem as hul persoonlike Saligmaker. Die heilservaring is dieselfde vir alle mense, ongeag ras, kleur of godsdienstige afkoms. God onderhandel ook nie met enige instelling nie, maar persoonlik met elke mens.

Nie een van die meer as driehonderd Christelike denominasies wat deel uitmaak van die ekumenisme, of enigiemand anders, kan die saligheid aan ‘n ander oordra nie. Inteendeel: Die blik op die Verlosser word verduister deur die werke van godsdienstige mense en daardeur is almal op hul eie vrome dade gerig. Deur godsdienstige aktiwiteite en tradisies, word die mense egter net afgesit.


'n Ware skriftuurlike verkondiging bewerk die verbinding van God met die mens en die mens met God. Slegs diegene wat God se Woord alleen laat geld en dit opneem, neem die goddelike op. Omdat die Woord vir ewig bly, sal almal wat dit ongemeng opneem, ook daardeur vir ewig bly.

Nadat ek die manuskrif gelees het en voordat ek dit aan die drukkers oorhandig het, het ek soos Paulus in IKorinthiërs 13 gesê "... ons ken ten dele ...". Mag God Sy volmaakte wil het met elkeen en lig werp vir die leser. Ek was ook herinner aan wat die koningin van Skeba gesê het, *"die helfte ... is my nie meegedeel nie"*. Die Bybel is van so ‘n aard dat wanneer ‘n mens klaar is met ‘n onderwerp, jy weer van voor af kan begin. Dit is ‘n lewende Woord en wanneer dit verlig word met die dieselfde Heilige Gees wat die skrywers daarvan geinspireer het, sal goddelike inspirasie vrylik vloei. Kyk asseblief oor enige grammatiese of ander tekortkominge. Baie dankie.

Mag hierdie daarlegging 'n seën is vir elke leser en die genade en vrede van God met u almal bly.

*******

# AAANHEGSEL I



Die lewende Pous met sy dooie Christus. Niemand het al ooit so ‘n prentjie van Petrus of Paulus gesien nie, ook nie een van die kerkvaders van die eerste eeue nie.

Die Pous beoefen wêreldmag uit as hoof van die Vatikaan staat en as hoof van die Rooms Katolieke Kerk, oefen hy geestelike mag uit.




Ondervind ons nie ‘n diepe bejammering met die aanskoue van sulke ikone nie? Mense val neer en soen die voete daarvan hartstogtelik.



Hierdie afbeeldinge is maar twee van die vele gruwellike “drie-eenheid” prentjies waarmee ‘n godslasterlike kultus beoefen word. Wat sê ú daarvan? Glo u dat sulke “drie-enigheid” die Enige God verteenwoordig? Sekerlik tog nie!

# AANHEGSEL II



Die verskeidenheid maniere waarmee die teoloë die "Drie-eenheid" voorstel. Heelbo, links word die gelykheid van die drie daargestel. Onder regs is Maria alreeds met die "Drie-eenheid". Sy was haar plek gegee op die troon na regs. (Herder, Lexicon für Theologie…)

## **Stel hierdie uitbeeldings een God of drie gode voor?**

# AANHEGSEL III




Die prentjie hierbo stel voor die Vader met die septer, die Seun met die kruis en die Heilige Gees wat soos 'n duif beweeg bo die twee.

Wat sien jy in hierdie fotos? Een God of drie gode?

Die drie persone hieronder is veronderstel om een God te maak. Hoe kan dit dan nou wees?






Hierdie driehoek is 'n geliefde simbool van die "Drie-eenheid" onder die Protestante. Hoe durf mense God so uitbeeld?

**God is nie drie-voudig nie, nog minder drie-gestaltig. Hy het homself aan ons voorgestel in die aangesig van Jesus Christus (2 Kor. 4:6).**

George J. Lacy
Examiner of Questioned Documents
Shell Building
Houston, Texas

January 29, 1950

# REPORT AND OPINION

Re: Questioned Negative

On January 28, 1950 at the request of Reverend Gordon Lindsay, who was representing Reverend William Branham of Jeffersonville, Indiana, I received from the Douglas Studios of 1610 Rusk Avenue in this city, a 4x5 inch exposed and developed photographic film. This film was purported to have been made by the Douglas Studios of Reverend William Branham at the Sam Houston Coliseum in this city, during his visit here the latter part of January, 1950.

## REQUEST

Reverend Lindsay requested that I make a scientific examination of the aforesaid negative. He requested that I determine, if possible, whether or not in my opinion the negative had been re-touched or "doctored" in any way, subsequent to the developing of the film, that would cause a streak of light to appear in the position of a halo above the head of Reverend Branham.

## EXAMINATION

A macroscopic and microscopic examination and study was made of the entire surface of both sides of the film, which was Eastman Kodak Safety Film. Both sides of the film were examined under filtered ultra-violet light and infra-red photographs were made of the film.



The microscopic examination failed to reveal retouching of the film at any place whatsoever by any of the processes used in commercial retouching. Also, the microscopic examination failed to reveal any disturbance of the emulsion in or around the light streak in question.

The ultra-violet light examination failed to reveal any foreign matter, or the result of any chemical reaction on either side of the negative, which might have caused the light streak, subsequent to the processing of the negative.

The infra-red photograph also failed to disclose anything that would indicate that any retouching had been done to the film.

The examination also failed to reveal anything that would indicate that the negative in question was a composite negative or a double exposed negative.

There was nothing found which would indicate that the light streak in question had been made during the process of development. Neither was there anything found which would indicate that it was not developed in a regular and recognized procedure. There was nothing found in the comparative densities of the highlights that was not in harmony.

## OPINION

Based upon the above described examination and study I am of the definite opinion that the negative submitted for examination, was not retouched nor was it a composite or double exposed negative.

Further, I am of the definite opinion that the light streak appearing above the head in a halo position was caused by light striking the negative.

Respectfully submitted,

G J Lacy

GJL/ll




William M. Branham

Hierdie foto, geneem op 24 Januarie 1950 in Houson, Texas, V.S.A., met die bonatuurlike ligstraal oor die man van God, is nie ‘n vervalsing of bedrog nie. Die getroue HERE het neergedaal en Sy teenwoordigheid bevestig in die byeenkoms onder beide die gelowiges en die ongelowiges.

***Salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het!***

Paulus het getuig: “Maar terwyl ek op reis was en naby Damaskus kom, het daar op die middag skielik ‘n groot lig uit die hemel my omstraal…” (Hand. 22: 6)

# DIE BYBELSE TYDS-INDELING




"... van ewigheid tot ewigheid is U God!" (Ps. 90:2)

**So spreek die Here: "... wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat My behaag, sal Ek doen." (Jes. 46:10)**